# 'n Gereformeerd-kerkregtelike beoordeling van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk

**Johannes Smit**
(B.A.; Th.B.)

Verhandeling voorgelê vir die gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Theologiae Magister in Kerkreg aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

**Studieleier:** Prof. dr. A. le R. du Plooy

Potchefstroom
Desember 2001

# BEDANKINGS

"Aan die enigste God, ons Verlosser deur Jesus Christus ons Here, aan Hom behoort die heerlikheid en die majesteit, die krag en die mag, van alle ewigheid af, ook nou tot in alle ewigheid" (Jud. 1:25). Aan Hóm wat hierdie studie moontlik gemaak het, die dank van my hart.

Dit was 'n voorreg om hierdie studie onder leiding van prof. A. le R. du Plooy te voltooi. Sy kennis en insig van die gereformeerde kerkreg; sy vermoë om 'n probleem en lyne vir moontlike oplossings helder te formuleer en te beredeneer, was onmisbaar.

Sonder my Pa, wat in die bediening staan en in die kerkreg gespesialiseer het, was hierdie studie nie moontlik nie. Vir die gesprekke, die wenke en die taalversorging; vir soveel meer – dankie Pa.

My ma se aanmoediging en haar geduld – haar vermoë om na 'n probleem, wat kraakvars uit die boeke opgespring het, te luister – was onmisbare ondersteuning.

Tydens prof. Wim van't Spijker se besoek aan Suid-Afrika het ek die voorreg gehad om na sy lesings te luister en om 'n persoonlike gesprek met hom oor my studie te voer. Vir sy insigte, wat gegrond is op 'n deurtastende kennis van die gereformeerde teologie, is ek baie dankbaar.

Vir die gesprekke met prof. Gerrit Pienaar en adv. Piet Myburgh is ek dankbaar. Dit het gehelp om gedagtes te vorm waaruit hierdie studie verder ontwikkel het.

Die biblioteekpersoneel, mev. M.A. Smit by die Teologiese Skool en die dames by die Ferdinand Postma-Biblioteek, baie dankie vir die vriendelike hulp.

Ek bedank graag vir mev. C. Postma vir die tegniese versorging van die verhandeling.

**Johannes Smit**

Potchefstroom
Desember 2001

# INHOUDSOPGAWE


BLADSY

**OPSOMMING** .......... vii

**ABSTRACT** .......... ix

**HOOFSTUK 1**

**ORIëNTERING** .......... 1

1.1 AKTUALITEIT .......... 1

1.2 PROBLEEMSTELLING .......... 2

1.3 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT .......... 3

1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE .......... 3

1.4.1 Oorkoepelende doelstelling .......... 3

1.4.2 Doelwitte .......... 4

1.5 METODE .......... 4

1.6 HOOFSTUKINDELING .......... 5

**HOOFSTUK 2**

**KERKREGTELIKE BEGRONDING VAN 'N PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK** .......... 6

2.1 INLEIDING .......... 6

2.2 HISTORIESE PERSPEKTIEF .......... 6

2.2.1 Vroeë Christelike kerk: 'n Skrifgebonde praktyk .......... 6

2.2.2 Roomse Kerk: beweging weg van die Skrif .......... 8

2.2.3 Die Reformasie: terug na die Skrif .......... 11

2.3 GEREFORMEERDE KERKBEGRIP: VERBINTENIS VAN 'N PREDIKANT AAN DIE PLAASLIKE KERK .............. 13
2.3.1 Plaaslike kerk .............. 13
2.3.2 Predikantsverbintenis aan die plaaslike kerk .............. 16
2.4 GEREFORMEERDE DIENSBEGRIP: 'N DIENS IN EN VIR DIE PLAASLIKE KERK .............. 17
2.4.1 Oorsprong en instelling van die predikantsdiens .............. 18
2.4.1.1 Oorsprong .............. 18
2.4.1.2 Instelling .............. 20
2.4.2 Funksionering van die predikantsdiens .............. 23
2.4.2.1 Charisma en diakonia .............. 23
2.4.2.2 Terwille van die plaaslike kerk .............. 25
2.5 GEREFORMEERDE ROEPINGSBEGRIP: WIE IS DIE "WERKGEWER" VAN DIE PREDIKANT? .............. 27
2.5.1 Roeping en geroepene .............. 28
2.5.2 Geroepene en die plaaslike kerk .............. 30
2.5.3 Geroepene en "Werkgewer" .............. 32
2.6 GEVOLGTREKKINGS .............. 33

**HOOFSTUK 3**

**AARD VAN DIE PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK** .............. 35
3.1 INLEIDING .............. 35
3.2 AARD VAN DIE PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK .............. 36
3.2.1 'n Eiesoortige verbintenis? .............. 36

3.2.2 'n Verbintenis binne die bevoegdheid van die plaaslike kerk ..... 38

3.2.3 'n Naam vir dié eiesoortige verbintenis ..... 40

3.3 ONTVOUING VAN DIE PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK ..... 41

3.3.1 Verbintenis tussen Christus en predikant ..... 41

3.3.2 Verbintenis tussen Christus en die plaaslike kerk ..... 44

3.3.3 Verbintenis tussen predikant en plaaslike kerk ..... 46

3.3.3.1 Beroeping van 'n predikant ..... 46

3.3.3.2 Predikant en die plaaslike kerk ..... 48

3.4 DIE AARD VAN 'N WERKGEWER-WERKNEMER VERBINTENIS ..... 50

3.4.1 Agtergrond ..... 50

3.4.2 Betekenis van 'n werkgewer-werknemer verhouding ..... 51

3.4.3 'n Gesagsverhouding ..... 52

3.4.4 Toetse vir 'n werkgewer-werknemer verhouding ..... 52

3.5 DIE AARD VAN DIE PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK TEENOOR Dié VAN DIE WERKGEWER-WERKNEMER VERHOUDING ..... 53

3.5.1 Probleemareas ..... 53

3.5.1.1 Die beroepsbrief ..... 53

3.5.1.2 Traktement van die predikant ..... 54

3.5.1.3 Diens soos dié van 'n soldaat ..... 56

3.5.1.4 Die verkondiging van die evangelie ..... 57

3.5.1.5 Voer die kerkraad gesag oor die predikant? ..... 58

3.5.2 Perspektief ..... 59

3.6 GEVOLGTREKKINGS ..... 62

## HOOFSTUK 4

**BEVOEGDHEID OM DIE PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK TE REëL** ........ 65

4.1 INLEIDING ........ 65

4.2 OMLYNING VAN KERKBEVOEGDHEID OOR KERKLIKE SAKE TEENOOR STAATSBEVOEGDHEID OOR STAATSAKE ........ 67

4.2.1 Prinsipieel: Romeine 13:1-7 ........ 67

4.2.2 Kerkbevoegdheid en staatsbevoegdheid: Twee ryke ........ 68

4.2.3 Gereformeerd-kerkregtelike omlyning ........ 71

4.3 BEOORDELING VAN DIE PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK DEUR DIE HOWE ........ 72

4.3.1 Die kerk as korporasie (universitas) ........ 72

4.3.2 Die kerk as vrywillige vereniging (*societas*) ........ 74

4.3.2.1 Agtergrond ........ 74

4.3.2.2 Regspraak ........ 76

4.4 GRONDSLAG VIR 'N BEOORDELING VAN DIE PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK DEUR DIE HOWE ........ 78

4.5 PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK: GELDIGHEID VAN DIE GEREFORMEERDE KERKORDE ........ 81

4.5.1 Skrif en kerkorde ........ 81

4.5.2 Belydenis en kerkorde ........ 83

4.6 KERKORDELIKE REëLING VAN DIE PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK: 'N BILLIKE REëLING? ........ 85

4.6.1 Inleiding ..... 85
4.6.2 Kerkorde artikel 3 ..... 86
4.6.2.1 Agtergrond ..... 86
4.6.2.2 Kerkregtelike beoordeling ..... 87
4.6.3 Kerkorde artikels 4 en 5 ..... 87
4.6.3.1 Agtergrond ..... 89
4.6.3.2 Kerkregtelike beoordeling ..... 89
4.6.4 Kerkorde artikel 7 ..... 89
4.6.4.1 Agtergrond ..... 90
4.6.4.2 Kerkregtelike beoordeling ..... 90
4.6.5 Kerkorde artikel 10 ..... 90
4.6.5.1 Agtergrond ..... 91
4.6.5.2 Kerkregtelike beoordeling ..... 91
4.6.6 Kerkorde artikel 11 ..... 91
4.6.6.1 Agtergrond ..... 92
4.6.6.2 Kerkregtelike beoordeling ..... 92
4.6.7 Kerkorde artikel 12 ..... 93
4.6.7.1 Agtergrond ..... 93
4.6.7.2 Kerkregtelike beoordeling ..... 94
4.6.8 Kerkorde artikels 16 en 23 ..... 94
4.6.8.1 Agtergrond ..... 95
4.6.8.2 Kerkregtelike beoordeling ..... 95
4.7 GEVOLGTREKKINGS ..... 96

## HOOFSTUK 5

BESLUIT .................................................. 98

SENTRALE BEVINDING .................................................. 102

SLOT .................................................. 103

BIBLIOGRAFIE .................................................. 104

# OPSOMMING

In die nuwe staatkundige bedeling sedert 1994 word dit al hoe duideliker dat die staatsowerheid die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk as 'n werkgewer-werknemer verhouding, waaroor die staat die reëlingsbevoegdheid het, beskryf. In die verlede is die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk deur die kerkregering gereël. Die sentrale probleemstelling wat hieruit voortvloei, is: Hoe kom die bestaande kerkregtelike praktyk ten opsigte van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk tot uitdrukking en het die kerk of die staat die bevoegdheid om dié verbintenis as 'n regsgeldige handeling te reël? Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die kerk die bevoegdheid het om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk, as 'n verbintenis met 'n eiesoortige aard, te reël.

In hoofstuk twee word die kerkregtelike begronding van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk nagevors. Dié hoofstuk kom tot die gevolgtrekking dat die predikant aan die plaaslike kerk, wat 'n andersoortige (*alius generis*) gemeenskap in die wêreld is, verbind is. In sy verbintenis aan die plaaslike kerk is die predikant nie 'n werknemer van die kerkraad nie, maar 'n gesant van Christus. Deur die roeping wat van Christus kom, is Christus self die "Werkgewer" van die predikant.

In hoofstuk drie word die aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk nagevors. Dié hoofstuk kom tot die gevolgtrekking dat die predikant op eiesoortige wyse (*sui generis*) aan die plaaslike kerk verbind is. Die arbeidswetgewing, wat ten doel het om 'n gesagsverhouding tussen verskillende partye te reël, is nie op die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk van toepassing nie. In sy verbintenis aan die plaaslike kerk vorm die predikant deel van die kerkraad, waarin die predikant en die ouderlinge se verhouding op gelykheid berus. Saam vervul die predikant en die ouderlinge 'n gemeenskaplike taak in die plaaslike kerk.

In hoofstuk vier word die bevoegdheidsvraagstuk ten opsigte van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk nagevors. Dié hoofstuk kom tot die gevolgtrekking dat die kerk en staat afsonderlike take in die samelewing het en dat die kerk die bevoegdheid het om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk, geldig en billik by wyse van die kerkorde, te reël.

In hoofstuk vyf word die besluit geformuleer dat die predikant aan 'n andersoortige gemeenskap in die samelewing op 'n eiesoortige wyse verbind is. Die studie maak die voorstel dat die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk deur die kerk gereël word en dat die staat die eiesoortige aard van dié verbintenis erken.

**SLEUTELTERME VIR INDEKSERING**

- Predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk
- Diens van die predikant
- Roeping van die predikant
- Gelykheid tussen die dienste
- Kerkbevoegdheid en staatsbevoegdheid
- Aard van die predikantsdiens
- Aristokraties-presbiteriale verbintenis
- Predikant en arbeidswetgewing
- Kerkregering en arbeidswetgewing

# ABSTRACT

In the new political dispensation since 1994 it becomes clear that the government describes the bond between the minister of religion and the local church as an employer-employee relationship, within the power of control by the state. Previously the minister's bond with the local church was regulated by the ecclesiastical government. This gives rise to the following main questions: How does the existing ecclesiastical practice concerning the mininster's bond with the local church realise and which of the church and state has the authority to regulate this bond as a lawful act? The central theoretical argument of this study is that the church has the authority to regulate the bond between the minister and the local church, which is a bond of autogenous nature.

In chapter two, the ecclesiastical foundation of the minister's bond with the local church is researched. This chapter concludes that the minister is attached to the local church, the latter being a different (*alius generis*) society in the world. In his bond to the local church, the minister is not an employee of the church council, but a legate of Christ. By the calling that comes from Christ, Christ Himself is the "Employer" of the minister.

In chapter three the nature of the minister's bond to the local church is researched. This chapter concludes that the minister is committed to the local church by autogenous way (*sui generis*). The labour legislation which is intended to regulate a relationship of authority between different parties does not apply to the minister's bond to the local church. In his bond to the local church the minister is part of the church council where the relation between the minister and the elders is based on equality. The minister and elders fulfill a joint task in the local church.

In chapter four the question of competence concerning the minister's bond to the local church is explored. This chapter concludes that the church and state has different tasks in society and that the church

has the authority to regulate the minister's bond to the local church - valid and just by means of the church order.

In chapter five the conclusion is formulated that the minster is committed to a different community in society in a distinctive way. This study suggests that the minister's bond to the local church should be regulated by the church and that the state should recognize the autogenous nature of such bond.

# HOOFSTUK 1

## ORIëNTERING

### 1.1 AKTUALITEIT

Die verbintenis van predikante aan plaaslike kerke[1] het in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) binne die nuwe staatkundige bedeling sedert 1994 onder die soeklig gekom. In die nuwe staatkundige bedeling word dit al hoe duideliker dat die regsprekende gesag van die staatsowerheid die verbintenis van 'n predikant aan 'n plaaslike kerk as 'n werkgewer-werknemer verhouding omskryf:

> 'n Predikant van die Nederduitse-Gereformeerde Kerk is dus die werknemer van die gemeente waarin hy of sy diens doen en voor Oktober 1998 het so 'n predikant ook nog sekondêre werkgewers gehad, dit wil sê, die betrokke ring en die betrokke sinode (tot 'n mindere mate) (*Schreuder vs Nederduitse-Gereformeerde Kerk Wilgespruit & others* 1999 20 ILJ 1936 op 1942).

Deur hierdie uitspraak kom predikante se verbintenis aan plaaslike kerke opnuut in die kerkregtelike ondersoekveld tereg. Hierdie uitspraak bring die kerk se bevoegdheid om op grond van Skrifbeginsels die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk in te klee in die gedrang. Die uitspraak hou in dat die arbeidsreg en die tersaaklike arbeidswetgewing die norm word waarvolgens alle aspekte van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk gereël moet word (sien KO art. 11; vgl. Kerkorde, bepalinge en reglemente van die NGK in Suid-Afrika art. 12; vgl. KO van die NHK ordinasie 2 e.v.) Hierdeur verkry die staat deur middel van sy wetgewing bevoegdheid oor kerklike sake waaroor die kerke in die verlede alleenseggenskap uitgeoefen het. Pertinente vrae word deur die uitspraak in die *Schreuder*-saak na vore gebring, waaruit 'n

---

1 Die begrippe plaaslike kerk en gemeente word in hierdie studie uitruilbaar gebruik (kyk Du Plooy, 1979:12; 22 e.v.).

toenemende spanning in die kerk-staat verhouding waarneembaar word (vgl. Vorster, 1999:1, 2, 128; Coertzen, 2000:1-10; Scholtz, 2000:1, 2):

- Op watter kerkregtelike beginsels rus die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk wat aan dié verbintenis geldigheid verleen?
- Het die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk 'n ander aard as die van 'n werkgewer-werknemer verhouding?
- Watter instansie het die bevoegdheid om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël?

In die lig van die arbeidswetgewing en die hof se toepassing daarvan op die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk, beklemtoon die genoemde vrae die aktualiteit van die reëling van hierdie verbintenis.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Histories is die verbintenis van die predikant aan 'n plaaslike kerk in die GKSA deur die fyn gestruktureerde bedrading van die Gereformeerde kerkreg in die kerkregering van die GKSA kerkordelik gereël (KO artt. 2-18; Du Plooy, 1998:9; vgl. Pienaar, 1986:38). Die nuwe staatkundige bedeling sedert 1994 maak dit vir die GKSA noodsaaklik om bestek op te neem van hierdie fyn gestruktureerde bedrading van die Gereformeerde kerkreg. Daar moet opnuut vasgestel word of die kerkordelike reëlings, waarvolgens die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk kerkregtelik bepaal word, op grond van 'n Skriftuurlike basis billik en geldig is. Ook moet vasgestel word of die kerklike reëling van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk deur die staat geldig geag behoort te word.

Derhalwe word as sentrale probleemstelling die volgende nagevors:

> *Hoe kom die bestaande kerkregtelike praktyk ten opsigte van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk in die*

*GKSA tot uitdrukking en het die kerk of die staat die bevoegdheid om dié verbintenis as 'n regsgeldige handeling te reël?*

Hierdie sentale probleemstelling ontplooi in die volgende navorsingsvrae:

- Hoe is die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk kerkregtelik begrond?
- Verleen die kerkregtelike begronding van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk 'n 'ander aard' aan dié verbintenis as dié van 'n werkgewer-werknemer verhouding? Indien wel, wat hou die "ander aard" van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk in?
- Het die kerk of die staatsowerheid die bevoegdheid om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël?

## 1.3 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die kerk die bevoegdheid het om die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk, as 'n verbintenis met 'n eiesoortige aard, te reël. Die kerkregtelike begronding van hierdie verbintenis behoort regsgeldigheid daaraan te verleen op grond daarvan dat die staat die regsgeldigheid van die gereformeerde kerkregering behoort te erken.

## 1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 1.4.1 Oorkoepelende doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om aan te toon dat die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk geldig en billik deur die gereformeerde kerkregering gereël word en dat dié verbintenis as 'n kerklike saak onder die bevoegdheid van die kerk val.

### 1.4.2 Doelwitte

Hierdie studie ontplooi in dié spesifieke doelwitte:

- Om aan te toon hoe die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk kerkregtelik begrond word.
- Om aan te toon dat die kerkregtelike begronding van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk 'n ander aard aan dié verbintenis gee as dié van 'n werkgewer-werknemer verhouding.
- Om aan te toon dat die kerk die bevoegdheid het om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël.

## 1.5 METODE

In dié gereformeerd-kerkregtelike beoordeling van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk word die Heilige Skrif as Woord van God én Christus as die Regeerder van sy kerk aanvaar (NGB artt. 3, 5, 7; 29-31; vgl. Van Rooy, 2001:45 e.v.; Kaiser & Silva, 1994:63, 64; Coetzee, 1988:19-38). Daar word van die volgende metodes gebruik gemaak:

- Om aan te toon hoe die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk kerkregtelik begrond word, word 'n literatuurstudie van kerkregtelik-prinsipiële en kerkregtelik-historiese literatuur by wyse van analise en beoordeling gedoen, waarvoor die Nuwe Testamentiese gegewens as die grondbeginsels dien (Bavinck, 1930:309 e.v.; Spoelstra, 1989; Visser, 1999; Kruger, e.a.: 1966; Jansen, 1952; Smit, 1995:395-412).
- Om aan te toon dat die kerkregtelike begronding van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk 'n ander aard aan dié verbintenis gee as dié van 'n werkgewer-werknemer verhouding, word 'n literatuurstudie van kerkregtelik-prinsipiële en kerkregtelik-historiese literatuur by wyse van analise en beoordeling gedoen, waarvoor die Nuwe Testamentiese

gegewens as die grondbeginsels dien (Bavinck, 1930:371; Van Ruler, 1952:50, 51).

- Om aan te toon dat die kerk die bevoegdheid het om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël, word 'n literatuurstudie van kerkregtelik-prinsipiële en kerkregtelik-historiese literatuur by wyse van analise en beoordeling gedoen, waarvoor die Nuwe Testamentiese gegewens as die grondbeginsels dien (Kerkordeboekie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1998; Smit, 1995:395-412; *Venter en anderen vs Den Kerkeraad der Gereformeerde Kerk te Bethulie* 1879 OVS 4 op 6; Pienaar, 1986:1 e.v.).

## 1.6 HOOFSTUKINDELING

Uit die probleemstelling (kyk 1.2), die oorkoepelende doelstelling (kyk 3.1) en uit die doelwitte (kyk 3.2) wat vir hierdie studie gestel word, ontplooi die verdere hoofstukindeling:

- **Hoofstuk 2**

  Kerkregtelike begronding van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk

- **Hoofstuk 3**

  Aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk

- **Hoofstuk 4**

  Bevoegdheid om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël

- **Hoofstuk 5**

  Besluit

# HOOFSTUK 2

## KERKREGTELIKE BEGRONDING VAN 'N PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK

### 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die kerkregtelike begronding van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk nagevors. Die klem val op die Skrifgefundeerde uitgangspunte van die Calvinisties-reformatoriese tradisie ten opsigte van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk. Hierby word die historiese ontwikkeling van dié verbintenis voor die reformasie in berekening gebring. As navorsingsvraag vir hierdie hoofstuk word die probleemstelling soos volg geformuleer:

> *Hoe is die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk kerkregtelik begrond?*

In hierdie hoofstuk word die volgende vrae nagevors:

- Watter perspektief bied 'n historiese oorsig op die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk?
- Watter perspektief bied die gereformeerde kerkbegrip op die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk?
- Watter perspektief bied die gereformeerde diensbegrip op die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk?
- Wat is die betekenis van die gereformeerde roepingsbegrip vir die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk?

### 2.2 HISTORIESE PERSPEKTIEF

#### 2.2.1 Vroeë Christelike kerk: 'n Skrifgebonde praktyk

In die vroeë Christelike kerk (vir ongeveer die eerste eeu na Christus) is die predikant aan die plaaslike kerk verbind. Hierdie

verbintenis is volgens die instelling van die apostels gereël. Uit 1 Korintiërs 12:28 blyk byvoorbeeld dat die gawes wat Christus gee *in* die kerk gegee is:

> *kai ous men etheto o Theos* ***en te ekklesia*** *proton apostoulos ...*(*my beklemtoning – J.S.*)

Die kerk (*ekklésia*) dui hier op die plaaslike kerk soos dit op 'n spesifieke plek onder leiding van die besondere dienste geïnstitueer is (Du Plooy, 1986:4, 5). Die verskillende gawes is *in* die plaaslike kerk kerk gegee waar dit op die opbou van die ligaaam van Christus gerig word (vgl. Du Plooy, 1979:60, 61).

Lukas (Hand. 14:23) wys daarop dat Paulus en Barnabas, orals waar hulle gekom het, *presbiters* in plaaslike kerke aangestel het. Die term *presbiter* en *episkopos* word sinoniem vir die diens van ouderling, waaronder ook die predikant as ouderling, in die Nuwe Testament gebruik. Hiervolgens is die predikant as een van die *presbiteroi* of *episkopoi* aan die plaaslike kerk verbind (vgl. Venter, 1988:98, 99).

Ook uit Efesiërs 4:11, 12 blyk dat die herders en leraars aan die plaaslike kerk as die liggaam van Christus verbind was:

> En dit is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.

Dié een wat tot die diens van die Woord geroep is, was dwarsdeur die vroeë Christelike kerk as gesant van die gemeente van Godsweë aan die plaaslike kerk verbind:

> ... dat onder de opzieners slechts één enkele met den dienst des Woord is belast ... *de gezant der gemeente, die van Godswege tot haar gezonden*, haar te leeren en te leiden heeft, en voor haar geestelijken en zedelijken toestand verantwoordelijk is (*my beklemtoning – J.S*; Bavinck, 1899:16, 17; Sillevis Smitt, 1910:192).

Küng (1967:506, 524) wys daarop dat die bedienaars van die Woord sonder twyfel in die vroeë Christelike kerk aan die plaaslike kerke verbind was. Verskeie navorsers kom tot dieselfde konklusie, dat die opdrag aan die predikant om die Woord te bedien en om die kerkregering toe te pas aan bedienaars in hulle verbintenis aan die plaaslike kerk toevertrou is (1 Kor. 9:6, 11, 14; 2 Kor. 11:7-9; Gal. 6:6; 1 Tes. 2:6; 1 Tim. 5:17, 18; 2 Tim. 2:6; kyk Rom. 15:27; vgl. Bavinck, 1930: 325, 326; Keet, 1963:53; Van Dalen, 1946:10, 11; Du Plooy, 1979:53). Ook Bouwman (1970(I):146) handhaaf die siening dat die plaaslike kerk onder leiding van 'n eie raad en later met 'n eie biskop (predikant) gefunksioneer het (vgl. Bakhuizen van den Brink, 1965:30, punt c).

**Samevattend:** In die vroeë Christelike kerk word die bedienaar van die Woord, volgens die instelling van die apostels, aan die plaaslike kerk verbind. Hierdie instelling word as 'n beginsel in die vroeë Christelike kerk gehandhaaf.

### 2.2.2 Roomse Kerk: beweging weg van die Skrif

Die monargiese episkopaat, dit wil sê die uitoefening van absolute koninklike gesag deur die biskop, ontwikkel in die tweede en derde eeu (Van der Linde, 1980/81:48). Hierdie ontwikkeling vind sy oorsprong waar nuutgestigte plaaslike kerke onder beskerming van die stedelike kerke gevoeg is. So ontwikkel 'n gesentraliseerde kerksisteem, bestaande uit moeder- en dogterkerke, waarin die *episkopos* in die stad die gesag oor die *episkopoi*, wat aan plaaslike kerke in die platteland verbind was, verkry:

> The chief pastor of a town became the director and overseer of a whole area, the old episkopos of a church became a bishop in the modern sense (Küng, 1967:521; vgl. Bakhuizen van den Brink, 1965:103).

Uit die moeder- en dogterkerk ontwikkeling ontstaan die gedagte dat die priester en biskop aan 'n hoër gesag verbind is, naamlik die *episkopos* in die stad aan wie hulle verantwoording moet doen. Hierdie ontwikkeling verteenwoordig 'n beweging weg van die Nuwe

Testamentiese beginsel van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk. As voorbeeld dien die "moeder-stede" van die Christendom, Alexandrië, Antiochië en Rome, veral Rome, wie se biskoppe graag oor die biskoppe van kleiner dorpe heerskappy wou voer (Bouwman, 1970(I):146, 147).

Die primaatskap van Rome ontwikkel vanuit die kerk se interpretasie van Matteus 16:18. Hiervolgens het Petrus, stigter van die kerk in Rome, die sleutelmag ontvang én is Petrus die rots waarop die kerk gebou word. As gevolg van hierdie primaatskap is die ondergeskikte biskoppe en priesters eerder aan die Roomse biskop verbind as aan die plaaslike kerk. Later het die Roomse biskop as pous hom die bevoegdheid toegeëien om biskoppe en priesters by spesifieke plaaslike kerke te plaas. Derhalwe word die plaaslike kerk sy beroepingsbevoegdheid ontneem. Die biskoppe van Egipte kla hulle Alexandrynse ampsgenote byvoorbeeld nie by die plaaslike kerk, waaraan hulle verbonde is oor dwaalleer aan nie, maar by die kerk in Rome (Bouwman, 1970(I):147, 148).

Tydens die regering van Theodosius II (434 n.C.) ontvang die kerk die reg as erfgenaam van die eiendom van monikke en clerici wat sonder 'n testament sterf. Dit dra by tot die onvoorstelbare rykdom van die kerk. Die gevolg hiervan is dat die biskop die kerklike finansies van plaaslike kerke hanteer. Priesters en biskoppe wat aan die plaaslike kerk verbonde is, word nie meer deur die plaaslike kerk versorg nie, maar deur die kerk as die universele heilsinstituut (Bouwman, 1970(I):155).

Die voltooiing van die pouslike mag in ongeveer 858 n.C. het 'n direkte invloed op die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk gehad. Volgens Nicolaas I is die pous die onbeperkte heerser oor die kerk onder wie se toesig die ander kerklike ampte funksioneer. Hoewel politieke omstandighede die opperheerskappy van die pous teengewerk het, het hierdie gedagte gereeld op die voorgrond getree. Teen die veertiende eeu is die kerklike lewe heeltemal deur die Roomse hiërargie, wat 'n verskeidenheid klasse in die kerk onderskei het, beheer (kyk Bouwman, 1970(I):169, 177-178).

Hieruit ontwikkel die Roomse beskouing oor die priester se verbintenis aan die kerk as die sigbare heilsinstituut in die wêreld. Die pous staan aan die hoof van die kerk op grond daarvan dat hy die sigbare verteenwoordiger van Christus op aarde is (Mörsdorf, 1964:343). Vir die Roomse Kerk is die pous die waarborg van kerklike eenheid, universialiteit en voortbestaan. Ook die kerklike diens setel in die pous en trek in die pous saam. As opvolger van Petrus is die pous die opperherder onder die herders. Deur sowel die universele episkopaat as die leeramptelike onfeilbaarheid aan die pous toe te ken, is die pous Christus se "stedehouer" op aarde. So is die biskop en priester weer verteenwoordigers van die pous op 'n bepaalde plek in die kerk (Smit, 1985:20).

Die kerk is slegs op die plek waar die priester as pouslike gesant optree, aangesien die priester in die sakrale dienswyding deel: *ubi papi ibi ecclesia*. Augustinus skryf hieroor:

> *Utrumque sacramentum est et quadam consecratione utrumque, homini datur, illud cum baptizatur, istud cum ordinatur* (Bouwman, 1970(I):156 voetnoot 4).

Hieruit blyk dat die diens in die kerk 'n sakramentele karakter, gelyk aan die doop verkry. Sodoende verkry die diens in die kerk 'n onvernietigbare karakter. Deur die *character indelebilis*, die onvernietigbare karakter van die diens, is die priester lewenslank in diens van die kerk as verteenwoordiger van die pous (vgl. Küng, 1967:526) aan wie die priester verantwoording moet doen (vgl. Bouwman, 1970(I):409). Hieruit blyk dat die priester op grond van die *character indelebilis* van die diens, nie aan die plaaslike kerk verbind is nie, maar aan die kerk as die heilsinstituut. Die priester se diens word losgemaak van sy primêre verbintenis aan die plaaslike kerk, deurdat die plaaslike kerk sy bevoegdheid oor die beroeping en die dienswerk van die priester verloor het. Die amp word as 'n "*geobjektiveerde, selfstandige instelling* in die kerk ..." vervaag tot 'n verteenwoordiging van die pous (*my kursivisering - J.S*; Smit, 1985:22; vgl. Trimp, 1982:46).

**Samevattend:** Vanaf die tweede eeu ontwikkel die gedagte dat die priester in die platteland aan die *episkopos* as toesighouer

verantwoording moet doen. Hieruit ontwikkel die Roomse beskouing dat die pous die verteenwoordiger van Christus op aarde is en dat die priester en biskop verteenwoordigers van die pous is. Die Roomse kerk ken aan die pous die universele episkopaat en amptelike onfeilbaarheid toe. Hierdeur word die priester en die biskop aan die kerk as heilsinstituut op aarde verbind waarin die pous, as "stedehouer" van Christus op aarde, die bevoegdheid ontvang om bedienaars van die Woord in plaaslike kerke aan te stel. Hieruit word dit duidelik dat daar wegbeweeg is van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk. Die predikant is aan die kerk as die heilsinstituut verbind terwyl die pous die bevoegdheid ontvang het om biskoppe en priesters by plaaslike kerke aan te stel.

### 2.2.3 Die Reformasie: terug na die Skrif

Bucer (Van't Spijker, 1970:437, 438) se eksegetiese begronding vir die verbin-ding van *charisma* (gawe) en *diakonia* (diens) is deurslaggewend vir die reformasie se terugkeer na die Skrifgefundeerde beskouing ten opsigte van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk (kyk ook 2.4.2). Bucer (ibid, 1970:347, 349) stel die Skrifbeginsel dat die diens 'n instelling van Christus én 'n geestesgawe is waarop die fondament vir die *ministerium ecclesiae* (algemene bediening) rus:

> Ministerium fuit a Christo institutum; dit geld niet maar in het algemeen, doch van iedere plaatselijke gemeente, waarin de sleutelmacht functioneert" (Van't Spijker, 1970:349).

Volgens Bucer (Van't Spijker, 1970:349) kom die diens uit die plaaslike kerk na vore; anders gesê, die diens is in die plaaslike kerk gesetel (1 Kor 12:28). Soos die *ministerium ecclesiae* is ook die spesifieke diens van die *minister ecclesiae* op 'n organiese wyse *in* die plaaslike kerk gestel (vgl. Du Toit, 1906:2).

Bucer se uitgangspunt, dat 'n suiwer kerkbeskouing bepalend is vir 'n suiwer diensbeskouing, is deur Calvyn nagevolg. Ook Calvyn begrond die dienste se "betrekking met en bediening in die kerk" vanuit sy kerkbeskouing (Brown, 1988:154). In die Calvinistiese

tradisie, waarin die Skrif as uitgangspunt geneem word, is dit 'n Skrifgegewe dat die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk volgens die apostoliese instelling gereël moet word (Sillevis Smitt, 1910:201). Slegs deur roeping is die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk, soos in die tyd van die apostels, moontlik. Volgens sy instelling roep God mense tot die verkondiging van die Woord en die regering van die kerk op 'n bepaalde plek (Brown, 1988:154).

Die roeping bied vir Calvyn die basis vir die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk. Hierdie roeping is van God, maar geskied middelik deur die gemeente (vgl. Van't Spijker, 1987:368). Sonder die roeping van God is 'n wettige beroeping deur die plaaslike kerk, wat instrumenteel in God se hand optree, nie moontlik nie. Deur die direkte roeping van God en die *middellike* roeping van die plaaslike kerk word 'n predikant aan die gemeente verbind (vgl. Spoelstra, 1989:42).

Die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk word deur die reformasie ingeklee vanuit die Skrif as *norma normans* (normerende norm) en die belydenis as *norma normata* (genormeerde norm) (Pont, 1981:239-243). Hieruit blyk die reformatoriese beginsel, *sola scriptura* (alleen die Skrif), as dwingende maatstaf vir die reëling van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk. Hierin word die predikant deurlopend aan die plaaslike kerk verbind waarin hy die gesag van Christus moet bedien (kyk NGB artt. 27, 29, 31, 32; Goumaz, 1964:16; vgl. Rieker, 1899:95; Bohatec, 1937:383).

**Samevattend:** Die eksegetiese verbinding tussen *charisma* en *diakonia* dien as die Skrifgefundeerde vertrekpunt vir die herstel van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk. In navolging van Bucer handhaaf Calvyn die siening dat 'n suiwer kerkbeskouing bepalend is vir 'n suiwer diensbeskouing. Calvyn beklemtoon die belang van roeping om in die plaaslike kerk te kan dien. Op grond van die reformasie se Skrifbeskouing word die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk en derhalwe die bevoegdheid van die plaaslike kerk herstel.

## 2.3 GEREFORMEERDE KERKBEGRIP: VERBINTENIS VAN 'N PREDIKANT AAN DIE PLAASLIKE KERK

### 2.3.1 Plaaslike kerk

Twee beklemtonings in die reformatoriese tradisie wat die eiesoortige plek van die plaaslike kerk as 'n Skrifbeginsel in die kerkregering beklemtoon, is die kongregasionalistiese- en die presbiteriale kerkregeringstelsels. Aan beide word kortliks aandag gegee.

Die *kongregasionalistiese kerkregeringstelsel* handhaaf die uitgangspunt dat die plaaslike kerk (*congregation*) 'n vrywillige vereniging is wat sy ontstaan vind in die vrywilllige saamkom van individue (vgl. Kuyper, 1883:49). In wese is die kongregasionalisme 'n independentistiese kerkregeringstelsel wat die wesens-kenmerk van die sigbare kerk in die totstandkoming van verskillende *congregations* sien (Horton, 1952:79). Histories is die diens van die predikant alleen in die *congregation* erken. Aangesien die blywende karakter van die predikantsamp tans erken word, geniet die predikant ook erkenning buite die *congregation* (Walker, 1893:143). Laasgenoemde hef nie die predikant se verbintenis aan die *congregation* op nie. Die predikant bly aan die *congregation* verbind vanweë die toespitsing van sy bediening.

Die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk word in die kongregasionalistiese beskouing op die idee van volksoewereiniteit gefundeer. Derhalwe funksioneer die demokratiese uitgangspunt sentraal in die kongregasionalistiese beskouing ten opsigte van die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk (Spoelstra, 1989:13; vgl. Biesterveld & Kuyper, 1905:xiii). Vanweë 'n oorwaardering van die demokratiese uitgangspunt in die plaaslike kerk, word die predikant in die kongregasionalisme eintlik 'n funksionaris van die *congregation*.

Die *presbiteriale kerkregeringstelsel* beklemtoon die andersoortige (*alius generis*) karakter van die plaaslike kerk as die sigbare vergestalting van die *ecclesia universalis* (Du Plooy, 1979:13 e.v.,

24; Coetzee, 1965:282 e.v.; vgl. Grosheide, 1957:335). Die universele kerk vind in die plaaslike kerk uitdrukking:

> Die één 'apostoliese kerk' kan alleen saamkom en saamleef in plaaslike verband (Snyman, 1977:35, 78 e.v.; Van Wyk, 1968:13; Kruger e.a. 1966:75; Hovius, 1972:14; Rom. 16:4; 16; 1 Kor. 11:16; 14:33; 2 Kor. 8:18; 11:8; 12:12; Gal. 1:2, 22; 1 Tess. 2:4).

As komplete uitdrukking en sigbare vergestalting van die *ecclesia universalis* vorm die *ecclesia particularis* nie 'n genootskap van kerke in die wêreld nie, maar die *ecclesia universalis* kom in die *ecclesia particularis* by wyse van die komplete plaaslike kerk tot uitdrukking (Smit, 1988:133). Die Skrif praat telkens van die komplete kerk van Efese, die kerk van Antiochië, die kerk van Korinte, Philadelphia, Smirna, Thiatire, en so meer (vgl. Rom. 16:4, 16; 1 Kor. 11:16; 14:33; 2 Kor. 8:18; 11:8; 12:12; Gal. 1:2; 22; 1 Tess. 2:14; vgl. Bouwman, 1970(II):10 e.v.). Die plaaslike kerk behoort dus nie tot die kerk nie, maar is die kerk (Smit, 1988:133, 134; kyk Du Plooy, 1979:23 e.v.).

Die andersoortige aard (*alius generis*) van die plaaslike kerk vind uitdrukking in die beelde wat vir die kerk gebruik word. Geen ander samelewingsverband word in dieselfde terme as die kerk beskryf nie. Die kerk is die volk van God; die liggaam van Christus; die tempel van die Heilige Gees; die bruid van Christus; die gebou van God en die kudde van God met Christus as die Ware Herder (Du Plooy, 2001:38, 39; vgl. Van't Spijker, 1990(a):138 e.v.).

Die karakter van die plaaslike kerk as 'n gemeenskap *alius generis* (van 'n ander soort), kom verder daarin tot uitdrukking dat plaaslike kerke in kerkverband naas mekaar bestaan (Spoelstra, 1977(a):58). Kerkverband impliseer nie die inkompleetheid of die onmondigheid van plaaslike kerke nie, maar die getroue uitlewing van die wesentlike aard van die kerk in verband met ander kerke. In die uitlewing van kerke se onderlinge verbondenheid staan selfstandige plaaslike kerke mekaar by en kom die kerklike eenheid tot uitdrukking (Du Plooy, 1982:413). Binne die kerkverband is die predikant steeds aan die plaaslike kerk, van wie die wettige

beroeping uitgaan, verbind (vgl. Calvyn, 1991:4.3.14). Kerkverband is:

> 'n manier van bestaan en lewe wat wesentlik eie aan die kerk is, sodat elke gelowige altyd kan weet en ervaar dat hy werklik deel van die een (universele) liggaam van Christus is wat in hierdie wêreld bestaan (Du Plooy, 1982:139).

Deur sy verbintenis aan die plaaslike kerk is die predikant vanweë kerkverband wel ook aan die *ecclesia universalis* verbind. Dit hou in dat die predikant verbind is aan die liggaam van Christus wat oor die grense van tyd en plek strek (kyk Smit, 1988:126-128; Matt. 16:18; Apostoliese Geloofsbelydenis; Calvyn, 1991:4.1.2; Snyman, 1977:30; vgl. Van der Walt, 1976:37-40).

Derhalwe is die predikant in sy verbintenis aan die plaaslike kerk aan 'n andersoortige (*alius generis*) gemeenskap verbind:

> [Die kerk is] 'n unieke gemeenskap; totaal anders as enige ander menslike samelewingsverband. Daar is net één ware kerk, die liggaam van die Here Jesus Christus waarvan Hy die Hoof is (KO-boekie, 1980:7; kyk Snyman, 1977:36).

**Samevattend:** In die kongregasionalistiese beskouing van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk word die predikant tot 'n orgaan van die *congregation* gestel. Die predikant word demokraties uit en deur die plaaslike kerk beroep, en is daarom eerstens aan die plaaslike kerk verantwoording verskuldig. In die presbiteriale kerkregering word die predikant eweneens aan die plaaslike kerk verbind, maar vanweë ander uitgangspunte. Die presbiteriale kerkregering beklemtoon die plaaslike kerk as komplete en selfstandige uitdrukking van die universele kerk (dieselfde liggaam van Christus in sy universele verskyning), wat 'n andersoortige gemeenskap (*alius generis*) ten opsigte van enige ander samelewingsverband in die wêreld vorm. 'n Predikant is vanweë sy roeping in die *ekklésia* aan die plaaslike kerk as "universele kerk ter plaatse" verbind (vgl. Van't Spijker, 2001(c)).

### 2.3.2 Predikantsverbintenis aan die plaaslike kerk

Die besondersheid van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk is daarin geleë dat God die kerk deur sy Woord en Gees, vanweë die besondere diens van die predikant – op grond van sy Woord en Gees – wil regeer. God self roep die predikant wat Hy in die plaaslike kerk stel (vgl. Jooste, 1951(II):11). Deur die roeping van die predikant gebruik God die diens van sy Geesvervulde dienaar tot opbou en vorming van die gemeente.

Van't Spijker (2001(a):1) verduidelik die beginsel van roeping soos volg: Alle gelowiges is op grond van hulle priesterskap geroepenes van God. Dié roeping is omvattend. In alles wat 'n gelowige aanpak, moet hy/sy die eer van God voor oë hou. In die verheerliking van God vind die roeping uitdrukking. Tog moet onderskei word tussen roeping in die *corpus Christi* en die *corpus christianum* (vgl. Du Plooy, 1991:106). Met die *corpus Christi* het Calvyn op die voetspoor van Augustinus die ware gemeenskap van die heiliges bedoel, wat in die sigbare gemeenskap van die kerk funksioneer (Richel, 1942:63 e.v.). Die onderskeid tussen die *corpus Christi* en die *corpus christianum* kom daarin tot uitdrukking dat laasgenoemde die groot sigbare gemeenskap is wat volgens middeleeuse beskouing as 'n amorfe eenheid teen nie-Christene gefunksioneer het (vgl. Grosheide & Van Itterzon, 1956:583).

In die *corpus Christi* word onderskei tussen die innerlike en die uiterlike roeping. Die predikant staan in die besondere diens en funksioneer in 'n eie gemeenskap met 'n volkome eie aard. In hierdie opset bevestig die uiterlike roeping die innerlike. Die besondere roeping kom van God, Hy lê die roeping op. Hierdie opdrag kom van Christus self as die regeerder van sy kerk. Die predikant is derhalwe aan die *corpus Christi* verbind, en nie aan die *corpus christianum* nie. Hierdie verbintenis hou in dat die predikant in sy amptelike hoedanigheid onder die bevoegdheid van die plaaslike kerk optree (Van't Spijker, 2001(a):2).

**Samevattend:** Die aard van die *ekklésia*, as volledige verskyningsvorm van die liggaam van Christus, vereis dat 'n predikant aan die plaaslike kerk verbind word. Dié verbintenis word

bepaal deur die roeping wat van die Here kom en vind eerder uitdrukking in 'n hartsgebondenheid as in die formele sy van 'n kontrak. Verder word die predikant aan 'n plaaslike kerk binne die kerkverband verbind. Ten diepste is die predikant, kragtens sy roeping, 'n dienskneg van Christus. Die kerkraad hou toesig oor hierdie verbintenis as 'n instrument in die hand van die Here. Binne hierdie onvolmaate werklikheid is die predikant noodsaaklik vir die bestaan van die plaaslike kerk, omdat die gelowiges slegs deur die verkondiging van die Woord opgebou word.

## 2.4 GEREFORMEERDE DIENSBEGRIP: 'N DIENS IN EN VIR DIE PLAASLIKE KERK

Die kerkorde gebruik die begrippe *officium* (diensvaardigheid; KO artt. 16, 23, 25), *functio* (taak; KO art. 2), *ministerium* (bediening) en *munus* (opdrag; KO art. 18) om die diens van die predikant aan te dui. Hierin kom sowel die amptelike karakter as die inhoud van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk tot uitdrukking. Hy word amptelik (*officium*) met 'n bepaalde taak (*functio*) van diens (*ministerium*) belas (*munus*). Die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk bied nie aan hom 'n statusposisie nie. Hy is 'n dienaar in en vir die gemeente (vgl. Visser, 1999:3).

Die moontlikheid bestaan dat die term "amp" wat op die bekleding van 'n openbare betrekking of beroep dui, misverstand oor die predikant in sy verbintenis aan die plaaslike kerk kan veroorsaak (Spoelstra, 1989:28, 29; vgl. HAT 1994:42). Aangesien die Griekse term *diakonia* sonder misverstand uitdrukking vind in die Afrikaanse term *diens*, is dit verkieslik om eerder na die *diens* van die predikant in sy verbintenis aan die plaaslike kerk te verwys as na die "amp" van die predikant (Visser, 1999:4; Van der Linde, 1980:25, 27).

### 2.4.1 Oorsprong en instelling van die predikantsdiens

#### 2.4.1.1 Oorsprong

Twee beklemtonings in die reformatoriese tradisie wat die oorsprong van die diens van die predikant verskillend beklemtoon, kom enersyds in die standpunte van A. Kuyper en H.H. Kuyper en andersyds in die gereformeerde kerkregering na vore. Aan beide word kortliks aandag gegee.

Beide *A. Kuyper en H.H. Kuyper* is van mening dat die predikantsdiens sy oorsprong in die amp van die gelowige het en dat dit derhalwe as 'n orgaan van die gemeente funksioneer. Volgens hierdie opvatting ontvang die gemeente oorspronklik die gesag van Christus en oefen die gemeente hierdie gesag deur die besondere dienste uit (Kuyper, 1900:8; Van der Linde, 1980:29). Die predikant is aan die plaaslike kerk, of aan die kerkraad as orgaan van die plaaslike kerk, verantwoording verskuldig. Hierdie standpunt vereenselwig die diens waardeur Christus sy koningskap op aarde vestig met die diens van die gelowige. Ook hou die standpunt nie daarmee rekening dat die besondere dienste, derhalwe die diens van die predikant, as 'n gawe in die plaaslike kerk gegee is nie (kyk Ef. 4:12). Van der Linde (1980:29) dui daarop dat hierdie opvatting die diens van die predikant reduseer tot slegs 'n verlengstuk van die diens van die gelowige. In die ampsbeskouing van beide A. Kuyper en H.H. Kuyper, kom 'n sterk demokratiese trek, soos in die kongregasionalisme, na vore. Hiervolgens is die diens van die predikant 'n produk uit die gemeente op aandrang van mense (vgl. Van der Linde, 1980:29; Pont, 1976:18).

Die *gereformeerde kerkregering* gaan van die standpunt uit dat die diens van die predikant eerstens gevestig is in die verlossingswerk van Jesus Christus. In Hom, dié groot Dienskneg, die hoogste Profeet (en Leraar), die enigste Hoëpriester en Koning, vind die besondere dienste hul oorsprong en doel (HK Sondag 12; Van Genderen & Velema, 1993:664; Kleynhans, 1988:169; Rossouw, 1988:128).

Die oorsprong van die predikantsdiens in Christus hou wesentlik in dat die predikant se diens herlei kan word na die *diakonia* (diens) en *leitourgia* (die bring van die offer om die verhouding tussen God en die mens te herstel) van Christus. Deur sy *diakonia* het Christus die Ou Testament vervul en die Nuwe Testamentiese bedeling gevestig. Sy *diakonia* was die volkome *leitourgia*. Christus is tegelyk die Offerraar en die Geofferde. Christus se *diakonia*, op grond waarvan Hy die Nuwe Testamentiese kerk versamel, sluit die *leitourgiá* in. Daar hoef nooit weer 'n offer gebring te word om voor God te kan verskyn nie. Deur sy *diakonia* is Christus die Dienskneg van God waarin die oorsprong en doel van die predikant se diens setel (Van der Linde, 1965:40; Brown, 1988:155).

Die belofte in Matteus 28:20 – "En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld", dui daarop dat Christus dié Dienskneg en oorsprong van alle gesag in sy gemeente is en bly. In sy gemeente oefen Christus sy profetiese diens uit deur die bedienaar van die Woord, dit wil sê die predikant; sy koninklike diens deur die ouderlinge en sy priesterlike diens deur die diakens (Feenstra, 1947:392). Deur die diens van die predikant, en die ander dienste, word die enigste *diakonia*, tegelyk ook die volkome *leitourgia*, verkondig. So setel die predikantsdiens in Christus (Van der Linde, 1965:40, 41; vgl. Coertzen, 1991:100).

Van Ruler (1952:59, 60) dui daarop dat "diens" in die Nuwe Testament beteken om gebruik te word en jou te laat gebruik deur God Self in sy "besigheid" met die wêreld. Wanneer "diens" bloot as die mens se antwoord op God se handelinge gesien word, verselfstandig die mens se handeling teenoor die handeling van God. Vir Van Ruler (1952:59, 60) gee die liturgiese en die konfessionele 'n uitdrukking aan die predikantsdiens se oorsprong en sy verbintenis deur sy roeping aan die plaaslike kerk:

> ... wij laten ons handelen inschakelen in Gods handelen (dat is het liturgische: Hij gebruikt ons) en wij erkennen daarmee wat God doet (dat is het confessionele: wij weten ook dat Hij ons gebruikt) (Van Ruler, 1952:59, 60).

**Samevattend:** Die predikantsdiens is nie 'n verlengstuk van die diens van die gelowiges nie. Die oorsprong van die diens van die predikant moet na Christus herlei word. Hierdie oorsprong van die predikantsdiens is bepalend vir die funksionering daarvan en vir die predikant se funksionering in die plaaslike kerk.

### 2.4.1.2 Instelling

Uit die Nuwe Testament blyk dat die diens van die predikant 'n spesifisering van die diens van die ouderlinge is (Sillevis Smitt, 1910:158 e.v.; 180, 181; Van Ginkel, 1975:hoofstuk I; Berkhof, 1976:386). Die ouderling is volgens die Nuwe Testament *presbuteros* (Hand. 20:17; Tit. 1:5), *episkopos* (Hand. 20:28; Tit. 1:7) en *poimen* (Hand. 20:28; 1 Pet. 5:2). Verskeie teoloë dui daarop dat die begrippe *presbuteroi* en *episkopoi* in die Nuwe Testament as sinonieme gebruik word (Beyer, 1968:616; Versteeg, 1982:11-20; Van Bruggen, 1984:78-98; Van der Linde, 1965:62, 63). Volgens Van der Walt (1976:74 e.v.) kom die werk van die ouderling daarin tot uitdrukking dat hy die gemeente moet "oppas" en "laat wei". Die werkwoord *poimanein* (om soos 'n herder op te pas) dui spesifiek op die werk van die ouderlinge (Du Plooy, 1979:53). Sillevis Smitt (1910:180, 181) stel 1 Timoteus 5:17 as die *locus classicus* vir die totstandkoming van die diens van die predikant:

> Die ouderlinge wat goed leiding gee, behoort dubbele erkenning te kry, veral die wat hard werk deur te preek en onderrig te gee ...(kyk ook Venter, 1988:99 e.v.; Van Bruggen, 1984:102; Versteeg, 1982:49 e.v. vir 'n ander interpretasie van 1 Tim. 5:17).

Omdat die diens van die ouderlinge deur die apostels ingestel is, is dit nie nodig om die spesifieke tydstip waarop die diens ingestel is, aan te toon nie. Dié instelling deur die apostels dui reeds daarop dat die besondere diens ooreenkomstig die wil van Christus ingestel is (Van der Linde, 1965:59; Van Genderen, 1982:64, 65; Berkhof, 1976:586; vgl. Versteeg, 1982:30; Smit, 1983:127). Bavinck (1930:371) wys daarop dat:

> ... de Gereformeerden door de herstelling van het ouderlingen- en het diakenambt naast dat van den bedienaar des woords, het zuiverst de gedachte der Schrift hebben gegrepen en het krachtigst de rechten der gemeente hebben erkend.

As voortsetting van die diens van die apostels, geld die spesifieke ooreenkoms tussen dié dienste dat:

> Hierdie ampte, deur die apostels as die gevolmagtigdes van Christus ingestel, ... [kom] daarin ooreen met die apostoliese amp dat deur die vervulling van die diens daarin opgedra, Christus in sy kerk gestalte moet kry (Van der Linde, 1965:55).

Deur die instelling van die besondere dienste het Christus 'n eenmalige reëling getref wat bepalend is vir die kerk se bestaanswyse in die geskiedenis (Roberts, 1963:143; vgl. ook Du Plooy, 1979:52; Bouwman, 1970(I):346); Van der Linde, 1978:44; Spoelstra, 1971:27). Sonder die besondere dienste, ook dié van die predikant, kan die kerk nie voortbestaan as die liggaam van Christus op aarde nie. Daar is reeds aangetoon dat die *ecclesia particularis* (die plaaslike kerk) die komplete uitdrukking van die liggaam van Christus is (kyk 2.3.1). Omdat die *ecclesia universalis* (die universele kerk) sy komplete uitdrukking in die *ecclesia particularis* (plaaslike kerk) vind, is die besondere dienste aan die plaaslike kerk verbind (Ef. 4:11; kyk die verklaring van Greijdanus, 1962:20). Die apostels, profete en evangeliste het kerkstigtend opgetree en was nie aan 'n bepaalde kerk verbind nie. God gee die diens van die predikant as 'n permanente instelling in die plaaslike kerk om die gelowiges deur die Woord op te bou (ibid:90; 91).

Eweneens dui Grosheide (1957:335) daarop dat die diens van die *didaskaloi* in 1 Korintiërs 12:28 onmiskenbaar in die plaaslike kerk gegee en der halwe aan die plaaslike kerk verbind is:

> En in die kerk is daar mense aan wie Christus 'n bepaalde taak gegee het. Ten eerste is daar apostels, ten tweede profete, ten derde leraars (*didaskaloi*); ...

Die eenmalige diens van die apostels was 'n uitsondering. Hulle was nie aan 'n spesifieke kerk verbind nie, maar het kerkstigtend opgetree en het der halwe van plek tot plek gewerk (1 Kor. 12:26-28). Paulus het self as 'n apostel deur die bekende wêreld van sy tyd gereis en waar hy die evangelie verkondig het, het hy plaaslike kerke gestig (Hand. 13:13 e.v.; 14:21-28; vgl. 1 Kor. 1:2; 12:12 e.v.). Die profete waarvan in 1 Korintiërs 12:28 gemeld word, het nie so algemeen soos die apostels voorgekom nie. Hulle taak was om die heilsopenbaring wat aan die kerk verkondig is, te vertolk (Groenewald, 1980:168). Dit is onduidelik of hierdie buitengewone diens slegs aan die plaaslike kerk verbind was. Met die woord *didaskalia* dui Paulus op die gewone diens van leraars. Vanweë die beperkte gegewens oor die *didaskalia* in hierdie perikoop, kan met inagneming van Handelinge 13:1 en die verbinding van *poimenas* in Efesiërs 4:11 afgelei word dat hier gedui word op 'n diens wat aan die plaaslike kerk verbind was (Grosheide, 1957:335):

> Lezen we van de profeten een enkele maal, dat ze buiten hun woonplaats optreden, van de *didaskalia* lezen we dat nergens ... Doch al ziet ekklésia op de ecclesia universalis, daarom mag uit deze plaats, die op de verscheidenheid, van wat God geeft in heel de kerk, nog niet afgeleid worden, dat al het genoemde voorkwam in één plaatselijke kerk of dat het voor heel de kerk was (Grosheide, 1957:336 voetnoot 60).

Robertson-Plummer (Grosheide, 1957:336 voetnoot 59) wys daarop dat die *didaskaloi* (leraars) die enigste "gewone diens" is wat Paulus in al drie opsommings oor die dienste noem (kyk Rom. 12:6-8; Ef. 4:11; 1 Kor. 12:28). Hierin kom sowel die noodsaaklikheid as die unieke en verhewe karakter van die herders en leraars se diens in die plaaslike kerk na vore (Spoelstra, 1989:41). In hierdie verband is dit duidelik dat die leraars, aan die plaaslike kerk verbind is en dat hulle taak die tweede deel van Christus se laaste opdrag was:

> ... en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het (Mat. 28:20; NGB art. 31; Grosheide, 1957:336; Groenewald, 1980:168, 169).

**Samevattend:** Die oorsprong van die predikantsdiens lê in dié van die *presbuteroi* en die *episkopoi* en dit kristaliseer as 'n herdersdiens in die opdrag *poimanein*, en as 'n onderigtingsdiens in die diens van die *didaskaloi*. Derhalwe is dit duidelik dat die predikantsdiens 'n instelling van Christus is, deur die handelinge van die apostels. Volgens die aard en doel van die predikantsdiens, sowel as die aard van die plaaslike kerk, spreek die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk duidelik as 'n Skrifopdrag.

## 2.4.2 Funksionering van die predikantsdiens

### 2.4.2.1 *Charisma* en *diakonia*

*Charisma* is van die Griekse woord *charis* afgelei wat guns of genade beteken. Venter (1975:7) dui as eerste en belangrikste betekenis van *charisma* in die Nuwe Testament aan:

> ... die volle heilsgawe van God in Christus Jesus en die genadevolheid wat dié heilsgawe vir die gelowige meebring. Verder dui *charisma* alle gawes aan wat kan dien tot die opbou van die gemeente van Christus.

*Diakonia* is die bediening of die diens wat verrig word. Hierdie diens is op die gelowiges gerig om hulle toe te rus tot diensbetoon in die kerk van die Here (Ef. 4:11; vgl. Versteeg, 1988:53). Die *diakonia* is die Geesbepaalde diens wat Christus in die kerk gee. In die diens gaan dit nie om die persoon wat die diens verrig nie, maar oor die diens as vergestalting van die dienswerk van Jesus Christus (Du Rand, 1988:80).

In sy verbintenis aan die plaaslike kerk is 'n predikant tegelyk 'n *charisma* (gawe) en *diakonia* (diens) in die gemeente omdat elke diens wat vir die opbou van die gemeente bedoel is 'n *charisma* is (Van der Linde, 1980:24, 25). Floor (1976:31) wys ook daarop dat daar nie 'n teenstelling tussen *charisma* en *diakonia* is nie:

> Die Geesbegaafdheid van bepaalde persone in die gemeente om te kan dien en om leiding te kan gee, sluit volgens Lukas die gedagte nie uit dat aan hulle as

> ampsdraers besondere volmagte verleen word nie. *Die gawe roep juis om die amp.*
>
> By Paulus vind ons presies dieselfde verhouding van amp tot gawe. Ook by Hom is daar nêrens sprake van 'n teenstelling of van 'n opeenvolging van gawe en amp nie. Deur verkiesing, daar 'n aanstelling, moet die persoon met sy gawe sy plek inneem *in die gemeente* as die liggaam van Christus (*my kursivisering – JS*; vgl. Coetzee, 1975:33).

Die predikantsdiens is as *charisma* van Christus 'n instelling in die plaaslike kerk en onlosmaaklik daaraan verbind (vgl. Floor, 1969:235). 'n Predikant ontvang eers die *charisma* wat hom die bekwaamheid verleen om in die diens te staan. Hierdie gawe het 'n persoonlike karakter aangesien dit altyd aan 'n enkele persoon gegee word. Hoewel die gawe in spesifieke omstandighede aan meer as een persoon gegee word, ontvang die individu die gawe selfs in die groepsverband (Visser, 1978:23). Wanneer die besondere diens van die predikant van die *charisma* geskei word, onstaan 'n antitese wat nie Skriftuurlik gefundeer is nie. Alle *charismata* is gegrond op die verlossingswerk van Jesus Christus en daarom is die predikant as *charisma* in die plaaslike kerk 'n instrument in die hand van Christus (Du Rand, 1988:92; Richel, 1942:210).

Venter (1988:95-98) dui daarop dat die diens van die predikant aan die plaaslike kerk 'n trinitariese basis het. Christus is deur sy verlossingswerk die bewerker van die gawes. Die werk van die Heilige Gees kom hoofsaaklik daarin na vore dat Hy die uitdeler van die gawes asook die toeruster van spesifieke gawes vir dié diens is. Op grond van Romeine 12:1-8 en 1 Korintiërs 12 kom Venter tot die gevolgtrekking dat God (die Vader) die bron en oorsprong is van die gawes wat Christus deur die Heilige Gees bewerk.

Die predikant ontvang spesifiek die *charisma* om in die plaaslike kerk as *diakonos* van Christus op te tree. Die *charisma* gee nie aan die predikant die bevoegdheid tot die *diakonia* nie, maar die bekwaamheid vir die *diakonia*. Die bevoegdheid vir die diakonia word deur Christus by wyse van die beroeping en bevestiging in die

gemeente aan die predikant gegee. In sy verbintenis aan die plaaslike kerk maak Christus die predikant deur die toedeling van *charismata* bekwaam om in die *diakonia* te kan staan. *Charisma* en *diakonia* staan nie teenoor mekaar nie. Juis deur die *charisma* ontvang die predikant die bekwaamheid om die *diakonia* uit te voer (vgl. Richel, 1942:210; Lekkerkerker, 1972:160; Van Genderen, 1982:69).

Die predikant is derhalwe nie 'n werknemer wat aansoek doen om sy diens aan die plaaslike kerk te verrig nie, maar is deur God as 'n *charisma* in die gemeente gegee, wat in verbondenheid aan die gemeente as 'n *diakonia* funksioneer:

> En God het sommige in die gemeente gestel, in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars. Die amp is dus 'n diens uit die gemeente as toerusting vir die gemeente (Venter, 1988:97).

**Samevattend:** God gee die diens van die predikant as 'n gawe in die plaaslike kerk. Die predikant vorm deel van die grondplan wat God vir die opbou van sy gemeente vasgestel het. As *charisma* en *diakonia* in die gemeente is die diens van die predikant 'n integrale deel van die plaaslike kerk, deur wie die Here sy kerk in die Woord- en sakramentsbediening wil opbou en behou (Ridderbos, 1966:492 e.v.).

### 2.4.2.2 *Terwille van* die plaaslike kerk

Dat God sy volk terwille is, vind duidelik uitdrukking in die herderverwysings wat deurlopend in die Skrif voorkom (2 Sam. 5:2; 1 Kron. 11:2; Ps. 23:1; Jes. 40:11; Jer. 17:11; Eseg. 34:16, 23; Sag. 11:4, 16, 17; Matt. 2:6; Joh. 10:2, 3, 11, 14, 16; Heb. 13:20; 1 Pet. 2:25; Open. 7:17; e.a.):

> Die Here is my Herder, ek kom niks kort nie (Ps. 23:1);
>
> Ek het toe 'n herder geword in diens van dié wat met die slagskape handel dryf. Ek het twee kieries gevat ... en ek het vir die skape 'n herder geword (Sag. 11:7);

> Ek is die goeie Herder (Joh. 10:11).

Die Here is Self die goeie herder, die eintlike herder, die ware herder. Dié wat deur Hom tot die predikantsdiens in die plaaslike kerk geroep word, is tegelyk as gesant van die Here ook 'n herder (vgl. 1 Tim. 5:17; 1 Pet. 2:25; Hand. 20:28; vgl. Ridderbos, 1966:508).

Die karakteristieke kenmerk van die Herder se diens is dat Hy bereid is om sy lewe vir die kudde af te lê (Bouma, 1964:21). Christus is die Herder wat sy lewe vir die kudde afgelê het. Maar Hy het ook die volmag om sy lewe weer op te neem (Joh. 10:18). Hierdie volmag gee aan Christus die gesag om deur roeping herders in die gemeente aan te stel deur wie Hy werk. As herder staan die predikant in diens van Christus en is hy 'n gawe terwille van die gemeente. Daarom het die predikant se diens in die plaaslike kerk die karakter van 'n herder wat onder gesag van die Ware Herder staan (1 Pet. 5:4; Bouma, 1964:21).

In sy liefdesdiens is die herder bereid om soos die Ware Herder sy lewe terwille van die kudde af te lê (Joh. 10:11; Bouma, 1964:22). Daarom lê die onderskeid tussen 'n werkgewer-werknemer verhouding en die herder-kudde beeld daarin dat die herder nie 'n *misthotos* (huurling; werknemer) kan wees nie. 'n Werknemer is nie die eienaar van die kudde nie en is derhalwe nie bereid om die uiterste stap te neem en sy eie lewe terwille van die kudde af te lê nie (Joh. 10:11-13). Verder hou die onderskeid tussen die diens van die huurling en die diens van die herder in dat die herder wederkerig by die Ware Herder en die kudde betrokke is:

> Een huurling echter kan in de goede zin des woords de naam van herder niet dragen. Want de naam sluit *wederkerige betrekking en aanhankelijkheid* in. En dat geld van de huurling niet. Het lot der schapen gaat hem niet ter harte (*my beklemtoning – J.S*; Bouma, 1964:21).

Die diens van die herder is dus ten diepste om 'n gesant van Christus te wees. Hy word uit die kudde tot diens geroep om terwille van die kudde op te tree (vgl. Spoelstra, 1989:31). Dat die herder uit die kudde geroep word, grond daarin dat hy eers kind van God, dit

wil sê deel van die kudde is, voordat die Here hom tot sy diens roep (vgl. 3.3.1).

Terwille van die plaaslike kerk het nie die betekenis van beperk tot die plaaslike kerk nie. Hiervolgens dien die predikant in opdrag van Christus terwille van die gemeente ook die gemeenskap in koninkryksdiens. Dit blyk verder daaruit dat die predikant ook sendeling van Christus is, om deur Woordverkondiging almal tot geloof en gehoorsaamheid aan Hom te roep, terwyl die wat in geloof hierop reageer in die gemeente verenig moet word (Mark. 1:14; Luk. 4:43; Rom. 10:14; vgl. Calvyn, 1991:4.2.4; vgl. HK Sondag 21). Spoelstra (1989:67) stel:

> ... die apostolaat van die diens van die Woord is sending na die gemeente in 'n bepaalde plek, maar ook tegelykertyd nie noodwendig tot daardie plek beperk nie (vgl. Calvyn, 1991:4.3.7).

**Samevatend:** Jesus Christus is die Ware Herder wat sy lewe vir die kudde, sy kerk, afgelê het. In sy diens aan die plaaslike kerk is die predikant die herder, wat in diens van die Ware Herder staan. Die kenmerk van die herder se diens is dat hy, soos die Ware Herder, bereid is om sy lewe vir die kudde af te lê. Ten diepste is die herder die gesant van die Ware Herder:

> De opzieners en de leeraren zijn dienaars van Christus *ten behoeve van* die gemeente ... Het ambt is door Christus ingesteld met het doel om de gemeente te weiden (*my beklemtoning - J.S*; Bouwman, 1970(I):96).

## 2.5 GEREFORMEERDE ROEPINGSBEGRIP: WIE IS DIE "WERKGEWER" VAN DIE PREDIKANT?

Die gereformeerde roepingsbegrip mag nie los van die *charismata* (gawes), wat Christus gee, verstaan word nie. Deur die *charisma* (gawe) ontvang die predikant die bekwaamheid om in die plaaslike kerk te dien. Juis die roeping gee aan die predikant die bevoegdheid om in die plaaslike kerk as gesant van Christus sy diens te verrig

(vgl. Visser, 1999:7). Eenvoudiger gestel: Die roeping gee aan die predikant die bevoegdheid om in die plaaslike kerk as gesant van Christus te dien. Deur die *charisma* ontvang die predikant die bekwaamheid om die diens te verrig (ibid:7). Bekwaamheid sonder bevoegdheid beteken nog nie roeping nie, en bevoegdheid sonder bekwaamheid kan eweseer nie as roeping geag word nie.

> Here we have an admirable commendation of the ministry – that while God could accomplish the work entirely himself, he calls us, puny mortals; to be as it were his coadjutors, and makes use of us as his instruments ... while it is peculiarly the work of God to built his temple, or cultivate his vineyard, he calls forth ministers to be *fellow-labourers*, by means of whom He alone works; but at the same time in such a way, that they at their turn labour in common with him (Calvin, 1848:131,132).

### 2.5.1 Roeping en geroepene

Deur die Ou en die Nuwe Testament word deurlopend van die roeping van spesifieke persone melding gemaak (Eks. 3; Jes. 6; Jer. 1; Eseg. 1-3). Ook in die Nuwe Testament roep Jesus sy dissipels voordat Hy hulle uitstuur (Mat. 4; Mark. 1 Luk. 4, 5). So vind ook die aanstelling van die Sewe in Handelinge 6 as uitvoering van die wil van God onder leiding van die Heilige Gees plaas. Hierdie roeping is nooit 'n menslike inisiatief nie; dit is altyd God wat roep (Brown, 1986:275). Geen mens, ook nie die predikant, mag hom die diens in die gemeente toe-eien nie. Uit Hebreërs 5:5, 6 is dit duidelik dat nie eens Christus in sy mensheid Homself die diens van Hoëpriester toegeëien het nie, maar dat die Vader dit aan Hom gegee het. Die roeping van spesifieke persone in die Ou- en Nuwe Testament om as leiers, profete, of vestigers van die kerk op te tree geskied konsekwent deur God binne die kader van sy verlossende genade. God betrek diegene wat hy roep in gemeenskap met Hom voordat Hy hulle uitstuur (vgl. 2.3.1).

Wat in die Ou- en die Nuwe Testament ten opsigte van die roeping geld, is ook geldig vir die predikant in sy verbintenis aan die plaaslike kerk. Die roeping tot die diens van predikant is *vocatio specialis* (besondere roeping) en geskied altyd *iure divino* (vgl. Rom. 11;29; Fil.3:14; Bos, 1950:8, 9). Daarom word die roeping van die predikant noodwendig deur God bepaal (vgl. Pont, 1976:178; Venter, 1988:101; De Zwart, 1938:44), en hou dit altyd 'n element van ontbieding in (Pop, 1980:438).

Die roeping tot die predikantsdiens is 'n "volhardende en standvastige innerlike drang" wat die Heilige Gees in 'n persoon wek om die Woord te verkondig (Van der Linde, 1983:13; Jooste (1951(II):11, 12; Vorster, 1999:18). Dié roeping, bekend as die inwendige roeping, is direk aan die begeerte om in die kerk diens te lewer verbind (Calvyn, 1991:4.3.11). Inwendige roeping ontstaan nie uit ambisie nie, maar uit 'n opregte geloof en die vaste begeerte om in God se diens te staan (Niebuhr & Williams, 1983:141). Wie erns maak met die inwendige roeping, erken die onontbeerlike band wat tussen Christus en die predikant bestaan. Wie die inwendige roeping ontken, reduseer die predikant in sy diens aan die plaaslike kerk tot 'n orgaan van die gemeente en ontken daardeur dat Christus self die Regeerder en Beskikker in sy kerk bly (Spoelstra, 1989:32, 33; kyk 2.5.3). Vanweë die inwendige roeping roep Christus juis die predikant tot die vervulling van 'n spesifieke taak (vgl. Trimp, 1982:5).

Die roeping kom as 'n persoonlike verhouding tussen Christus en die predikant tot stand (Van der Linde, 1980:31, 32). Die noue verbinding wat die roeping tussen Christus en die predikant bewerk, hou in dat die predikant alleen gesag het in so verre hy optree en spreek ooreenkomstig die wil van Christus (Moens, 1962:21). Willekeurige optrede en uitsprake van die predikant in die plaaslike kerk bring sy eie integriteit, maar ook die sending wat op die roeping volg, in gedrang. Daarom moet die predikant se optrede en uitsprake in sy verbintenis aan die plaaslike kerk "... geen menslijke willekeur [wees nie], maar goddelijke recht" (Polman, s.j:10). Hy is ten diepste aan sy Sender verantwoording verskuldig (Eseg. 3:16-21; vgl. ook

Mat. 18:5-6; Mat. 24:45-51; Hebr. 13:17 in die lig van Mat. 10:40; vgl. Feenstra, 1947:393; Van der Linde, 1980:31, 32).

Aangesien die roeping van die predikant hom direk aan Christus verbind, kom daarin 'n bevrydende maar ook 'n dwingende karakter na vore. As onvolmaakte mens is die predikant bevry van die ryk van die duisternis, maar in sy onvolmaaktheid is hy die gesant van Christus wat in 'n gevalle gemeenskap, die plaaslike kerk, tot hulle opbou moet dien (vgl. Kroeze, 1968:48). Die roeping tot die diens dwing die predikant om sy opdrag uit te voer. Hy is lewenslank in diens van die Een wat roep en kan homself nie van die roeping losmaak nie (vgl. Jes. 6:8; Jer. 1:4-5; 1 Kor. 1:1; Hand. 10:17-20; Heb. 5:4; vgl. Rengstorf, 1969:98). In dié diens word die predikant se volkome afhanklikheid van God, duidelik. God is self die Krag en die Bron wat die predikant in sy verbintenis aan die plaaslike kerk van sy roeping verseker, hom daarvan oortuig dat hy besig is met die werk van die Here en hom in staat stel om met sy werk voort te gaan (Jones, 1961:43).

**Samevattend:** Die *vocatio specialis* is soos die roeping tot die gemeenskap met Christus 'n inisiatief van God waardeur die predikant aan die plaaslike kerk verbind word. Deur die roeping is die predikant ook direk aan Christus verantwoordelik vir sy diens. Sonder die innerlike roeping, dit wil sê die innerlike begeerte om uit liefde vir God en sy kerk in sy diens te staan, sal die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk in 'n koue formalisme verval waarin die hart van Christus ontbreek.

### 2.5.2 Geroepene en die plaaslike kerk

Die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk word deur die saamstemming van die inwendige en uitwendige roeping voltrek (kyk Bavinck, 1930:51, 55 e.v.; 362 e.v.; Bouwman, 1970(I):368). Laasgenoemde dui daarop dat, aangesien Christus nie meer sy diensknegte soos in die geval van die apostels direk roep nie, die roeping slegs kenbaar is in die saamstemming van die inwendige en uitwendige roeping. God is en bly altyd die *vocator primarius*

(Vorster, ?:30). Vir die predikant is die *vocatio externa*, die *middellike* roeping deur die gemeente (Van der Linde, 1965:55), niks anders nie as die roepstem van God (Van't Spijker, 1987:368) én 'n bevestiging van die innerlike roeping (vgl. Paul, 1965:154, 156).

Calvyn (1991:4.3.15) wys daarop dat die plaaslike kerk se gewone reg en vryheid nie in gedrang kom met die verkiesing van ampsdraers nie, derhalwe ook nie met die verkiesing van die predikant nie. Hoewel die apostels manne tot die diens aangewys het, het die hele gemeente by wyse van stemming verklaar wie hulle wou hê (1 Tit. 1; 1 Tim. 5):

> Cyprianus stel dit dus goed wanneer hy aanvoer dat die feit dat die priester in die teenwoordigheid van die volk voor almal se oë verkies, en deur openbare oordeel en getuienis waardig en geskik bewys word, uit Goddelike gesag afkomstig is. Ons sien inderdaad dat dit in die verkiesing van die Levitiese priesters volgens die bevel van die Here gebruiklik was dat hulle voor hulle bevestiging voor die volk gebring is. Nòg word Matthias in die vergadering van die apostels opgeneem, nòg word die sewe as diakens gekies anders as ten aanskoue en met goedkeuring van die (kerk)volk ... Nou weet ons dus dat hierdie beroep van 'n bedienaar wettig uit die Woord van God is wanneer diegene wat vir hulle geskik lyk, met die instemming en goedkeuring van die (kerk)volk aangewys word (Calvyn, 1991:4.3.15).

Die predikant is 'n werktuig van Christus wat deur die direkte roeping van God en die *middellike* roeping deur die gemeente die gawes waarmee Christus hom toerus tot opbou van die kerk bedien (vgl. Van der Walt, 1976:61).

Van belang is om daarop te let dat die bevoegdheid wat die gemeente ontvang om 'n predikant te verkies, alleen in die Woord van God setel. Hy gee die gawe aan die gemeente om 'n bedienaar tot die diens te roep. Die verkiesing van die predikant deur die gemeente beteken dat die gemeente die gawes wat Christus aan 'n bedienaar van die Woord gee, opmerk, en die persoon aanwys wat tot die diens bestem is (vgl. Philip, 1979:22). Daarom vind die

verkiesing van die predikant deur die gemeente onder leiding van hulle wat reeds in die besondere dienste staan, plaas (Bavinck, 1930:363; vgl. Bouwman, 1970(I):331).

**Samevattend:** God is die *vocator primarius* in die roeping van die predikant, hoewel Hy die plaaslike kerk as instrument in sy hand gebruik. Dat God die plaaslike kerk die mag gee om die predikant te beroep, berus nie op die natuurreg van die gelowiges nie, maar in God se soewereine welbehae.

### 2.5.3 Geroepene en "Werkgewer"

Feenstra (1947:393; vgl. Milner, 1970:136) wys daarop dat die predikant as geroepene van Christus 'n dienaar van die gemeente is. Hiermee bedoel hy kennelik nie dat die predikant 'n werknemer van die gemeente is nie. Die predikant is in sy verbintenis aan Christus 'n dienskneg; 'n slaaf van Christus; in alles aan Hom onderworpe (Feenstra, 1947:393). Die predikant is volgens die aard van sy diens en roeping 'n dienskneg van Christus en 'n dienaar in die gemeente om hulle (die gemeente) tot diens te wees. Ook Van der Linde (1987:19) wys daarop dat die diens van die predikant in sy verbintenis aan die plaaslike kerk daarop gerig is om 'n boodskap te bring. Die boodskap wat die predikant bring in die plaaslike kerk bring, stel hom nie in diens van die gemeente nie:

> Waar daar sprake is van diens of bediening van die Woord volg dit vanself dat daar geen willekeur in die *diens* mag wees nie ... Die *Een wie se Woord* dit is, *reël self die diens* (Van der Linde, 1987:19; Van't Spijker, 2001(d):2).

In en deur Christus het die predikant 'n amptelike roeping waarin Christus sekere bevoegdheid aan die predikant verleen. Hoewel die Nederlandse Geloofsbelydenis (art. 31) nie dieselfde woordonderskeid maak nie, kom dieselfde gedagte daarin navore:

> Verder wat die bedienaars van die Woord betref: hulle het, op watter plek hulle ook al mag wees, een en dieselfde mag en gesag omdat hulle almal *dienaars van Jesus Christus is* –

die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk (*my beklemtoning - J.S.* Nederlandse Geloofsbelydenis (art. 31).

**Samevattend:** Vanuit die presbiteriale kerkregering beskou, is Christus die "Werkgewer" van die predikant. Die predikant is as gawe van God in die gemeente gegee; vervul sy diens om die gemeente tot diens te wees en is daarom 'n gawe van God *terwille* van die gemeente. Die aard van die predikant se diens hou in dat hy 'n dienskneg van Christus, en nie van die plaaslike kerk, is nie.

## 2.6 GEVOLGTREKKINGS

Die navorsingsvraag waauit die hoofstuk ontplooi het is soos volg geformuleer:

> *Hoe is die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk kerkregtelik begrond?*

Op grond van die voorafgaande navorsing word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- Wanneer die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk beoordeel word, moet die sentrale posisie van Christus as Oorsprong en Vestiger van die kerk; Oorsprong en Daarsteller van die besondere diens van die predikant én as Oorsprong en Eerste Roeper van die predikant in sy verbintenis aan die plaaslike kerk, erken word. Dit bied die sleutel vir 'n beoordeling van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk.
- Volgens die instelling en gebruik van die Nuwe Testamentiese kerk is die predikant 'n geroepene van Christus wat sy diens in die plaaslike kerk uitgevoer het. Hierdie gebruik is deur die reformasie herstel nadat die Rooms Katolieke kerk daarvan afgewyk het.
- Die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk vind binne 'n andersoortige gemeenskap – die *corpus Christi* –

plaas. Hiervolgens is die predikant tegelyk 'n *charisma* en 'n *diakonia* wat deur Christus in die plaaslike kerk gegee word.

- In die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk is hy die herder of die gesant van die Ware Herder. Deur die gawes en die roeping aan die predikant te gee om as gesant in die plaaslike kerk te dien, inisieer en onderhou Christus die predikantsdiens.

- Die diens van die predikant is 'n diens terwille van die gemeente tot eer van God. Hierin is die predikant 'n mede-ouderling wat in die gemeente leiding gee. Sy taak verskil van die ander ouderlinge aangesien hy op die verkondiging toespits. Die gesag in die kerk word egter nie aan die gemeente of die ouderlinge oorgedra nie, maar bly in Christus setel.

- In sy verbintenis aan die plaaslike kerk is die predikant nie 'n huurling of werknemer van die kerkraad nie, maar 'n gesant van Christus. Sonder Christus was daar nie 'n roeping van die predikant, 'n sending of taakvervulling nie. In wese is en bly Christus die "Werkgewer" van die predikant in sy verbintenis aan die plaaslike kerk.

# HOOFSTUK 3

## AARD VAN DIE PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK

### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk in die lig van die funksionering van die gesag van Christus in die gereformeerde kerkregeringstelsel nagevors. Die fokus val op die aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk. Indien dié verbintenis van 'n gewone werkgewer-werknemer verhouding verskil, val die fokus verder op die "ander aard" van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk. Die navorsingsvraag vir die hoofstuk word soos volg geformuleer:

> *Verleen die kerkregtelike begronding van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk 'n "ander aard" aan dié verbintenis as die van 'n werkgewer-werknemer verhouding? Indien wel, wat hou die "ander aard" van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk in?*

In hierdie hoofstuk word die volgende vrae nagevors:

- Wat hou die aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk in?
- Hoe ontvou die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk in sy verskillende geledinge?
- Wat hou die aard van 'n werkgewer-werknemer verbintenis in?
- Het die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk 'n ander aard as die van 'n werkgewer-werknemer verhouding?

## 3.2 AARD VAN DIE PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK

### 3.2.1 'n Eiesoortige verbintenis?

Die klem val in hierdie hoofstuk op die aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk. Die vraagstelling wat hier beantwoord moet word, is of die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk inderdaad 'n andersoortige aard as enige werkgewer-werknemer verbintenis het. Die volgende lyne kom uit die Skrif navore:

- In die Ou Testament oorvleuel die volk (*am*) van God en die kerk (*ekklésia*) volkome. Wanneer die kerk vergader is die volk terselfdertyd byeen (Jl. 2:16; vgl. Smit & Vorster, 2001:149). Hoewel volk en kerk mekaar in die Ou Testament oorvleuel, is daar 'n onderskeid in die oorkoepelende bedieningsgesag, dit wil sê in die aard van die roeping, ten opsigte van die volk. Die priesters in die Ou Testament is aan die tempel verbind vanwaar die religieuse versorging van die volk van God plaasvind.
- Die onderskeid in die roeping, dat die priesters in hulle verbintenis aan die tempel verantwoordelik is vir die religieuse bediening van die volk, terwyl die koning die burgerlike regering hanteer, vind uitdrukking in die afsonderlike take wat beide verrig. Die priesters verrig die sakrale ampshandelinge rondom die tempeldiens vir die volk, terwyl die koning die regeringstaak rondom maatskaplike aangeleenthede behartig. Vanweë die aard van die priesters se verbintenis aan die tempel, het die koning nie die bevoegdheid gehad om as priester op te tree nie (vgl. Eks. 29:1-37; Lev. 8:1-36; 1 Sam. 13:5-22; vgl. Bavinck, 1930:352-354; 356 e.v.).
- In die Nuwe Testament vind die kerk sy besondere karakter tydens die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster. Hier roep God sy Nuwe Testamentiese kerk in die lewe as 'n "zelfstandige levensprinsiep" – totaal anders as staat en samelewing (Bavinck, 1930:352-354; 356 e.v.). Hierdie

"zelfstandige levensprinsiep" beteken sonder meer dat die reëling van die kerklike dienste, waaronder die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk, onder die bevoegdheid van die kerk val. Binne die "zelfstandige levensprinsiep", wat deur God in die wêreld gegee word, is die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk 'n godsdienstige handeling wat Skriftuurlik gefundeer deur roeping en diens bepaal word (vgl. 2.4.2; 2.5).

- Die Nuwe Testamentiese kerk bestaan in volke, nie los of apart daarvan nie. Met behoud van geloofs- en kultuurbande neem die volk van God vorm aan tussen die volke (Smit & Vorster, 2001:149). Die onderskeid tussen die aard van die kerklike bediening en burgerlike regering word nie in die Nuwe Testament opgehef nie (NGB art. 29). Hiervolgens verrig die predikant in sy verbintenis aan die plaaslike kerk 'n eiesoortige diens wat onder die bevoegdheid van die kerk val.

- Die kerk is 'n gemeenskap, wat anders as enige ander samelewingsverband deur God op sy besondere wyse vergader word om die *veritas ordo*, die ware orde, en derhalwe dié eintlike lewensgemeenskap in die wêreld tot uitdrukking te bring (Smit, 1984:51). In dié andersoortige gemeenskap (*alius generis*) (kyk 2.3.1) word die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk op 'n eiesoortige wyse (*sui generis*) gereël (vgl. Van der Walt, 1976:61 e.v.). Hierdie eiesoortige wyse beteken dat die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk op grond van die Woord van God 'n ander karakter het as die verbintenisse wat in die burgerlike samelewing gereël word. Die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk word ooreenkomstig God se wil op grond van sy Woord gereël (vgl. Bavinck, 1930:352-354; 356 e.v.).

**Samevattend:** Uit die voorafgaande blyk dat die predikant 'n eiesoortige verbintenis (*sui generis*) aan die plaaslike kerk as 'n andersoortige lewensverband (*alius generis*) het. Die kerk funksioneer in geheel anders as enige ander samelewingsverband. Dit is God wat self sy kinders tot die geloof roep en in die kerk

versamel. Hy doen dit deur Woord en Gees (HK Son. 21 vr. en antw. 54). In hierdie nuwe lewens-gemeenskap vind die predikant, as geroepene van Christus, sy verbintenis by wyse van die uitwendige roeping – wat deur Christus beskik word.

### 3.2.2 'n Verbintenis binne die bevoegdheid van die plaaslike kerk

Die plaaslike kerk ontvang by wyse van die *spiritualis potestas* (geestelike mag) die bevoegdheid om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël. Die uitgangspunt wat die *Nederlandse Geloofsbelydenis* artikel 29 stel, is dat die kerk volgens die instelling van Christus regeer moet word:

> Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse, wat Christus ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word.

Die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk vind onder die gesag van Christus plaas. As dienskneg van Christus moet die predikant in die plaaslike kerk dien om die gelowiges op te bou (vgl. 1 Kor. 3:6). Die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk is *vanweë* 'n geestelike bestuurswyse en ook mede *deur* 'n geestelike bestuurswyse.

Die geestelike bestuurswyse waarvoor die predikant as bedienaar van die Woord mede-verantwoordelik is, vind sy oorsprong in Matteus 16:17-19. Hier ontvang Petrus die bevoegdheid om die sleutels van die koninkryk op die aarde te bedien. Hy ontvang die gesag op grond van die belydenis dat Jesus die Christus, die Seun van die lewende God is (Mat. 16:16). Maar Petrus ontvang die regeermag oor die kerk nie in sy individuele hoedanigheid nie. Omdat hy as woordvoerder en verteenwoordiger van die apostels aangespreek word, is die gesag nie tot hom alleen beperk nie (Vorster, 1999:48, 49).

Die apostels, onder leiding van Petrus, ontvang die regeermag oor die kerk. Hierdie regeermag rus volkome in die belydenis dat Jesus

Christus, die Messias en Verlosser is. Op grond van dié belydenis word die geestelike regering in die kerk deur die besondere dienste, wat in die plaaslike kerk ingestel word – waaronder dié van die predikant – voortgesit. Christus gee aan sy kerk besondere kerkregtelike gesag om op die aarde uit te oefen en wat in die hemel bevestig word. Dié gesag herinner aan die gesag van 'n huisdienaar aan wie die sleutels van die huis deur die eienaar toevertrou word:

> ... 'n huisbezorger, die van zijn heer de sleutels krijgt" (Ridderbos, 1950:311).

Vorster (1999:49) wys daarop dat die *futurum* in Matteus 16:19 telkens deur 'n perfektum passief in 'n perifrastiese konstruksie opgevolg word. Hierdie konstruksie beteken dat wat Petrus op die aarde toesluit, sal in die hemel "reeds gesluit gewees het", en wat hy op die aarde oopsluit, sal in die hemel "reeds oopgesluit gewees het". Die regeringsdaad van Christus se geroepe diensknegte in die kerk op aarde is dus reeds deur Homself in die hemel voltrek. Hierin word die apostels, en derhalwe die predikant en die kerkraad, nie vennote van Christus in die kerkregering nie. In sy verbintenis aan die plaaslike kerk is die predikant 'n werktuig van God, wat tot diens in die plaaslike kerk geroep word.

Die begrippe *potestas* (mag) en *potentia* (effektiwiteit) bied verdere perspektief op die inherente gesagstruktuur van die kerk. Christus besit alle mag in die hemel en op die aarde. Sy Hoofskap van die kerk sluit alle ander outoriteite oor die kerk uit. Christus dra nie sy mag aan die gelowiges oor nie. Die gesag rus by Christus en in sy verbintenis aan die plaaslike kerk ontvang die predikant die opdrag om die gesag van Christus te bedien. Die *potestas* wat die predikant as deel van die kerkraad besit, is dus die bevoegdheid om die sleutels van die koninkryk te bedien (vgl. Van't Spijker, 2001(a):3).

**Samevattend:** Die inherente gesagstruktuur waarbinne die predikant funk-sioneer, is deur Christus aan die kerk in sy plaaslike verskyning opgedra. In die reformasie is die onderskeid tussen kerk en staat erken en word die *spiritualis potestas* in die kerk volgens die instelling van Christus behartig. Derhalwe berus die bevoegdheid ten opsigte van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk by die

kerk, wat die geestelike regeermag ontvang het, en nie by die staat nie. Die predikant bly direk aan die plaaslike kerk verbind. Binne die raamwerk van die Woord word die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk deur die kerkregering op Skrifgronde bepaal.

### 3.2.3 'n Naam vir dié eiesoortige verbintenis

Bavinck (1930:371) bied 'n oplossing vir die vraag oor hoe die eisoortige verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk vanuit die gereformeerde kerkregering beskryf moet word. Hy gebruik die term aristokraties-presbiteriaal. Die term "aristokraties" dui dan nie op die regering van 'n "minderheid op grond van eie reg nie", maar 'n regering deur begaafdheid (*charismata*) (Grosheide & Van Itterzon, 1956:315).

Die term "aristokrasie" gee uitdrukking aan die Skrifgefundeerde uitgangspunt vir die presbiteriale kerkregering. Hierin vorm die soewereiniteit van God, wat beskik en wat volgens die Skrif gawes gee, die grondslag vir die aristokraties-presbiteriale verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk (vgl. Bavinck, 1930:328, 329; 354). Die term aristokraties-presbiteriaal moet verstaan word as die beste wyse waarop die kerk deur Christus regeer word. Christus gee self hierdie bedieningswyse aan sy kerk:

> Over de kerk is Christus alleen koning; hare regeering is in het onzichtbare strikt monargaal ... In het zichtbare is zijne regering niet democratisch noch monarchaal noch oligarchisch, maar aristocratisch-presbyteraal. Het zijn de *ho ristoi*, de besten, niet in geld en goed doch in geestelijke gaven, die Hij zelft bekwaam en door de gemeente voor zijnen dienst aanwijzen laat. Door hen zorgt hij voor de geestelijke en stoffelijke belangen van zijne gemeente. Door het leeraarstambt onderwijst hij, door het ouderlingenambt leidt Hij, door het diakenambt verszorgt hij zijne kudde; en door alle drie bewijst Hij zicht te zijn onze hoogste profeet, onze eeuwige koning en onze barmhartige hoogepriester Bavinck (1930:371).

In die begrip “aristokraties” kom die toerusting, die gawes wat Christus vir die uitoefening van die besondere dienste in sy kerk gee, tot uitdrukking. Dit is die *aristos* – die beste wat daar is. Christus gee aan die wat Hy roep gawes en toerusting sodat hulle aristokraties – en nie demokraties nie – op grond van hulle begaafdheid in die gemeente, en nie op grond van populariteit nie, na vore tree vir die diens waartoe hulle geroep is. In die begrip “presbiteriaal” kom die regeringsbevoegdheid van die regeerdiens na vore, waarby die diakensdiens van versorging nie buite rekening gelaat kan word nie. Die regeerdiens is ‘n diens wat die Here self vanuit die diens van die apostels in sy kerk onderhou:

> De gemeente [is] de plaats, waar de opgestane Jezus werkt, zodat de apostelen alleen als leden van de gemeente zijn gevolmachtigden kunnen zijn (Van Ruler, 1952:50, 51).

Christus roep sy diensknegte tot hierdie diens – en waar Hy tot ‘n diens roep, maak Hy ook vir die diens bekwaam. In dié betekenis kan na die predikant se eiesoortige verbintenis aan die plaaslike kerk verwys word as ‘n aristokraties-presbiteriale verbintenis waarin Christus die beste bedieningswyse aan sy kerk gee.

**Samevattend:** In die gereformeerde kerkregering vind ‘n aristokraties-presbiteriale verbintenis tussen die predikant en die plaaslike kerk plaas. Hierdie verbintenis berus daarop dat God sy diensknegte deur die gawes wat Hy gee, bekwaam maak om in die diens van predikant te staan. Die predikant kom tot die diens deur die roeping wat van Christus kom. Hierdie regering, deur aristokrasie, ontvang sy bevoegdheid daarin dat dit presbiteriaal, amptelik deur die ouderlinge as regeerders, gerig word.

## 3.3 ONTVOUING VAN DIE PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK

### 3.3.1 Verbintenis tussen Christus en predikant

Die verbintenis tussen Christus en die predikant word deur Calvyn en in die Dordtse Kerkorde primêr vanuit die roeping van God tot ‘n

bepaalde diens omskryf (Spoelstra, 1981:50). In 2.5.1 is reeds aangetoon dat die predikant deur die roeping in 'n direkte en persoonlike verhouding met Christus staan. Daar is ook vasgestel dat die bevoegdheid wat 'n gemeente ontvang om 'n predikant te verkies, nie op die gewone reg berus nie, maar dat Christus hierdie bevoegdheid op grond van sy Woord verleen (kyk 2.5.2).

Die bekwaammaking om in die diens van die predikant te kan staan, vind deur die proses van teologiese onderrig onder bevoegdheid van die kerk plaas (Smit, 2001(a):129-140). As grondslag van die opleiding dien die uitgangspunt dat die toekomstige predikant eers kind van God is en daarna as geroepe dienskneg van God uitgestuur word (Venter, 1988:105). In sy verbintenis aan die plaaslike kerk is die persoonlike band met Christus soos dit in die liefde uitdrukking vind, deurslaggewend vir die bediening van die predikant.

Hierdie band kan nie rasioneel verklaar word nie, maar groei uit gemeenskap met God waarin die predikant die Woord luisterend en soekend bestudeer om na die stem van die Sender te luister. Die predikant kan in sy diens terwille van die gelowiges ware dienaar van God wees wanneer hy kennis van God en van homself het. Uit die kennis van God kan hy homself as nietige en tog begenadigde mens leer ken. So kan hy die omvattende genade van God altyd beter aan die gelowiges verkondig (Kruger & Venter, 2000:189). Deur sy verbintenis aan Christus vind die bemagtiging van die predikant om die Woord van God te verkondig, plaas:

> Die Here neem die wat Hom dien in sy vertroue en maak sy verbond aan hulle bekend (Ps. 25:14).

Christus spreek deur die predikant, anders gestel: die predikant verkondig die Skrifboodskap van Christus wat aan hom gegee word, sonder om sy persoonlike siening bokant die boodskap te verhef (Kruger & Venter, 2000:175). Hoewel die predikant nie daarop kan aanspraak maak dat hy kennis dra van alle geloofsbelewenisse nie, kan hy vanuit die Skrif leiding gee aan die geloofsgroei van die gelowiges. As dienskneg van God versterk en bou die predikant sy band met God deur voortdurende gebed, oordenking en Skrifstudie

(Ps. 1:2; vgl. Koole, 1982:193, 194). Hierdeur kan die predikant geloof hê in die waarheid van die Skrif wat hy moet verkondig (Kruger & Venter, 2000:188, 189).

Die persoonlike band tussen die predikant en Christus vind verder uitdrukking daarin dat Christus beskik dat sy diensknegte opgelei word om in die plaaslike kerk te dien (Jooste, 1951(II):11, 12). Nadat die kerk die kandidaat gekeur en beroepbaar gestel het (KO art. 4), kom die beroeping van die plaaslike kerk af (KO artt. 4, 5). Die plaaslike kerk het die bevoegdheid om die predikant na die innerlike roeping, waarop hy aanspraak maak, te beoordeel. Sy aanspraak op die innerlike roeping kom immers in die gawes wat hy ontvang het, asook in sy Christelike oortuiging en lewenswandel, na vore (Jooste, 1951(III):21 e.v.).

Die proses van toerusting en beroeping bring die uitwendige roeping tot uitdrukking. Vanweë die inwendige roeping wat deur die Heilige Gees bewerkstellig word, sowel as die uitwendige roeping (beroeping) waarin die kerk deur die Here gelei word, is die uiteindelike verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk 'n verbintenis wat inwendig en uitwendig deur Christus beskik word (Jooste, 1951(III):22). Sonder die inwendige en uitwendige roeping wat beide van Christus kom, kan die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk nie reg verstaan word nie (Van't Spijker, 2001(b):1).

Hierin het die staatsowerheid geen seggenskap nie. Die middelike roeping wat van die plaaslike kerk uitgaan, is nie staatsregtelike afdwingbaar of bepaalbaar nie. Hier vind 'n kerkregeringsproses onder bevoegdheid van die Hoof van die kerk, Jesus Christus, plaas. Die roeping en beroeping van die predikant is 'n religieus-etiese saak waarin die staat nie seggenskap het nie (vgl. Roeleveld, 1982:30).

**Samevattend:** Die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk vind binne 'n religieus-etiese kader plaas. Die innerlike roeping, wat in die beroeping deur die plaaslike kerk uiterlik bevestig word, stel 'n verbintenis daar wat deur Christus bepaal word. Christus gee nie alleen aan die predikant sy roeping en opdrag nie, maar bemagtig hom ook om die roeping te kan uitvoer. Die gesantskapkarakter van

die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk, word deur die vertikale verhouding bepaal – dit is die verhouding tussen Christus en die predikant.

### 3.3.2 Verbintenis tussen Christus en die plaaslike kerk

Die verbintenis tussen Christus en die plaaslike kerk grond daarin dat die plaaslike kerk die komplete uitdrukking van die universele kerk is. Dit beteken dat die plaaslike kerk, as die liggaam van Christus, kompleet in die wêreld beliggaam word (kyk 2.3.1). Op grond van sy verlossingswerk, is Christus daar terwille van ander en wil Hy nie sonder hulle wees nie. Om hierdie rede word die gelowige in sy totale menswees aangespreek om altyd in gemeenskap met die Verlosser gesien te word (Du Plessis, 1982:28).

Hierdie gemeenskap bied aan die gelowige die diepste sin van sy bestaan – hier leef hy saam met ander binne die sfeer van die verlossing (Van Wyk, 1991:9). Hierdie gemeenskap realiseer in die plaaslike kerk. 'n Mens kan sê dat die gemeenskap met Christus die gelowige vir sy algehele bestaan na die kerk verwys:

> Om in die genade te kan lewe, het jy die kerk nodig. En om in die kerk te lewe, het jy die genade nodig (Van't Spijker, 2001(c):2).

As liggaam van Christus setel die verbintenis tussen Christus en die plaaslike kerk daarin dat die gelowiges in die uitverkiesing deur roeping vergader word. Die uitverkiesing deur roeping is uitsluitend 'n daad van God:

> ... uit louter genade *sonder* enige prestasie, *voor* alle prestasie en dikwels *teen alle wan*prestasie [van die mens] in (Van der Merwe, 1971:51).

God self verkies die gelowiges uit en lei hulle deur sy Woord en Gees (HK Son. 21 vr. en antw. 54). Op hierdie fondament bou Christus sy kerk deur die eeue. As vrug van die uitverkiesing gee God die geloof wat persoonlik én in gemeenskap met ander gelowiges (die kerk), beoefen word (kyk Van Wyk, 1991:6; vgl.

Boiten & Dee, 1996:121). Die kerk kom tot stand waar God se Woord verkondig word en die mens se gelowige antwoord daarmee korreleer. Daarom kan die gelowige alleen in die kerk bestaan. Vir Calvyn kom kerkverlating neer op 'n verloëning van God en Christus. Derhalwe kan Calvyn sê:

> *Extra ecclesiam nulla salus* (buite die kerk is daar geen saligheid moontlik nie) (Smit, 1985:84, 127).

Calvyn sien die kerk egter nie as *causa salutis* (saligmakende oorsaak) nie, maar as *causa instrumentalis* (instrumentele oorsaak) (Calvyn, 1991:4.1.5; vgl. Smit, 1985:84). Nie die kerk nie, maar God alleen beskik oor die mag om salig te maak:

> ... the process by which God calls those, whom he has already elected and appointed, out of their bondage to this word, so that he may justify and sanctify them (Rom. 8:29 f.), and bring them into his service. This means that the call is part of God's work of reconciliation and peace (1 Cor. 7:15). It reaches a man only through the love of Christ directed towards him and seeking him (Gal. 1:6, 15). When Paul says that God's decision is not dependent on works but solely on him who calls (Rom. 9:11), he is stressing the unfettered choice of God, which is not influenced by human preconditions (Brown, 1986:275; Snyman, 1973:51).

In die liggaam van Christus, wat deur Christus in die wêreld vergader word, bepaal Christus self die wyse waarop verhoudings tussen mense gereël moet word. Hierdeur word die kerk se bevoegdheid om ordereëlings aangaande die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk in ooreenstemming met die Woord te tref, deur Christus bepaal "asof dit uit die mond van Christus self", kom (Smit, 1985:96).

**Samevattend:** Christus vergader sy kerk in die uitverkiesing deur roeping. Die verbintenis tussen die kerk en Christus rus in mense se gelowig antwoord op die verkondiging van die Woord. In die liggaam van Christus, wat deur die roeping van Christus in die wêreld uitdrukking vind, is Christus die bepaler van die verhoudings wat

tussen mense ontstaan. Hy bepaal hoe die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk ordelik en billik moet geskied.

### 3.3.3 Verbintenis tussen predikant en plaaslike kerk

#### 3.3.3.1 Beroeping van 'n predikant

Die predikant word ten diepste aan die plaaslike kerk deur die innerlike roeping, wat deur die uiterlike roeping (beroeping) bevestig word, verbind. Vir die roeping tot die *diakonia* (diens) gee Christus die *charismata* (gawes). Omdat God sy Woord en Gees ook deur die dienste aan die gemeente gee, moet die roeping tot die dienste van God deur middel van die gemeente kom (Richel, 1942:199). Derhalwe is die dienste, waaronder dié van die predikant, aan die plaaslike kerk verbonde (Goumaz, 1964:21; vgl. Smit, 1985:99). Die kerkorde handel ook eerste oor die dienste (KO artt. 2, 16, 18, 23, 25, 26), voordat daar oor die kerkraad en meerdere vergaderings gepraat word. Christus gebruik die besondere diens om aan sy teenwoordigheid in die plaaslike kerk uitdrukking te gee.

Calvyn (1991:4.3.7) wys daarop dat die predikant in beginsel aan die plaaslike kerk waar hy beroep is, verbind bly. Tog is die predikant in sy verbintenis aan die plaaslike kerk nie "bodemverknog" nie, maar onderwerp aan die vrymag en bestiering van God wat middelik deur die plaaslike kerk beroep (vgl. Calvyn, 1991:4.3.7). Die moontlikheid om 'n predikant van een gemeente na 'n ander te beroep, bring nie die wese van die predikantsdiens aan die plaaslike kerk in gedrang nie (KO art. 10). Solank die beroeping van 'n predikant na 'n ander gemeente behoorlik en ordelik geskied, is die verandering van standplaas moontlik (vgl. Spoelstra, 1989:83).

Die verbintenis van die predikant aan 'n plaaslike kerk vind ordelik in die kerkverband op grond van kerkorde artikels 4 en 5 plaas by wyse van die teenwoordigheid van afgevaardigdes uit die klassis. Die teenwoordigheid van naburige kerke deur afgevaardigdes is belangrik, omdat die kerke in verband met mekaar ook belang het by die toesig oor die ordelike verloop van die bevestiging (KO art. 10; kyk ook Du Plooy, 1982 en Van der Walt, 1971 oor kerkverband).

Kerke in kerkverband het ook belang by die eervolle versorging van die predikant by wyse van visitasie (KO art. 44). Ook tughandelinge word deur die plaaslike kerk by wyse van samewerking van kerke uit die kerkverband uitgeoefen (KO art. 79).

Die wettige beroeping van 'n predikant word voorafgegaan deur 'n proses van kerklike approbasie (KO artt. 4, 5), waardeur die roeping van die predikant getoets word. Iemand wat nie deur Christus geroep is nie, mag nie wettig deur die plaaslike kerk beroep word nie (Visser, 1999:15). Spoelstra (1989:38) dui daarop dat elke kerkraad die verantwoordelikheid het om vas te stel dat 'n predikant, voordat hy in die plaaslike kerk die Woord verkondig, regsinnig is en in goeie trou optree. Juis die wettige roeping deur die gemeente van God gee aan die predikant die sekerheid dat hy wettig deur Christus gestuur is (Bouwman, 1970(I):431). So kan die predikant met vrymoedigheid die Woord verkondiging, waarvoor hy in wese beroep is, dat die gemeente as een liggaam saamgroei:

> ... [dat die kerk] altyd tesame in Christus [so] geheg en verbonde [mag wees] dat hulle as't ware aan een Hoof hang en vas is en ewe asof hulle tesame in een liggaam groei, in hierdie eenheid aan mekaar kleef soos lede van een en dieselfde liggaam: waarlik een geword, soos deur een geloof, hoop en liefde en tegelyk deur een en dieselfde Gees van God, tesame leef, nie alleen met die oog op dieselfde erfenis van die ewige lewe nie, maar ook met die oog op die gemeenskap met God en Christus waartoe hulle geroep is (Calvyn, *Institusie* 4.1.2 aangehaal deur Spoelstra, 1978:24; KO artt. 7, 16; Jansen, 1952:38; Van der Linde, 1983:34; vgl. Calvyn, 1991:4.3.7; Rossouw, 1988:135; Van Itterzon, 1974:80).

**Samevattend:** As dienskneg van Christus het die predikant 'n tweevoudige verantwoordelikheid: teenoor God en teenoor die gemeente. Aangesien die predikant in sy verbintenis aan die plaaslike kerk nie "bodemverknog" is nie en deur die kerke in kerkverband deur aktiewe samewerking erken word, kan 'n predikant van een plaaslike kerk na 'n ander beroep word. Hoewel die Skrif nie 'n formele prosedure reël vir die beroeping van 'n predikant nie, is

daar voldoende Skrifbeginsels waarvolgens die roeping van 'n predikant getoets kan word.

### 3.3.3.2 Predikant en die plaaslike kerk

In sy verbintenis aan die plaaslike kerk moet die predikant se verbintenis met die kerkraad sonder twyfel uit die gelykheid (KO art. 17) van die dienste verstaan word (Van't Spijker, 1982:84). Die gelykheidsbeginsel tussen die besondere dienste hou in dat die predikant saam met die kerkraad vir die gemeente verantwoordelik is. Daarom bedien die kerkraad en die predikant gesamentlik die gesag van Christus in die plaaslike kerk en vorm hulle onderskeie dienste, hoewel verskillend toegespits, deel van 'n gemeenskaplike taak (NGB art. 30; Van Wyk, 1983:26). In werklikheid kan die predikant en die ander dienste nie teenoor mekaar gestel word nie. Die predikant vorm integraal deel van die kerkraad. Reeds in die Kerkorde van Wezel 1568 word bepaal dat die ouderlinge moet weet dat:

> ... het totaal vreemd is aan hun ambt om wetten te maken of heerskappij te oefenen hetzij jegens de dienaren en hun collega's, hetzij jegens de gemeente ... (Aangehaal deur Bos, 1950:93, 94).

Die verbintenis wat tussen die predikant en die plaaslike kerk ontstaan, vind sy oorsprong in Christus en word deur twee vertikale lyne bepaal:

- Die lyn tussen Christus en die plaaslike kerk (kyk 3.3.2).
- Die lyn tussen Christus en die predikant (kyk 3.3.1).

Die verbintenis tussen Christus en die plaaslike kerk vorm die eerste vertikale lyn. Deur die roeping van Christus bring Hy sy kerk in die wêreld deur sy Woord en Gees tot stand (kyk 3.3.2). Die tweede verbintenis is eweneens 'n vertikale verbintenis. Dit is die verbintenis wat tussen Christus en die predikant bestaan. Die predikant is deur die roeping direk aan Christus verbind (kyk 3.3.1). As gawe in en vir die gemeente kom die diens van die predikant uit die plaaslike kerk

na vore (Van Ruler, 1952:61). Die derde verbintenis wat ontstaan is die aristokraties-presbiteriale verbintenis tussen die predikant en die plaaslike kerk.

In wese is die aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk anders as die aard van die verbintenis tussen enige ander persoon aan 'n instelling in die gemeenskap. Daar kom in die kerk, wat betref die besondere dienste, nie 'n gesagsverhoudings tussen mense tot stand nie. Die kerkraad het derhalwe nie die bevoegdheid om oor die predikant gesag te voer nie. Christus bly die gesagshoof van sy kerk wat in die Skrif die organisasie van die kerk en die werk van die besondere dienste gesamentlik reël (vgl. Van der Walt, 1976:65; Van Leeuwen, 1966:153, 154). Die Skrifverwysing na werk (*ergou*) in die plaaslike kerk dui daarom ook nie "waardigheid" of "rang" aan nie, maar (gesamentlike) "werk" en "arbeid" (1 Tim. 3:1; KO art. 23; kyk Du Plooy, 1979:70; vgl. Smelik, 1961:52). Die aard van die diens, wat deur die kerkraad en die predikant in die plaaslike kerk verrig word, dui op die eiesoortige aard (*sui generis*) van die predikantsdiens in die plaaslike kerk. Eweneens beklemtoon die vertikale lyne, waaruit Christus die diens in die plaaslike kerk bepaal, die eiesoortige aard (*sui generis*) van die predikant se verbintenis aan 'n andersoortige gemeenskap (*alius generis*), die plaaslike kerk.

**Samevattend:** Die aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk moet vanuit die gelykheid van die besondere dienste verstaan word. Christus is die gesagshoof van die kerk wat nie sy gesag deligeer nie, maar dienste in die kerk daarstel wat op Hom gerig funksioneer. In wese is die verbintenis tussen die predikant en die plaalike kerk 'n verbintenis *sui generis*:

> Men zal hier nooit met één lijn uitkomen, maar op de wijze van de driehoek *drie* rechtstreekse verbindingslijnen moeten trekken; van Christus naar de gemeente; van Christus naar het ambt; en – een heen en weer gaande lijn! – tussen het ambt en de gemeente en het ambt (Van Ruler, 1952:61).

Die aard, aanvang en funksionering van die verbintenis tussen die predikant en die plaaslike kerk word deur Christus bepaal. Hierin vind daar nie delegering van gesag plaas nie. In die kerk van die

Here word mense, soos die predikant en die kerkraad, tot diens geroep en nie in gesagsposisies gestel vanwaar hulle oor mekaar heerskappy voer nie.

## 3.4 DIE AARD VAN 'N WERKGEWER-WERKNEMER VERBINTENIS

### 3.4.1 Agtergrond

Die arbeidsverhouding (werkgewer-werknemer verbintenis) is in hoofstuk 1 as die agtergrond gestel waarteen hierdie studie verder ontplooi. In die *Schreuder*-saak het die hof bevind dat die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk 'n werkgewer-werknemer verhouding is (*Schreuder vs Nederduitse-Gereformeerde Kerk Wilgespruit & others* 1999 20 ILJ 1936 op 1942). Op grond van die kerkregtelike beginsels wat in hierdie studie nagevors is, moet die vraag beantwoord word of die aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk dieselfde kenmerke het as 'n arbeidsverhouding. In hierdie studie word nie gepoog om op die veld van die arbeidsreg te beweeg nie. Die doel is alleen om die kerkregtelike vrae wat ontstaan, aan te toon. In 3.5 word die vrae wat geïdentifiseer is, kerkregtelik nagevors.

Die werkgewer-werknemer verhouding kan na die *locatio conductio* (huur en verhuring) van die Romeinse arbeidsreg herlei word. Aangesien die Romeine hoofsaaklik slawe gekoop het om take te vervul, het die arbeidskontrak nie noemenswaardige ontwikkeling ondergaan nie (vgl. De Villiers, 1997:159, 160). Deur die loop van die agtiende- en negentiende eeu was werknemers steeds in diens van huishoudings. Om hierdie rede vorm die arbeidskontrak in dié tyd deel van die familiereg.

As gevolg van die industriële rewolusie het mense op groot skaal in fabrieke gewerk en het litigasie tussen werkgewers en werknemers al meer voorgekom. Vanweë die swak ontwikkeling in die Romeins-Hollandse arbeidsreg is daar in arbeidsregspraak veral op die Engelse reg en outoriteite gesteun. Die gevolg was 'n amalgamasie tussen die Romeins-Hollandse- en Engelse reg waarin nuwe

beginsels vir die arbeidsreg ontstaan het (Grogan, 2000:3; Jordaan & Rycroft, 1994:34 voetnoot 183).

Die partye wat in die *locatio conductio* betrokke is, is die *locator* en die *conductor*. Die *locator* is die persoon wat iets moet gee, beweeglik of onbeweeglik, waaraan iets gedoen moet word, of wat sy diens aan 'n ander beskikbaar stel om daarmee te werk (*locator ist qui locat*). Die *conductor* is die huurder, die persoon wat homself vir 'n spesifieke werk beskikbaar stel, of 'n ander se dienste huur (*is qui conducit rem, opus, operas*) (Berger, 1953:567).

In die reg word daar 'n onderskeid gemaak tussen drie soorte *locatio conductio*. Dit is *locatio conductio rei*, *locatio conductio operis* en *locatio conductio operarum* (kyk Grogan, 2000:2, 3; 3 voetnoot 2; Berger, 1953:568, 567; Jordaan & Rycroft, 1994:43). Die term *locatio conductio* is die gemene deler waarin verskillende vorme van huur en verhuring plaasvind. Hieruit moet 'n spesifieke vraag beantwoord word:

- Hou die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk, kerkregtelik beoordeel, die huur en verhuring van dienste in?

### 3.4.2 Betekenis van 'n werkgewer-werknemer verhouding

Die Wet op Gelyke Indiensneming, Wet 55 van 1998 (1(1)), omskryf pertinent wie die staat as 'n werknemer ag:

> any person other than an independent contractor who–
>
> *(a)* works for another person or for the State and who receive, any remuneration; and
>
> *(b)* in any manner assits in carrying on or conducting the business of an employer,
>
> and "employed and "employment" have corresponding meanings (kyk ook seksie 209 van die Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet 66 van 1995); vgl. Grogan, 2000:17).

Uit die wetsbepaling ontstaan daar pertinente vrae:

- Werk die predikant vir enige persoon of vir die staat?
- Wat beteken die vergoeding wat die predikant ontvang? Is dit dieselfde as die vergoeding wat 'n werknemer van 'n werkgewer ontvang?
- Voer die predikant die besigheid van die kerkraad uit en is die predikant dus 'n werknemer van die kerkraad?

### 3.4.3 'n Gesagsverhouding

In die arbeidsreg word gepoog om die noodwendige wanbalans tussen die werkgewer en werknemer, wat as gesagsverhouding getipeer word, uit te skakel. In die verhouding het die werkgewer die verpligting om aan die werknemer sy loon te betaal, terwyl die werknemer nie op veel meer aanspraak kan maak nie. Die werkgewer-werknemer verhouding is gebaseer op mag en ondergeskiktheid van die werknemer aan die werkgewer. Die werknemer is gewoonlik nie in 'n posisie om voor te skryf wanneer die verhouding bepaal word nie (Jordaan & Rycroft, 1994:21, 23-26).

- Die vraag wat hieruit ontstaan, is of daar 'n gesagsverhouding tussen die kerkraad en die predikant bestaan, met die kerkraad as die gesagvoerder?

### 3.4.4 Toetse vir 'n werkgewer-werknemer verhouding

In die howe se beoordeling van kerklike sake, én derhalwe in die beoordeling of die predikant 'n werknemer van die kerkraad is, dien die kerkorde nog altyd as die norm vir dié beoordeling. Gegrond op die beskouing dat die kerk 'n vrywillige vereniging is, is die kerkorde as die konstitusie of grondwet van die kerk beskou, waarvolgens kerklike sake beoordeel word. Dit was ook die geval in die *Schreuder*-saak (*Schreuder vs Nederduitse-Gereformeerde Kerk Wilgespruit & others* 1999 20 ILJ 1936 op 1938 e.v.).

Binne die kerk as andersoortige gemeenskap (kyk 2.3.2; 2.3.3) waarin die verbintenis tussen die predikant en die plaaslike kerk op 'n eiesoortige wyse plaasvind (kyk 2.5.1; 2.5.2; 2.5.3; 3.3.3.2), sou dit derhalwe onbillik wees om toetse wat vreemd is aan die kerk op die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk toe te pas (kyk Grogan, 2000:17-24 vir die toetse van 'n werkgewer-werknemer verhouding).

## 3.5 DIE AARD VAN DIE PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK TEENOOR Dié VAN DIE WERKGEWER-WERKNEMER VERHOUDING

### 3.5.1 Probleemareas

In hierdie deel van die studie word vasgestel of die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk dieselfde aard het as die van 'n werkgewer-werknemer verhouding. Die vrae wat geïdentifiseer is, dien as riglyn vir die verdere ondersoek:

- Hou die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk kerkregtelik beoordeel die huur en verhuring van dienste in?
- Werk die predikant vir 'n persoon of vir die staat?
- Voer die predikant die besigheid van die kerkraad uit en is die predikant dus 'n werknemer van die kerkraad?
- Bestaan daar 'n gesagsverhouding tussen die kerkraad en die predikant, met die kerkraad as die gesagvoerder?

#### 3.5.1.1 Die beroepsbrief

Die beroepsbrief bevat normaalweg 'n bylae waarin die predikant se traktement, huisvesting, motor, reistoelae ensomeer vervat word. Hierdie versorgingsbepalings word op grond van die Skrifbeginsel dat die predikant behoorlik versorg moet word (1 Kor. 9:6-14), soos dit in die Kerkorde vervat is (KO art. 11), bygevoeg. Volgens Rutgers (1921:63-79) beteken "behoorlike onderhoud" die volgende:

> ... [om] haren predikant zooveel te geven, als hij daar ter plaatse voor een eenvoudig burgerlijk leven noodig heeft; waaraan dan, als hij een gezin heeft, is toe te voegen, wat hij noodig heeft voor het onderhoud zijner kinderen, zoolang deze nog niet voor zichzelven kunnen zorgen.

Behoorlike versorging hou in dat die predikant "sonder sorge" in die gemeenskap waar hy dien, kan werk (Dordrecht, 1893). So kan die predikant voltyds sy aandag op die diens van die Here toespits (Kruger e.a., 1966:91). Die versorgingsbepalings het 'n privaatregtelike karakter. Die korrekte toepassing van die ter sake Skrifbeginsels verseker 'n billike versorging (*stipendia iusta*) en 'n regte verhouding tussen die kerkraad en die predikant sonder om die aard van die verbintenis te beïnvloed.

Die ooreenkoms tussen die kerkraad en die predikant rus derhalwe nie op die verpligting wat vanweë die staatlike arbeidswetgewing opgelê word nie (kyk De Wet & Yeats, 1964:3-9 – *Die verbintenis* en *Die kontrak as bron van die verbintenis*); dit rus egter by die kerkregering, wat deur die kerk op grond van die Skrif vasgestel en uitgevoer word. Volgens die Skrif word die verbintenis tussen die predikant en die plaaslike kerk nie deur 'n arbeidskontrak bepaal nie. Die roeping en opdrag van God rus, soos aangetoon, op Skrifgronde wat deur die kerk se bevoegde instansies op grond van die kerkorde (KO art. 11; Acta, 1991:367-369, punt 3.3) hanteer moet word (Acta, 1985:556).

**Samevattend:** Die beroepsbrief gee uitdrukking aan die Skrifopdrag om die predikant te versorg. Die versorging van die predikant vind nie op grond van die wetlike bepaling van arbeidswetgewing plaas nie, maar op grond van die Skrifeis binne die religieuse kader. Derhalwe is die wetsbepaling ten opsigte van vergoeding nie op die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk van toepassing nie.

#### 3.5.1.2 Traktement van die predikant

Volgens die gereformeerde kerkreg ontvang die predikant 'n traktement vir sy versorging. Volgens Spoelstra (1989:89) is daar nie

'n wesentlike verskil tussen traktement en salaris nie, aangesien beide aan die eis van behoorlike onderhoud moet voldoen. Salaris beteken:

> betaling, *soldy vir gelewerde dienste* deur 'n werknemer, veral besoldiging wat 'n amptenaar volgens 'n vasgestelde skaal op gereëlde tye, meestal maandeliks ontvang (*my kursivisering – J.S;* HAT, 1994:892).

Hierdie definisie plaas die traktement van die predikant in die kategorie van vergoeding soos wat deur die Wet op Gelyke Indiensneming, Wet 55 van 1998 (1(1)) bedoel word. Hierin sou die predikant se oortydbetaling, verlofuitbetaling en werk in slegs afgebakende ure ter sprake moes kom. *Remuneration* (vergoeding) beteken:

> Remuneration is the *quid pro quo* for services rendered: it is what the employee recei-ves for his labour or, as it has been put, something the expense of which has to be borne by his employer in order to procure his labour. Since remuneration supposes an exchange of entitlements the term cannot cover ... payments that are discretionary or made out of considerations of charity; but depending on the context, earnings can still be regarded as remuneration if they take the form of tips or gratituities and so depend wholly on the generosity of third parties ... in the Basic Conditions of Employmend Act, for instance 'remuneration' means any payment in money and in kind that arises out of employment (Brassey, 1998:E1:6, 7).

Dit vorm 'n teenstelling met die bedoeling van traktement. Die traktement van die predikant word nie aan hom gegee "vir dienste gelewer" nie (Visser, 1999:52), maar is lewensonderhoud wat die predikant in staat stel om die diens waartoe Christus hom geroep het, uit te voer (vgl. Jansen, 1937:47). Dit is ook 'n Skrifopdrag dat diegene wat die evangelie verkondig van die evangelie moet leef (1 Kor. 9:6-14). Die onderskeid tussen traktement en salaris beklemtoon die eiesoortige aard wat die predikant se versorging in sy verbintenis aan die plaaslike kerk in hou.

Die traktement wat die predikant ontvang, word uit liefde en dankbaarheid deur die gelowiges gegee (Fil. 4:17; HK Son. 38). Die bydraes van die gelowiges is egter nie juridies afdwingbaar nie. Dit is 'n religieus-etiese dankbaarheidsplig wat nagekom moet word (Roeleveld, 1982:30). Die staat het immers nie die bevoegdheid om religieus-etiese sake af te dwing nie. Die predikant word deur die gemeente versorg op grond van die religieus-etiese dimensie, die opdrag van Christus, en nie op grond van 'n huur of verhuring van dienste nie.

**Samevattend:** Die predikant se versorging vind deur 'n traktement plaas wat van 'n salaris onderskei moet word. 'n Salaris word gegee op grond van gelwerde dienste, terwyl die traktement van die predikant hom tot diens in die plaaslike kerk in staat stel. Daar vind dus nie verhuring van dienste in die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk plaas nie. Hierdie verbintenis vind in die religieus-etiese sfeer plaas waarin die bydraes van die gelowiges nie juridies afdwingbaar is nie.

### 3.5.1.3 Diens soos dié van 'n soldaat

Die aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk word in die Skrif met die diens van 'n soldaat vergelyk (2 Tim. 2:3, 4). 'n Soldaat vervul 'n diens met 'n eiesoortige karakter. Daarom is die weermag in Suid-Afrika van die arbeidswetgewing vrygestel. So vervul die predikant ook 'n diens met 'n eiesoortige karakter, omdat hy direk in diens van Christus staan. In die predikant se diens aan die plaaslike kerk is hy soos die soldaat wie se taak sy hele menswees omvat:

> ... hier is sprake van een *soldaat, die te velde trekt*. De krijgstocht is aangevangen ... En nu blijft alles liggen ... Alle bezigheid van handel en arbeid en bedrijft, om daardoor in het dagelijkse levensonderhoud te voorzien ... Voor zijn [de soldaat] levensonderhoud zorgt de veldheer. Een zoldaat te velde die zich wel overgeeft aan al die dingen, laat *zich licht* daarin verstrikken, zodat zijn ziel van zijn eigentlijke taak

> afgetrokken wordt ... Hij waarschuwt slechts den dienaar in het Evangelie, zijn hart niet te geven aan de bemoeiingen met winstgeveden arbeid voor levensonderhoud ... Hij moet zijn hart ver houden van dat alles en zich geheel geven aan den dienst van zijn God. Voor zijn leven zorgt zijn Here (Bouma, 1953:137, 138).

Dit is insiggewend dat die Dordtse Kerkorde (1619) by die beeld van 'n soldaat aansluit wanneer die versorging van die predikant gereël word. Artikel 11 reël die versorging van die predikant as *stipendia iusta*. Dit beteken behoorlike versorging. Die term is veral in die weermag gebruik waar dit op die soldy van 'n soldaat betrekking gehad het (vgl. Postma, 1989:304). Die billike versorging van die predikant hou in dat hy in staat gestel word om sy diens te kan verrig. Hy ontvang nie 'n salaris, soos die wet 'n salaris in terme van *remuneration* (vergoeding) verstaan nie (Die Wet op Gelyke Indiensneming, Wet 55 van 1998 (1(1)). Hy ontvang egter versorging volgens die Skrifopdrag (1 Kor. 9:6-14) wat as *stipendia iusta* in 'n traktement gereël word. Hierdeur stel die gemeente hom in staat om sy diens sonder sorge te verrig (Visser, 1999:52).

**Samevattend:** Die predikant het, soos 'n soldaat, 'n eiesoortige diens wat sy lewe volkome omvat. In die Dordtse kerkorde word die eiesoortige karakter van die predikantsdiens in die traktement van die predikant deur die beginsel van *stipendia iusta* verreken. Hiervolgens moet die kerkraad die predikant, wat in diens van Christus staan, billik versorg.

### 3.5.1.4 Die verkondiging van die evangelie

Daar is reeds verskeie kere in hierdie studie daarop gewys dat die predikant se diens in wese die verkondiging van die evangelie is. Wie tot diens in die kerk van die Here geroep word, ontvang ook sy opdrag wat hy moet uitvoer van die Here. Die opdrag van die predikant is om in die gebede en die bediening van die Woord te volhard, om die sakramente te bedien, om goed ag te gee op die medebroeders, om saam met die ouderlinge die kerklike dissipline

uit te oefen en te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind (KO art. 16; NGB art. 31; vgl. Roeleveld, 1958:39 e.v.).

Die opdrag van die predikant om die evangelie te verkondig, word nie deur die kerkraad bepaal nie. Met ander woorde: die kerkraad bepaal nie die diens wat deur die predikant gelewer moet word nie. Die predikant en die kerkraad is gesamentlik besig met die diens wat Christus deur die roeping aan hulle opdrae. In sy diens beywer die predikant hom vir die verkondiging van die evangelie van Christus, op die wyse waarop Christus dit in sy Woord bepaal. Die kerkraad is eweneens besig om hulle vir die saak van Christus te beywer (Van't Spijker, 2001(b):2). Die predikant en die kerkraad is op grond van hulle roeping besig om in diens van Christus die evangelie in die wêreld te verkondig. As diensknegte van Christus is die predikant en die kerkraad aan Christus onderwerp:

> Die dienaar wat sy (Christus) gesag bedien, is slegs 'n werktuig in sy hand. En 'n werktuig kan niks anders doen nie as om hom te onderwerp aan wie hom hanteer (Smit, 1985:97).

**Samevattend:** Die predikant en die kerkraad is gesamentlik besig met die verkondiging van die evangelie in die wêreld. Christus bepaal die taak van die predikant en die kerkraad. Derhalwe is die kerkraad nie die werkgewer wat aan die predikant 'n dienskontrak aanbied nie. Beide is werktuie in die hand van die Here wat aan Hom onderwerp is.

### 3.5.1.5 Voer die kerkraad gesag oor die predikant?

In 3.3.3.2 (vgl. 3.5.1.3) is daarop gewys dat die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk vanuit die gelykheid van die dienste verstaan moet word (KO art. 23). Hiervolgens word die gesag van Christus nie op die predikant of die kerkraad oorgedra nie. Christus regeer alleen in sy kerk. In kerkorde artikel 81 word bepaal die kerkraad oor die predikant en oor mekaar toesig moet hou ten einde die goeie orde te kan handhaaf.

Volgens Pienaar (1986:39) kan die toesighouding van die kerkraad oor die predikant "beslis nie" as die toesig wat 'n werkgewer oor 'n werknemer hou, gesien word nie. Die predikant vorm deel van die kerkraad. Vir die uitvoering van hulle diens sluit die kerkraad, dit is die ouderlinge, nie 'n dienskontrak met die plaaslike kerk nie. Eweseer sluit die predikant nie 'n dienskontrak met die plaaslike kerk waarin hy diens verrig nie. Die toesig van die kerkraad oor die predikant moet in dieselfde lig as die toesig wat die kerkraadslede oor mekaar uitoefen, gesien word. Hierdie toesig moet vanuit die eenheid en gelykheid van die predikants- en ouderlinge diens verstaan word. Hiervolgens reël artikel 81 nie 'n gesagsverhouding tussen die kerkraad en die predikant nie en is die bedoeling ook nie om 'n werkgewer-werknemer verhouding te reël nie (ibid:38, 39).

**Samevattend:** Die kerkraad ontvang nie die bevoegdheid om gesag oor die predikant te voer nie. Christus is die gesagshoof van sy kerk en Hy delegeer nie sy gesag aan die kerkraad nie. Soos die kerkraad nie 'n dienskontrak met die gemeente sluit nie, doen die predikant, wat deel van die kerkraad is, dit ook nie. Kerkorde artikel 81 reël na sy doel nie 'n gesagsverhouding tussen die kerkraad en die predikant nie én dus nie 'n werkgewer-werknemer verhouding nie.

### 3.5.2 Perspektief

In die *Schreuder*-saak berus die uitspraak van regter Basson hoofsaaklik op die getuienis van prof. L.M. Heyns en dr. D.A. Scholtz. Heyns het die volgende oor die kerk getuig:

> ... dat die kerk as vrywillige vereniging bloot 'n 'menslike organisasie' is. Dit is in ooreenstemming met die deskundige op organisasies ... se getuienis dat die kerk ook 'n organisasie is wat wel uniek kan wees op grond van die kultuur, waardes en en aannames wat heers binne die organisasie. Hy het bygevoeg dat, alhoewel die kerk 'n missionêre doel het en 'n morele organisasie is met eie unieke kenmerke, bestaan alle organisasie uit mense

> (*Schreuder vs Nederduitse-Gereformeerde Kerk Wilge-spruit & others* 1999 20 ILJ 1936 op 1941).

Eweneens het Scholtz getuig dat die kerk 'n vrywillige vereniging is:

> Dr. Scholtz het in dieselfde verband uitgewys dat die feit dat mense mag dink dat hulle met heilige dinge besig is nie verander aan die feit nie dat hulle 'n sosiale sisteem vorm wat volgens sy eie reëls funksioneer soos enige ander sosiale sisteem (*Schreuder vs Nederduitse-Gereformeerde Kerk Wilgespruit & others* 1999 20 ILJ 1936 op 1941).

Reeds in die *Theron*-saak het regter Jansen daarop gewys dat die kerk nie aanspraak maak op meer immuniteit teen ingryping van die hof as 'n nie-kerklike genootskap (*voluntary association*) nie (*Theron vs Ring van Wellington, NG Sendingkerk in SA* 1976 2 SA 1 (A) 13). In die *Schreuder*-saak dra dié prinsipieel vreemde kerkbeskouing vir die gereformeerde kerkreg daartoe by dat die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk in terme van die arbeidswetgewing bereg word (vgl. 4.2.2). Hier word afgewyk van die prinsipiële uitgangspunt dat die kerk in die wêreld 'n andersoortige gemeenskap (*alius generis*) is, wat die verbintenis tussen die predikant en die plaaslike kerk op eie soortige (*sui generis*) wyse, reël. In wese word die regeringsmag van Christus in sy kerk aan die staat, by wyse van die arbeidswetgewing, oorgedra.

In die *Schreuder*-saak bevind regter Basson verder dat die beroepsbrief die dienskontrak tussen die predikant en die kerkraad is:

> Die woord "traktement" word gebruik om besoldiging te beteken en en daar word met ander aangeleenthede soos verlof, diensbonus reistoelae ... gehandel. Daar is gevolglik volgens dr. Scholtz 'n plig op die predikant om sy ampspligte soos uiteengesit te vervul. Die predikant kry aan die ander kant hiervoor weer 'n salaris en verlof- en pensioenvoordele asook lidmaatskap van 'n mediese fonds en assuransie-dekking. Die broepsbrief is dus die dienskontrak tussen die predikant en die kerkraad (gemeente) (*Schreuder vs Nederduitse-Gereformeerde Kerk Wilgespruit & others* 1999

20 ILJ 1936 op 1940-1941, 1942; vgl. Fourie, 1973:182, 184).

Die hof het hierdie getuienis gehandhaaf en nie in ag geneem dat 'n predikant se vergoeding op die *stipendia iusta* van die Dordtse kerkorde berus nie. Volgens hierdie beginsel ontvang 'n predikant nie vergoeding vir sy dienste nie, maar versorging wat hom in staat behoort te stel om sy roeping uit te voer (kyk 3.5.2). Derhalwe is die andersoortige aard van die kerk en die eiesoortige karakter van die presbiteraal-aristokratiese verbintenis, nie in die *Schreuder*-saak verreken nie. Dit bly 'n ope vraag waarom die verweer (die kerkraad) in die *Schreuder*-saak nie getuies geroep het, waardeur die prinsipieel gereformeerd-kerkregtelike standpunt oor die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk, in die hof gestel kon word nie.

Regter Basson het ook in sy uitspraak daarop gewys dat die predikant die saak van die kerkraad in die wêreld bevorder:

> Die predikant[sdiens] voldoen klaarblyklik ook aan ... die definisie van 'n werknemer as iemand wat "op enige wyse help om die die besigheid van 'n werkgewer voort te sit en te bedryf" (*Schreuder vs Nederduitse-Gereformeerde Kerk Wilgespruit & others* 1999 20 ILJ 1936 op 1942).

Hierdie beskouing is eweneens vreemd aan die gereformeerde kerkreg. Die predikant en die kerkraad is geroepe dienaars van Christus. In diens van Christus beywer die predikant en die kerkraad hulle vir die verkondiging van die evangelie, dit wil sê vir die saak van Christus. Die diens van die predikant en die kerkraad in die plaaslike kerk is immers een diens waarvan die fokus verskillend ingestel is (kyk 3.5.1.3).

**Samevattend:** In die *Schreuder*-saak word die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk as 'n werkgewer-werknemer verhouding gereël sonder dat die andersoortige aard (*alius generis*) van die kerk in die samelewing of die eiesoortige karakter (*sui generis*) van die predikantsdiens verreken word. Verder word die beroepsbrief as die arbeidskontrak verstaan aangesien die predikant die besigheid van die kerkraad sou bevorder. Dié uitgangspunt is vreemd aan die gereformeerde kerkreg aangesien die predikant en

die kerkraad gesamentlik besig is om die kerk van Christus deur die verkondiging van die evangelie in die wêreld te bring.

## 3.6 GEVOLGTREKKINGS

Die navorsingsvraag waaruit die hoofstuk ontplooi het, is soos volg geformuleer:

> *Verleen die kerkregtelike begronding van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk 'n 'ander aard' aan dié verbintenis? Indien wel, wat hou die 'ander aard' van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk in?*

Op grond van die navorsing in hoofstuk 3 word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- In die Ou Testament is dit reeds duidelik dat God spesifieke mense tot diens in die tempel roep. Daar is 'n duidelike onderskeid in die bevoegdheid van die koning wat oor die volk regeer en die priesters wat in die tempel dien.
- In die Nuwe Testament vind 'n duidelike skeiding tussen kerk en staat plaas. In die kerk regeer Christus deur sy Woord en Gees én deur die dienste. Die 'ander aard' van die regeermag in die kerk is op die geestelike regering gerig. Die kerk het die alleen bevoegdheid om oor die geestelike sfeer te handel.
- Christus gee 'n aristokraties-presbiteriale wyse van kerkregering in die plaaslike kerk. Hiervolgens gee Hy die *charismata* aan die predikant om die *diakonia* te kan verrig. Deur die roeping tot diens ontvang die predikant die bevoegdheid om in die plaaslike kerk as gesant van Christus op te tree. Die aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk word derhalwe deur Christus bepaal. Hierdie wyse van kerkregering is die beste omdat dit deur Christus aan die kerk gegee word.
- Die aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk word deur drie lyne bepaal. Die eerste lyn is dié tussen

Christus en die gemeente, wat deur die roeping van Christus in die wêreld versamel word. Die tweede lyn is die lyn waardeur die predikant deur roeping tot diens in die plaaslike kerk geroep word. Die derde lyn vorm die aristokraties-presbiteriale verbintenis tussen Christus en die plaaslike kerk. Hiervolgens is die predikant 'n dienskneg van Christus in die gemeente.

- Die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk vind in 'n andersoortige gemeenskap (*alius generis*) plaas en het 'n eiesoortige aard (*sui generis*). In sy diens word die predikant nie aan die kerkraad ondergeskik nie. Die kerkraad voer derhalwe nie oor die predikant gesag nie. Die gesag in die plaaslike kerk berus by Christus. Hy deligeer nie sy gesag aan mense nie, maar oefen dit uit deur die Woord en Gees én deur die gesamentlike uitvoering van die besondere dienste.

- Die aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk veroorsaak dat die arbeidswetgewing, wat ten doel het om 'n gesagsverhouding tussen twee partye te reël, nie op die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk van toepassing is nie. Die gesag in die kerk berus by Christus en die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk word op grond van die Woord gereël.

- Die aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk kan vanuit die diens van 'n soldaat verstaan word. Soos 'n soldaat hom nie met die gewone dinge van die lewe besig hou nie, is die predikant ook nie met die gewonde dinge besig nie. Sy diens aan die plaaslike kerk moet ooreenkomstig verstaan word.

- Die beroepsbrief gee aan die Skrifbeginsel van *stipendia iusta* uitdrukking. Hiervolgens word die predikant op grond van die Skrifbeginsel en nie op grond van die arbeidswetgewing nie, behoorlik versorg. Die beroepsbrief reël die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk sonder om die aard van die verbintenis in gedrang te bring.

- In wese gee die traktement van die predikant die aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk korrek weer. Die predikant ontvang sy traktement om daardeur in staat gestel te word om sy diens te kan verrig. Die traktement wat die predikant ontvang, word nie aan hom gegee vir dienste gelewer soos in 'n arbeidskontrak nie.
- In die *Schreuder*-saak is die andersoortige aard van die kerk en die eiesoortige aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk nie inag geneem nie. Die uitspraak in die *Schreuder*-saak is gegrond op getuienis waarin slegs die een kant van die saak aan die hof gestel is. Die verweer (die kerkraad) het nie die geleentheid gebruik om ook spesialiteitsgetuies te roep nie.

# HOOFSTUK 4

## BEVOEGDHEID OM DIE PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK TE REëL

### 4.1 INLEIDING

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) bied ook aan die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika die vryheid om hulle kerkregering te kan beoefen (vgl. Freedman, 1999:163). Die staat mag nie teen enig- iemand onbillik op grond van godsdiens diskrimineer nie (art. 9 (3)). Elkeen het die reg op die vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening (art. 15 (1)). Ook die reg om aan 'n spesifieke kerk te behoort word in die grondwet verskans (art. 31 (1)):

> Persons belonging to a cultural, religious or linguistic community may not be denied the right, with other members of that community –
>
> (a) to enjoy their culture, practice their religion and use their language; and
>
> (b) to form, join and maintain cultural, religious and linguistic associations and other organs of cival society.
>
> (2) The rights in subsection (1) may not be exercised in a manner inconsistent with any provision of the Bill of Rights.

Die beperkingsklousule hierbo moet saam met die beperkingsklousule in artikel 36 gelees word:

> (1) The rights in the Bill of Rights may be limited only in terms of law of general application to the extend that the limitation is reasonable and justifiable in an open and democratic society based on human dignity, equality and freedom, taking into acount all relevant factors, including –
>
> (a) the nature of the right;

(b) the importance of the purpose of the limitation;

(c) the nature and extent of the limitation;

(d) the relation between the lemitation and its purpose; and

(e) less restrictive means to achieve the purpose.

(2) Except as provided in subsection (1) or in any other provision of the Constitution, no law may limit any right entrenched in the Bill of Rights.

Dit bly egter 'n vraag in watter mate die howe die kerkregering op grond van die kerkorde as regsgeldig gaan erken. In hierdie hoofstuk word die bevoegdheidsvraagstuk ten opsigte van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk nagevors:

*Het die kerk of die staatsowerheid die bevoegdheid om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël?*

Die bevoegdheidsvraagstuk word aan die hand van die volgende vrae nagevors:

- Hoe word die kerklike bevoegdheid oor kerklike sake in onderskeid met die staatsbevoegdheid oor staatsake omlyn?
- Hoe is die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk in die verlede deur die howe in Suid-Afrika beoordeel?
- Hoe behoort die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk op grond van die Gereformeerde kerkregering deur die howe in Suid-Afrika beoordeel te word?
- Kan die kerkorde se reëling van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk as regsgeldig beskou word?
- Reël die GKSA die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk billik, sonder dat beslegting deur die staat op grond van arbeidswetgewing nodig is?

## 4.2 OMLYNING VAN KERKBEVOEGDHEID OOR KERKLIKE SAKE TEENOOR STAATSBEVOEGDHEID OOR STAATSAKE

### 4.2.1 Prinsipieel: Romeine 13:1-7

Die vraag kan geopper word of die kerk dit nie aan die staatsbevoegdheid moet oorlaat om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël nie. Volgens Romeine 13:1-7 het die owerheid as instelling van God die bevoegdheid om reg en orde in die samelewing te handhaaf. Verontagsaam die kerk nie die Skrifopdrag tot gehoorsaam aan die staat wanneer hy die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk op 'n kerklike wyse reël nie?

In die gereformeerde kerkreg word die bevoegdheid van die owerheid om reg en orde te handhaaf op grond van die Skrif voluit erken (Rom. 1:1-7; vgl. Vorster, 1999:54):

> Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God (Rom. 13:1).

Die gesag van die owerheid kom eerstens van God:

> Wie hom teen gesag verset, kom dus in opstand teen die ordening van God (Rom. 13:2(a)).

Die kerk moet die staatsowerheid gehoorsaam op elke gebied waaroor die staatsowerheid die bevoegdheid het, omdat die staatsowerheid 'n instelling van God is en die staatsregeerders as werktuie in die hand van God optree (Ridderbos, 1966:360, 361). Die tipiese bevoegdheid van die staat lê in die ordening van die samelewing deur wetgewing waarvolgens belange in die samelewing geharmonieer kan word, die algemene orde en veiligheid gehandhaaf kan word en vooruitgang en welvaart geskep kan word (vgl. Eloff, 1982:70 e.v.) Die staat het dus 'n spesifieke taak in en ten opsigte van die samelewing.

Onafhanklik van die staatsbevoegdheid oor staatsake het die kerk wel ook terdeë 'n eie bevoegdheid oor kerklike sake (vgl. 2.3.2).

Hierdie eie bevoegdheid van die kerk beteken nie dat die kerk nie gehoorsaam aan alle staatswette moet wees wat die kerk se verhoudings en lewe op die maatskaplike terrein raak nie. Hierdie bevoegdheid van die kerk beteken egter wel dat die kerk kragtens sy eie besondere en andersoortige aard volgens die Skrif reëlings vir sy eie organisasie moet tref en instand hou.

Hierdie Skrifopdrag beteken uitdruklik dat die reëlings oor die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk nie onder die bevoegdheid van die staat val nie, maar onder bevoegdheid van die kerk. Wanneer die staat sou ingryp in die kerkregering, om kerklike reëlings bywyse van staatswette af te dwing, mag die kerk nie aan die staatsowerheid gehoorsaam wees nie:

> [Dan] kan daar nie sprake wees van 'n onderworpenheid aan die owerheid nie, want hy moet God steeds meer gehoorsaam wees as mense (Hand. 5:29) (Jonker, 1976: 176; Du Plooy, 1991:115.).

**Samevattend:** Die bevoegdheid van die staatsowerhede oor alle staatster-reine word voluit deur die kerk erken. Daar is egter terreine waaroor die staatsowerheid nie bevoegdheid het nie. So 'n terrein is byvoorbeeld dié van die kerk se interne reëlings waarvolgens hy sy voortbestaan moet beveilig. Die reëlings oor die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk is derhalwe nie aan staatsbevoegdheid onderhewig nie, maar aan kerkbe-voegdheid.

### 4.2.2 Kerkbevoegdheid en staatsbevoegdheid: Twee ryke

In navolging van Bucer het Calvyn ook op grond van die Skrif 'n onderskeid tussen kerk- en staatsbevoegdheid gehandhaaf (vgl. Van't Spijker, 1990(a):135). Hierdie onderskeid vind uitdrukking in Calvyn se leer van die twee ryke (Spoelstra, 1978:22; Du Plooy, 1991:106). Hiervolgens regeer God oor die ganse wêreld, kerk en staat. Die kerk ontvang die bevoegdheid om die kerkregering op grond van die Woord te behartig. Hiervolgens is dit Christus Self wat oor sy kerk regeer. Hy doen dit deur die besondere dienste wat Hy hiervoor ingestel het (Du Plooy, 1992:763). Die staatsowerheid

ontvang die bevoegdheid van Christus om deur wetgewing die samelewing ordelik te reël. Of die staatsowerheid Christus hoegenaamd sou erken, of nie, die feit is dat die staatsowerheid slegs deur die grasie van God regeer en dus sy regeringsbevoegdheid en opdrag van God ontvang (Rom. 13:1).

Die bevoegdheid van die kerk om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël, is daarin geleë dat die kerk nie die geestelike sy van die Christelike staat is wat deur staatswetgewing regeer word nie. Soos aangetoon het die kerk 'n eie Skriftuurlike opdrag, onafhanklik van die staatsowerheid ontvang, waarvolgens hy die kerkregering moet behartig (kyk 4.2.1).

Op grond van die beginsels wat Calvyn uitgewerk het, moet die kerk sy eie sake, wat die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk insluit, in onderskeid én in onafhanklikheid van die staat ooreenkomstig die Woord van God reël:

> [... dat die kerk volgens] die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word (NGB art. 30; Polman, s.j: 10 e.v.).

Die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk val onder die bevoegdheid van die geestelike regeermag wat bywyse van die kerkregering aan die kerk verleen is (kyk hoofstuk 2; Van't Spijker, 1990(a):132). Hieruit blyk dat die kerk die bevoegdheid het om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël.

Uit die navorsing blyk reeds dat die koms van die koninkryk nie die staatsowerheid oorbodig maak nie. Trouens, die owerheid ontvang 'n eie opdrag en taak wat ook op die bevordering van die koninkryk van Christus gerig moet word (vgl. Van der Linde, 1980:41). Die staatsowerheid se taak is om toe te sien dat geregtigheid, vryheid en sedelikheid gehandhaaf word. Ook moet die staatsowerheid die geleentheid aan kerke skep om hulle taak te kan uitvoer sodat die godsdiens openbare gestalte verkry. Terselfdertyd moet die kerk die evangelie aan die staatsowerhede uitdra, sodat die staat al hoe meer bewustelik en doelgerig in die handhawing en uitbreiding van die koninkryk van Christus betrek kan word. Daar bestaan dus tussen koninkryk en staatsowerheid 'n noue verhouding:

> Het overheidsambt is een goddelijk ambt. In het handhaven van orde en recht is de overheid dienstbaar aan de komst van het Koninkrijkt. Het wereldlijk ambt word deur Calvijn zedelijk en religieus gekwalifiseerd, het is een "vocatio" een roeping van God (Balke, 1973:273 aangehaal deur Du Plooy, 1992:765).

Hoewel kerk en staat 'n eiesoortige funksie in die samelewing het, staan beide in diens van die koninkryk, gerig op die volle realisering daarvan (Du Plooy, 1991:114), sonder dat die een deur die ander oorheers word of op mekaar se terreine oortree (Du Plooy, 1992:769). Kerkregering behoort nie met burgerlike regering vermeng of geïntegreer te word nie. Terwyl die staatsowerheid oor 'n spesifieke geografiese gebied regeer, regeer Christus oor sy kerk, oor die grense van volke, tale en kulture (ibid:769). Die kerk reël die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk volgens die Skrifopdrag. Hierdie reëling is nie tot 'n geografiese gebied beperk nie, maar realiseer in en oor die grense van nasies, volke en tale.

Ook in die Gereformeerde belydenis vind die voorafgaande navorsing 'n weerklank:

> (Om) die heilige Woordbediening te beskerm, *om sodoende* (*my beklemtoning – J.S.*) alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die antichris te vernietig en die en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder ... (NGB art. 36).

Die woord "sodoende" toon aan dat dit nie die taak van die owerheid is om die ryk van die antichris te vernietig nie, maar dat die owerheid aan die kerk ruimte moet skep om die Woord te bedien sodat die ryk van die antichris deur die swaard van die Gees en die bediening van die Woord vernietig kan word (Du Plooy, 1991:116). Die diens van die predikant in sy verbintenis aan die plaaslike kerk vind binne die liggaam van Christus plaas en het die versorging van die kerk en die uitbreiding van die koninkryk ten doel. Binne die koninkryk word die verhouding tussen die predikant en die plaaslike kerk deur Christus bepaal. Derhalwe berus die bevoegdheid om die predikant se

verbintenis aan die plaaslike kerk te reël by die kerk en nie by die staatsowerheid nie.

**Samevattend:** Volgens Bucer én Calvyn bestaan daar 'n onderskeid tussen kerkbevoegdheid en staatsbevoegdheid. Beide kerk en staat word deur die koninkryk van Christus omvat, maar elkeen het 'n eie gerigtheid en terrein. In die kerk regeer Christus direk deur sy Woord en Gees oor sy volk by wyse van sy geroepe dienaars. In die wêreld regeer Christus deur die staatsower-hede wat Hy daarstel, ongeag hulle erkenning van Hom en sy Woord. Kerklike reëlings vir die handhawing van die goeie orde terwille van die voortbestaan en die roepingsvervulling van die kerk, val onder die bevoegdheid van die kerk. Die bevoegdheid oor die reëlings vir die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk val voluit onder kerkbevoegdheid – en nie onder staatsbevoegdheid nie.

### 4.2.3 Gereformeerd-kerkregtelike omlyning

Volgens die gereformeerd-kerkregtelike perspektief het die plaaslike kerk op grond van die kerkorde die bevoegdheid om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël. Hierin speel die eiesoortige aard van die predikantsdiens, wat op die Skrifbeginsels van roeping, charisma en diakonia berus, 'n wesentlike rol. Pel (1991:19, 20) wys daarop dat die eiesoortige aard van die predikantsdiens, wat ook in hierdie studie nagevors is, deur die volgende kontoere uitgelig word:

- Die diens van die predikant kan nie in besonderhede in 'n kontrak gespesifiseer word nie (kyk 3.5.1.1; NGB art. 30; KO art. 16; Bevestigingsformulier vir predikant, 1976:136 e.v.).
- Die kerkregtelike verbintenis tussen die predikant en die plaaslike kerk is 'n eiesoortige verbintenis wat op veel meer as 'n kontrak berus (kyk 2.3.2; 2.5.1; 2.5.2).
- Die eiesoortige karakter van die traktement van die predikant maak voorsiening vir sy versorging en is nie 'n vergoeding vir sy dienste volgens ure en insette nie (kyk 3.5.1.2).

- Die besondere en eiesoortige verhouding tussen die predikant en die kerkraad wat op wedersydse vertroue en agting berus en op grond van Skrifgegewens gereël word (kyk 2.5.1; 3.5.1.4; 3.5.1.5; Van't Spijker, 1990(b):157).
- Die gelykheid van die dienste van die predikant en die ouderlinge, wat gesamentlik die kerkraad vorm, waarin hulle ten opsigte van die gemeente 'n gesamentlike taak vervul, bring mee dat die predikant nie as die werknemer van die kerkraad gesien kan word nie (vgl. 3.5.1.5).

Die bogenoemde kontoere wat as kerkregtelike beginsels aangemerk moet word, bied 'n basis vir 'n korrekte juridiese interpretasie van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk:

> Een juiste kijk op deze eigen aard van de kerkrechtelijke verhouding tussen predikant en kerk(ken) is van wezenlijk belang voor de handhaving van de eigen aard tegenover rechtsinvloeden van buitenaf ... (Pel, 1991:20).

**Samevattend:** Die predikantsdiens is in sy totaliteit op God en die versorging van die gemeente gerig. Vanweë die beginsels wat die aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk onderlê, moet daar juridies met die eiesoortigheid van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk rekening gehou word.

## 4.3 BEOORDELING VAN DIE PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK DEUR DIE HOWE

### 4.3.1 Die kerk as korporasie (universitas)

'n Korporasie, of te wel 'n universitas, is 'n eenheid of 'n geheel, van afsonderlike lede wat gesamentlik 'n regspersoon vorm (Hiemstra & Gonin, 1992:300). Aanvanklik is kerke in Suid-Afrika as gemeenregtelike regspersone of korporasies beoordeel (Pienaar, 1986:8). In *Louvis ea vs Oikonomos ea* 1917 TPA 475 oordeel die hof dat die kerk 'n korporasie is waarin die bedienaar van die Woord die reg het om volgens die bepalings van die kerk sy diens uit te voer. Ook in *Venter ea vs Den Kerkraad der Gereformeerde kerk te*

*Bethulie* 1879 OVS 4, die enigste saak van die GKSA wat in die hof bereg is, gaan die hof van die standpunt uit dat die kerk 'n korporasie is:

> Met die oog op de hierboven aangehaalde outoriteiten (Voet) heb ik geenen twijfel dan dat de Gereformeerde Kerk van Bethulie een geldelijk lichaam is, of eene corporatie; en dat zoodanige corporatie geene uitdrukkelijke outorisatie noodig heeft ... Naar mijn oordeel is de kerk van Bethulie eene corporatie ... (*Venter ea vs. Den Kerkraad der Gereformeerde kerk te Bethulie* 1879 OVS 4 p. 6; vgl. Pienaar, 1986:7, 8).

In die laasgenoemde hofuitspraak blyk dat die hof voorsiening wou maak vir die erkenning van die kerk as 'n andersoortige (*alius generis*) gemeenskap in die samelewing deur te stel dat die kerk as 'n korporasie nie goedkeuring van elders vir sy besluite nodig het nie. Ook in die saak *Dutch Reformed Church, Van Wijks Vlei vs Registar of deeds* 1918 CPD 375 oordeel die hof dat die kerk 'n korporasie met 'n besondere aard is en dat die kerk as sodanig 'n eie reg tot 'n eie kerkregering het:

> A church is a corporation of a particular kind, it is called into existense for a particular purpose, which is part of his constitution and cannot be interfered with (*Dutch Reformed Church, Van Wijks Vlei vs Registar of deeds* 1918 CPD 375 op 477).

Deurdat die hof die kerk in al drie die genoemde uitsprake as 'n korporasie (universitas) beoordeel, blyk dat hierdeur 'n erkenning van die andersoortige aard van die kerk na vore kom. Tog bied dié uitsprake, wat aan die andersoortige aard van die kerk regsgeldigheid verleen, nie die versekering aan kerke dat die arbeidswetgewing nie op die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk van toepassing gemaak kan word nie. Die staatsowerheid sou, ondanks die howe se beoordeling van die kerk as 'n korporasie, of te wel 'n universitas, steeds sy wetgewing oor arbeidsake op die kerke van toepassing kon maak.

**Samevattend:** In die beskouing dat die kerk 'n korporasie is, word gepoog om die kerk as andersoortige instelling in die samelewing te akkommodeer. Die definiëring van die kerk as 'n korporasie deur die howe gee egter nie voldoende uitdrukking aan die andersoortige aard van die kerk in die samelewing nie. Wanneer die kerk as 'n korporasie beoordeel word, is daar geen sekuriteit dat die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk noodwendig as 'n uitsluitlik kerklike aangeleentheid beoordeel sal word nie.

## 4.3.2 Die kerk as vrywillige vereniging (*societas*)

### 4.3.2.1 Agtergrond

In verskeie uitsprake na die *Venter*-saak en die *Van Wijksvlei*-saak het die hof beslis dat alle religieuse instellings vrywillige verenigings, of te wel *societas*, is (*De Waal vs Van der Horst* 1918 TPD 277 op 281; *Theron vs Ring van Wellington, NG Sendingkerk in SA* 1 (A) op 25). Die klaarblyklike kerkbeoordeling wat oorwegend deur die howe gevolg word, word bepaal deur 'n spesifieke kerkbegrip wat aan die begin van die 19e eeu, vanweë die invloed van die Verligting, in Suid-Afrika ingedra is (Jooste, 1958:15). Hierin speel die invloed van sowel die Skotse presbiterianisme, die supernaturialisme asook die Duitse kollegialisme 'n beduidende rol (De Wet, 1921:1, 2, 88 e.v.; Brown, 1992:700, 703-707).

In die Kaap het die Skotse presbiteriaanse tradisie 'n aansluiting gevind by die supernaturalistiese interpreasie van die Algemene Reglement van 1816. Beide denkstrome het van regsbeginsels gebruik gemaak om die kerk as instituut te orden. Dit lei onder meer daartoe dat die kerk as "kerkgenootskap" beskryf word. Eweneens beskryf die kollegialisme die verhouding tussen kerk en staat vanuit die verenigings-reg. Hiervolgens word kerkgenootskappe as gelykberegtigde godsdienstige verenigings gesien (Brown, 1992:699, 701, 703).

Sowel die kollegialisme as die presbiterianisme én die supernaturalisme wou die onafhanklikheid van die kerk ten opsigte van staatsgesag handhaaf (Brown, 1992:696). Tog skep hierdie

denkrigtings die basis waarop die kerk as 'n vrywillige vereniging, oftewel 'n *societas*, gesien kan word. En ironies genoeg val 'n *societas* juis regtelik gesproke kragtens sy aard as 'n vrywillige vereniging onder die ordeningsbevoegdheid van die staat (Pienaar, 1986:14, 15)!

J.A. de Mist was 'n regs- en staatsman wat deur die beskouings van die Verligting gevorm is. Met sy aankoms in die Kaap (1802/3) moes hy onder meer die "godsdiens in orde" kry (Pont, 1991(II):171). Om hierdie rede bring hy in 1804 die Provisioneele Kerken-Ordre (PKO) uit. In die PKO word die standpunt gehuldig dat die staat die taak het om die kerk te beskerm en na kerklike belange om te sien. De Mist klee die kerk-staat verhouding aan die Kaap volgens 'n kerklike staatsreg in (Brown, 1992:699).

Die kerk bly volgens De Mist se kerkorde onder die patronaatskap van die staat. Hoewel die predikant deur die kerkgenootskap versorg word (PKO art. 8), mag hy alleen met toestemming van die goewerneur 'n spesifieke ge-meente bedien (PKO art. 10). Ook kon die kerkgenootskap byvoorbeeld slegs met toestemming van die goewerneur meer as een predikant in die gemeente hê (PKO art. 9).

In die Algemene Reglement van 1824 met sy presbiteriaanse, maar veral kollegialistiese trekke, eis die staat die handhawing van "die gesonde kerklike leer". Aan die predikant word 'n spesifieke Skriftuurlik bepaalde doelwit of arbeidsveld deur die staatsgesag voorgeskryf. Die besondere dienste van ouderling en diaken verloor hulle kerklike dienskarakter (*ministerium*) en word met 'n staatlike ampskarakter (*officium*) vervang. Die vereistes wat vir dié besondere dienste gestel word, is oorwegend sekulêr. Dit bring te weeg dat die besondere dienste op 'n kollegialistiese wyse demokraties uit die gemeente opkom en dat die voortreflikste lede in die "ampte" staan en derhalwe 'n regeringshiërargie vorm (Pont, 1991(II):244, 245).

In die genoemde Algemene Reglement (1824) van die staat word daar van die gereformeerde beginsels oor die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk en van die Skriftuurlike kerkregering afstand gedoen (Brown, 1992:699). Vanweë ontevredenheid oor die staat se inmenging in kerklike sake word

Ordonnansie 7 van 1843 aanvaar. Hoewel dié Ordonnansie op grond van die kollegialistiese, presbiteriaanse en supernaturalistiese invloede 'n skeiding tussen kerk staat beoog het, bly die kerk as vrywillige vereniging, wat op kontrak berus, steeds aan die staat onderdanig (Pienaar, 1986:14, 15). Die poging van die kerke om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk as 'n kerklike saak te reël, het misluk. Die goewerneur het die voorstel verwerp om die Calvinistiese beroepingstelsel in te voer. So het die goewerneur die bevoegdheid behou om predikante vir plaaslike kerke aan te stel (Pont, 1991(II):259).

**Samevattend:** Die kerk-staat verhouding in Suid-Afrika is sedert die koms van De Mist deur die denke van die Verligting beïnvloed. Deur die patronaatskap wat die staat oor die kerk uitgeoefen het, is die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk deur die staat bepaal. Die kerk word as gevolg van die genoemde invloede as 'n vrywilige vereniging (*societas*) gesien. Hiervolgens is die predikant letterlik as 'n amptenaar van die goewerneur beskou (Pont, 1991(II):210).

### 4.3.2.2 Regspraak

In die regspraak bied Ordonnansie 7 die grondslag waarvolgens die howe die kerke dusver oorwegend beoordeel het (Pienaar, 1986:15, 16; *Loedolff and Smuts vs Robertson and others* 1863 Searle 128; *Burgers vs du Plessis and others* 1866 1 Roscoe 385 op 397 en 399; *Long vs Bishop of Cape Town* 1863 4 Searle 162 op 176 en 177; *Du Plessis vs The Synod of the Dutch Reformed Church* 1930 CPD 403 op 414, 417 en 426). Appèlregter Jansen wys uitdruklik daarop dat die howe kerke in terme van Ordonnansie 7, wat reeds in 1843 deur die wetgewer aan die Kaap gevestig is, beoordeel:

> Dit is reeds genoem dat die respondente nie *aanspraak maak op groter immuniteit teen ingryping deur die Hof* as die wat deur die organe van 'n nie kerklike genootskap ("voluntary associations") geniet word nie. Trouens, op hierdie terein is kerke nog altyd in ons regspraak *op dieselfde grondslag as sodanige genootskappe beoordeel*

(*my beklemtoning – J.S*; *Theron vs NG Sendingkerk in SA* 1976 2 SA 1(A) op 25; vgl. Pienaar, 1986:9, 16; kyk 3.5.6.1).

Ook in die kerkreg in Nederland vind die uitgangspunt dat die kerk as 'n gewone gemeenskapskring (vrywillige vereniging) beoordeel moet word in Nauta (1971:7, 9) se verklaring van die kerkorde, neerslag. 'n Vrywillige vereniging, oftewel *societas*, is 'n vennootskap wat deur verskillende partye tot stand gebring word (Hiemstra & Gonin, 1992:200). Hiervolgens is die kerkorde 'n reëlboek wat deur die gelowiges opgestel word om ordelik met mekaar saam te lewe. Die beskouing dat kerke vrywillige verenigings (*societas*) is, vind sonder twyfel dusver 'n neerslag in hofuitsprake in Suid-Afrika:

- plaaslike kerke word as kerkverband en nie in kerkverband nie, beoordeel (Van der Linde, 1965:122, 123; vgl. *Schreuder vs Nederduitse Gerefoemeerde Kerk, Wilgespruit and others* 1999 20 ILJ 1936 op 1942). Hiervolgens word plaaslike kerke as deel van 'n groter kerklike hiërargie, beoordeel;
- derhalwe word alle kerke van gereformeerde belydenis volgens die kollegialistiese beskouing beoordeel; en
- die regsgrond is dus inderdaad geskep dat 'n predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk presies dieselfde verbintenis as die van 'n werknemer in enige ander samelewingsinstansie is (vgl. Pienaar, 1986:9).

Hoewel die kollegialistiese kerkregering sedert die reformasie ontwikkel het, bied hierdie kerkregeringstelsel nie 'n algemene deler waarvolgens verskillende kerke se kerkregering deur die howe beoordeel kan word nie. Elke kerkregeringstelsel gaan van fundumenteel verskillende uitgangspunte oor kerkbeskouing, gesag en die besondere dienste uit (kyk Smit, 1985:hoofstuk 2). Deur die kollegialistiese beskouing as norm vir die beoordeling van kerklike sake te verhef, word die andersoortige aard van die kerk in die samelewing én die eiesoortige verbintenis van die predikant in sy verbintenis aan die plaaslike kerk in die gereformeerde kerkregering,

gereduseer en vervorm tot 'n bepaalde wyse van kerkregering wat nie die toets van die Skrif kan deurstaan nie.

Dié prinsipieel verkeerde uitgangspunt ten opsigte van die kerk as 'n *societas* skep die geleentheid om staatswetgewing, soos in die *Schreuder*-saak, op die kerk van toepassing te maak (vgl. 2.3.1; 2.3.2; 2.3.3). Verder word die moontlikheid geskep dat die bevoegdheid wat kerke het om hulle eie sake te reël as 'n vergunning van die staat gesien kan word en nie soseer 'n erkenning is van die kerk se andersoortige karakter in die samelewing nie (vgl. *Theron vs NG Sendingkerk in SA* 1976 2 SA 1(A) op 25). Die dilemma van die klaarblyklike ontkenning van die andersoortige aard van die kerk deur die howe in Suid-Afrika rus op die vervormde beskouinge oor die wese en aard van die kerk wat deur die loop van die negentiende eeu in Suid-Afrika gevestig is (kyk 4.2.2).

**Samevattend:** Daar bestaan 'n direkte verband tussen die siening dat die kerk 'n vrywillige vereniging is en die toepassing van die arbeidswetgewing op die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk. Verder lei die beskouing dat die kerk 'n vrywillige vereniging is daartoe dat alle kerke op gereformeerde belydenis vanuit 'n kollegialistiese kerkbeskouing, wat nie op die gereformeerde beskouing toegepas kan word nie, beoordeel word. Hoewel die kerk ook as 'n korporasie (*universitas*) deur die howe in Suid-Afrika beoordeel is, blyk dat die howe in Suid-Afrika dusver oorwegend die kerk volgens Ordonnansie 7 as 'n vrywillige vereniging, oftewel 'n *societas*, beoordeel het.

## 4.4 GRONDSLAG VIR 'N BEOORDELING VAN DIE PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK DEUR DIE HOWE

Die gereformeerde kerkregering handhaaf die andersoortige (*alius generis*) aard van die kerk in die samelewing (kyk 2.3.1; 2.3.2), waaroor die kerk die regeringsbevoegdheid het (kyk 4.2.2; 4.2.3), teenoor die kollegialistiese standpunt wat tans in die regspraak figureer (kyk 4.3.2.2). Die GKSA het vanweë die kerkregtelike en

juridiese selfstandigheid van die plaaslike kerk 'n duidelike omskrywing van die kerk vanuit Skriftuurlike, kerkregtelike en dogmatiese beginsels, met inagneming van die juridiese implikasies, gegee (Acta, 1982:626-630; kyk ook Acta, 1955:70 e.v.).

- Sinode 1985 van die GKSA het besluit dat die naam "Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika" verkeerdelik tot die persepsie van 'n *universitas* aanleiding kan gee, of die persepsie van 'n kollegialistiese kerkbeskouing wat op 'n *societas* uitloop, kan skep. Gevolglik het dié sinode die naam verander na die "Gereformeerde *Kerke* in Suid-Afrika" (*my beklemtoning – J.S.*). Hiervolgens gee die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika uitdrukking aan 'n kerkbegrip waarin die kerk in sy veelvoud as 'n andersoortige gemeenskap beoordeel moet word (Acta, 1985:466, 468, 476-477).
- Uit die genoemde sinodebesluit blyk verder dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika as veelvoudige uitdrukking van die één liggaam van Christus sy andersoortige karakter in die wêreld ook in regshandelinge tot uitdrukking bring. Die sinode besluit dat die Administratiewe Buro tot 'n gesamentlike regspersoon van al die kerke in kerkverband omvorm word. Volgens die besluit behartig die Administratiewe Buro alle roerende bates wat gesamentlik aan die kerke in kerkverband behoort. Hierin geld die uitsondering van roerende bates wat aan trustees behoort en as sodanig geadministreer word én roerende bates wat aan 'n maatskappy behoort, wat deur die maatskappy geadministreer word (Acta, 1985:477).
- Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kan trusts, maatskappye en stigtings in die lewe roep (Acta, 1985:473-475). Om te verseker dat die sinode nie as 'n oorkoepelende gesagsliggaam beoordeel word nie, skep die kerke 'n gesamentlike regspersoon wat gesamentlike regsbelange van die kerke behartig (Acta, 1985:475, 476).

Uit die genoemde sinodebesluit kan belangrike afleidings oor die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk gemaak word:

- die predikant word in die Nuwe Testament nie aan 'n versameling kerke, wat 'n gesamentlike eenheid as 'n gesamentlike regspersoon (*universitas*) vorm, verbind nie;
- die predikant word eweneens nie aan 'n vereniging, wat op vrywillige en willekeurige menslike aandadigheid berus ('n *societas*), verbind nie, maar aan die "vergadering van gelowiges", dit is die plaaslike kerk (NGB art. 27; vgl. Acta, 1985:463, 464);
- die bevoegdheid om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël berus by die plaaslike kerk. Hierin staan kerke in kerkverband die plaaslike kerk by, sonder om die komplete karakter van die plaaslike kerk enigsins te kompromoteer (vgl. KO art. 44);
- die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk het 'n ander aard as enigiemand se verbintenis aan 'n maatskappy, stigting of trust. Dié verbintenis behoort dus nie volgens die beginsels van die genoemde instellings beoordeel te word nie;
- vir die korrekte juridiese beoordeling van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk is dit wesentlik dat 'n korrekte kerkbegrip as uitgangspunt dien (vgl. Du Plooy, 1986:4);
- dit is die verantwoordelikheid van die kerke self om 'n korrekte kerkbegrip te formuleer en te onderhou, waarvolgens die howe kerklike sake op grond van die ware wese en aard van die kerk kan beoordeel (Smit, 2001(b):15).

Die kerkbegrip wat die GKSA handhaaf bied 'n korrektief op die kollegialistiese kerkbegrip wat tans as die norm vir regspraak in kerklike sake gebruik word. In die kerkbegrip van die GKSA word die kerk as 'n andersoortige gemeenskap in die wêreld erken, waarin die kerk die bevoegdheid het om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël. Hiervolgens het die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk 'n eiesoortige karakter en tree die predikant nie as 'n werknemer van die kerkraad op nie (vgl. Pienaar, 1986:38).

**Samevattend:** Die grondslag vir die beoordeling van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk lê in die erkenning van die andersoortige (*alius generis*) aard van die kerk in die samelewing. Hierdie andersoortige aard van die kerk dui nie op 'n *universitas* of op 'n *societas* nie, maar op 'n eie, andersoortige wyse wat in die presbiteriale kerkregeringstelsel tot uitdrukking kom. Hiervolgens kan die plaaslike kerk gesamentlike belange en regshandelinge by wyse van 'n gesamentlike liggaam wat as regspersoon optree, behartig.

## 4.5 PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK: GELDIGHEID VAN DIE GEREFORMEERDE KERKORDE

### 4.5.1 Skrif en kerkorde

Die kerkregtelike geldigheid van die gereformeerde kerkregering, waarin die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk gereël word, berus op die Skrif (Van't Spijker, 1993:181). Die vraag wat beantwoord moet word is of die kerklike geldigheid van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk, wat in die verhouding tussen die Skrif, belydenis en kerkorde setel, ook regsgeldig is in terme van die staat se beoordeling van kerklike sake deur middel van hofuitsprake.

Indien die staat die geldigheid van die eiesoortige (*sui generis*) kerkregering erken, behoort hy byvoorbeeld nie wetgewing oor arbeidsaspekte op die kerk van toepassing te maak nie. Die staat behoort dan eerder deur middel van hofbeslegting te bepaal of die kerk sy eie bepalings (kerkreg) aan die hand van kerkordelike bepalings ordelik nagekom en uitgevoer het. In die kerkorde kom die Skrifbeginsels vir die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk konkreet en prakties tot uitdrukking (Jooste, 1951(I):16).

Die Skrif is die *norma normans* (normerende norm) waarvolgens die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk gereël word. Die kerkorde is derhalwe nie gelyk aan die Skrif nie en het ook nie 'n wetlike karakter nie. Die legitimiteit van die kerkorde rus daarin dat

dit 'n ordening van die Skrifbeginsels wat God vir sy kerk gee, is. Die kerkorde kom uit die Skrif na vore en verwys terug na die Skrif as die eintlike setel van die gesag (Pont, 1978:24). Gegrond op die Skrif, reël die kerkorde die wyse van optrede vir die kerk om te voorkom dat die Skrif oortree word, én die wyse van optrede wanneer die Skrif wel oortree word (Smit, 1983:102). Die kerkorde is die dokument waarvolgens die kerk sy interne reg in ooreenstemming met Skrifbeginsels bepaal. In die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk gee die kerkorde uitdrukking aan die ordelike wyse waarop dié verbintenis moet plaasvind (vgl. Smit, 1983:61).

Deur die onderhouding van die kerkorde onderwerp die gelowiges hulle aan die regering van Jesus Christus, soos Hy dit in die Skrif bepaal (vgl. 4.3.3; Van der Walt, 1976:161). Daar bestaan immers nie 'n kontrak tussen die onderdane van 'n koning om aan hom gehoorsaam te wees nie. Wie tot diens aan die Koning geroep word, sluit ook nie 'n kontrak met medegelowiges om aan Hom onderdanig te wees nie. Hulle deel in sy koninkryk op grond van hulle geboortereg. Hierdie geboortereg is die wedergeboorte, waarvolgens mense in God se koninkryk betrek word en in verantwoordelik teenoor hom in die geloof lewe (vgl. Heyns, 1977:6). Die kerkorde is dus die enigste norm waaraan die regsgeldigheid van kerklike handelinge in kerklike sake getoets behoort te word.

**Samevattend:** Die legitimiteit van die kerkorde berus in die Skrif as hoogste gesag vir die kerk. Die grondwet vir die kerk is die Skrif. Dit hou in dat die kerkorde die Skrifbeginsels wat God vir die regering van sy kerk gee, in praktiese reëlings oor kerklike sake, tot uitdrukking bring. Die kerkorde se gesag is nie in homself geleë nie, maar in die Skrif (vgl. Smit, 1984(b):22). Die kerkorde is derhalwe die dokument waarvolgens die kerkregering gereël word, en as sodanig is die kerkorde die ordereëling van die kerk waaraan die regsgeldigheid van alle kerklike handelinge getoets behoort te word.

### 4.5.2 Belydenis en kerkorde

Die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk word op grond van Skrifbeginsels gereël. Dié Skrifbeginsels word veral in die belydenisskrifte van die kerk verwoord. Die belydenis is die verwoording van die kerk se geloof in die Skrif, daarom is die belydenis niks anders as 'n gelowige nasê van die Skrif (Smit, 1983:65). As sodanig is die belydenis *homologein* (om dieselfde te sê) van die Skrif (Polman, s.j:6,7). In Matteus 16 sê Jesus aan die dissipels dat die belydenis van Petrus nie uit homself kom nie, maar dat dit die werk van die Heilige Gees is. Hierdie uitspraak is die beginsel waarop die belydenisskrifte skarnier – wat die kerke glo, soos dit verwoord is in die belydenisskrifte en deur die eeue aan die Woord getoets is, is deur die werk van die Heilige Gees (Smit, 1983:65; Smit, 1984(a):45).

Maar hoe moet die verhouding tussen die belydenis en die kerkorde verstaan word? In die gereformeerde kerkreg en dogmatiek word die belydenis as gemeenskaplike akkoord van die kerke in kerkverband aanvaar (Smit, 1984(a):45). Dit beteken dat die belydenis die beginselbasis, die grondreël is, waarop kerke kerkverband onderhou (Du Plooy, 1982:238). Die belydenis bied dus die wyse waarop kerke glo, en word daarom as die kerklike akkoord van saamglo deur die kerke aanvaar. Hiernaas is die kerkorde 'n samevatting van Skrifbeginsels met betrekking tot die kerkregering, sowel as die weergawe van praktiese reëlings rondom hierdie Skrifbeginsels. Soos wat die belydenis die wyse waarop die kerke in die Skrif glo, verwoord, so verwoord die kerkorde die wyse waarop die kerke die kerkregering op grond van die Skrif toepas. Omdat die kerkregering op geloof berus, is die kerkorde onderhewig aan die belydenis as verwoording en derhalwe norm van die geloof. Trouens, die kerkorde ontleen die grondbeginsel van die kerkregering aan die belydennisskrifte wat die nasê (*homologein*) van die Skrif is.

In die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk, soos in die geheel van die gereformeerde kerkreg, is die *doctrina* (leer) en *disciplina* (ordening) onskeibaar aan mekaar verbind. Die verbintenis tussen die kerkorde en die belydenis is struktureel en inhoudelik

(essensieel). Uit die voorgaande kan gestel word dat die belydenis om ordevorming roep omdat kerke één in belydenis is (Smit, 1983:66-68; Smit, 1984(a):44, 45). Derhalwe kan die kerkorde as noodwendige en noodsaaklike resultaat van die kerke se belydenis gesien word. Soos die belydenis die antwoord op die Skrif is, is die kerkorde die konkrete manifestering of die bevestiging van die antwoord (Smit, 1984(a):41). In die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk is die toepassing van die kerkorde derhalwe die erkenning van God se beskikking in en oor sy kerk.

Ook op die sinode van Dordrecht 1618/19 is die kerkorde (1619) saamgestel omdat die kerke een in belydenis was. Binne hierdie konteks vorm die kerkorde nie die kontraktuele grond vir kerklike eenheid nie, maar is die kerklike ordening die gevolg van die eenheid in belydenis. Anders gesê: omdat die kerke een in belydenis is, kom hulle ooreen om die kerk (én derhalwe die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk) op 'n spesifieke wyse, met die vasgestelde kerkordelike bepalings, te reël.

Die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk mag derhalwe nie op dieselfde gronde as die konstitusie of grondwet van 'n klub of enige ander instelling in die samelewing, waarvolgens die verbintenis tussen 'n werkgewer en werknemer gereël word, beoordeel word nie. Dié opvatting sou die kerkorde tot die willekeurige ordening van 'n vrywillige vereniging verskraal, terwyl die kerkorde wesenlik in die Skrifbeginsels, soos dit in die belydenis verwoord word, setel. Die grondwet van die kerk is die Heilige Skrif waarin die beginsels vir die regering van die nuwe orde, en ook die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk, gegee word. Binne die raamwerk wat die Skrif stel, moet kerke die *ius constituendum* (die reg soos dit volgens die Skrif behoort te wees) in die *ius constitutum* (die reg soos dit is) ten opsigte van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk verwerklik (Van der Linde, 1965:123).

In die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk word daar in die kerkorde met vertroue plek gelaat vir die reële regering van Christus wat deur sy Woord en Gees in die hart en verstand van sy diensknegte werk (Van der Walt, 1976:161). Hierdie standpunt stel

die geloofsuitgangspunt dat die kerkorde die produk van Skrifnavorsing is, waarin God se orde vir sy kerk geldig en billik gereël word. Deur die *ius divinum positivum* (God se positiewe bepalinge en opdragte vir die kerk), wat in die kerkorde uitdrukking vind, mag die kerk deur die *ius divinum permissivum* (God se opdragte waarvolgens die kerk self toegelaat word om praktiese reëlings te tref) vir sy eie tyd reëlings tref om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël. Die geldigheid van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk berus daarin dat die kerk sy kerkorde en hantering van sake aan die Skrif moet toets. Oor die reëling hiervan het die staat nie gesag nie (vgl. Hovius, 1962:11).

**Samevattend:** Die geldigheid van die belydenis rus daarin dat dit niks anders doen as om die Skrif na te sê nie. Die kerkorde is die noodwendige en noodsaaklike resultaat van kerke se eenheid in belydenis, terwille van die kerkregering. Die geldigheid van die kerkorde berus daarop dat dit struktureel en inhoudelik op die belydenis van toepassing is. Verder rus die geldigheid van die belydenis daarin dat dit die grondslag lê vir die realisering van die *ius divinum positivum* en die *ius divinum permissivium.* Daarin is die Skrif die hoogste norm vir die inkleding van die kerk as die nuwe orde (*novo ordo*) van God, en nie die staatswette nie.

## 4.6 KERKORDELIKE REëLING VAN DIE PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK: 'N BILLIKE REëLING?

### 4.6.1 Inleiding

Die Dordtse Kerkorde en die kerklike uitvoering van die kerkordelike reëlings is diep verankerd in die beginsels van reg en geregtigehid soos dit in die Skrif na vore kom. In die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk moet die kerkordelike reëlings by wyse van sorgvuldige inagneming van die "reëls van natuurlike geregtigheid" toegepas word (Smit, 1995:395-412). Hierdeur word die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk binne 'n kerkregstelsel gereël waarin basiese regsbeginsels, wat altyd en orals geldend is,

gehandhaaf word (vgl. Wiechers, 1984:235-237; Baxter, 1984:538). Die noodsaaklikheid daarvan dat die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk billik gereël word, is op die Skrifeis van naasteliefde (die liefdesgebod) gegrond en daarin dat jy aan ander moet doen soos wat jy aan jouself gedoen wil hê (Smit, 1995:395-412). In die toepassing van die kerkorde met betrekking tot die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk moet dit ook inag geneem word dat die kerkorde die regsgeldige dokument vir die kerkregering is, soos dit uit die navorsing geblyk het – en dat die kerkorde as sodanig as norm vir regsbeslissinge deur die howe in dié verband behoort te geld (kyk 3.4.4).

### 4.6.2 Kerkorde artikel 3

> Dit sal vir niemand geoorloof wees om die diens van die Woord en Sakramente uit te oefen sonder dat hy wettig daartoe beroep en toegelaat is nie.

#### 4.6.2.1 Agtergrond

Die noodsaaklikheid van wettige roeping vir die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk het in die tyd van die reformasie na vore gekom (Kruger e.a., 1966:51). Daar het "lopers", waarvan sommige Rooms-Katolieke priesters was, op 'n vryskut basis in die kerke gedien (vgl. Van der Linde, 1983:12). Daarom is die beginsel van roeping duidelik geformuleer (Kruger e.a., 1966:51). De Savornin Lohman en Rutgers (1887:20 voetnoot 2) beklemtoon dat die historiese agtergrond nie tot norm verhef moet word waarteen die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk verstaan moet word nie:

> De bedoeling was eenvoudig, dat een predikant, die bij eenige kerk in dienst was, ook aan haar verbonden moest wezen, en dan aan haar alleen, met uitsluiting van alle andere Kerken. Waarmede dus ontkend werd, dat de predikanten verbonden waren aan een zekere geheel van

> Kerken, en dus aan hooger bestuur ... dat hen naar goedvinden zou kunnen verplaatsen, en integendeel werd uitgesproken, dat iedere kerk zelfstandig was, zoodat haar Dienaar dan ook uitsluitend aan haar dienst moest verbonden zijn.

Die GKSA het die formulering van die sinode van Middelburg (1581) oor die wettige roeping tot in 1964 gebruik. Met die invoeging van die woord "niemand", het verdere kwalifikasie oor wie in die diens mag staan, onnodig geword (Kruger e.a., 1966:51). Die laaste gedeelte van die artikel het gehandel oor die tug waaraan diegene wat onwettig in die kerke optree, onderwerp moet word. Hierdie deel is waarskynlik weggelaat omdat dit onder die tugartikels hanteer word (ibid:51, 52).

#### 4.6.2.2 Kerkregtelike beoordeling

Kerkorde artikel 3 (saamgelees met artikel 2) stel in beginsel dat die diens van die predikant, soos die ander dienste, 'n gawe in en vir die plaaslike kerk is (kyk 2.4.2.1); dat 'n dienskneg van Christus deur die gawe wat God gee die bekwaamheid ontvang om die diens in die plaaslike kerk te verrig, terwyl die roeping deur Christus die bevoegdheid gee om in die plaaslike kerk te dien (kyk 2.5.1); dat die inwendige roeping deur die beroeping van die plaaslike kerk uitwendig bevestig word (kyk 2.5.2); dat die wettige beroeping ordelik moet plaasvind; dat die beroeping deur die plaaslike kerk die sekerheid aan die predikant gee dat hy deur God self tot die diens geroep is (kyk 3.3.3.1) en dat dié verbintenis onder die heerskappy en gesag van Christus plaasvind (kyk 3.3.3.2).

### 4.6.3 Kerkorde artikels 4 en 5

**Artikel 4**

> Die wettige beroeping en toelating van iemand wat nie tevore in die diens van die Woord gestaan het nie en wat deur die

klassis waarin hy woonagtig is, voorbereidend (*preparatoir*) geëksamineer is, bestaan uit:

ten eerste, die verkiesing na voorafgaande gebede, ... ook met advies van die klassis of van die konsulent wat hiervoor deur die klassis aangewys is;

ten tweede, die ondersoek na die leer en lewe (*peremptoir*) van die beroepene deur die klassis ... met advies van die deputate van die partikuliere sinode moet plaasvind;

ten derde, die approbasie en goedkeuring deur die lidmate van die betrokke kerk ...

ten laaste, die openlike bevestiging voor die gemeente in teenwoordigheid van die klassikale deputate ...

**Artikel 5**

Waar 'n bedienaar van die Woord van een kerk na 'n ander binne die kerkverband beroep word, geskied dit soos volg:

ten eerste, die verkiesing deur die kerkraad en die diakens na voorafgaande gebede ... met advies van die klassis of van die konsulent wat hiervoor deur die klassis aangewys is;

ten tweede, die goedkeuring deur die lidmate van die betrokke kerk, as daar, nadat die naam vir minstens drie Sondae in die kerk afgekondig is, geen wettige besware ingedien is nie;

ten derde, die kontrolering deur die kerkraad saam met die klassikale deputate van die goeie kerklike getuienis ten opsigte van leer, lewe en ampsbediening en van die losmaking.

### 4.6.3.1 Agtergrond

Die kerk-staat verhouding van die 16e en 17e eeu het 'n duidelike invloed op die samestelling van artikels 4 en 5 gehad. In 1619 het die Sinode van Dordrecht nog daarmee rekening gehou dat die staatsowerheid predikante kon verplaas. Omdat die owerheid nie die kerkorde wou sanksioneer nie, het kerke steeds nie seggenskap in hulle eie sake gehad nie. In die sewentiende eeu kon studente, nadat hulle beroep is, kerklik geëksamineer word. Na goedkeuring (approbasie) van die owerheid en die gemeente kon die student as predikant bevestig word (Spoelstra, 1989:43).

### 4.6.3.2 Kerkregtelike beoordeling

Kerkorde artikels 4 en 5 volg logies op artikel 3. In artikel 3 word die beginsel van die roeping gestel, terwyl artikels 4 en 5 dié beginsel nader uitwerk. Kerkorde artikel 4 en 5 reël in wese dieselfde saak. Die beginsel wat spesifiek in artikel 4 gereël word, is dat die kerke die bevoegdheid het om te oordeel wie tot die diens van die predikant toegelaat word (kyk 4.2.2; Jooste, 1951(IV):15). Hiervolgens word die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk as 'n verbintenis in die *corpus Christi*, waaroor die kerke die bevoegdheid het om oor te oordeel, gereël (kyk 2.3.2). In die beroeping en bevestiging (KO art. 4, 5) van die predikant vind die geestelike regering van die kerk, by wyse van die kerkorde, ordelik vergestalt (kyk 3.3.3.1; vgl. Spoelstra, 1989:40; vgl. 2.5.1).

## 4.6.4 Kerkorde artikel 7

> As iemand tot die diens van die Woord in 'n bepaalde kerk beroep word, moet hy op die bepaalde plek gevestig wees, tensy hy gestuur word om elders kerke te vergader.

#### 4.6.4.1 Agtergrond

Volgens die gereformeerde kerkreg word 'n predikant aan 'n bepaalde kerk verbind. Die Skrifbeginsel wat hier geld, is dat die liggaam van Christus volledig in die plaaslike kerk tot openbaring kom. Die kerkordelike reëling bepaal dat 'n geroepene aan 'n plaaslike kerk verbind word. Hierdie Skrifbeginsel is reeds deur die Sinode van Middelburg (1581) in beginsel gereël.

#### 4.6.4.2 Kerkregtelike beoordeling

Kerkorde artikel 7 stel die beginsel dat die plaaslike kerk die komplete afbeelding van die liggaam van Christus is (kyk 2.3.1), en dat die herder, soos die Ware Herder, nie van sy kudde geskei mag word nie (kyk 2.4.2.2). Die besondere diens van die predikant word as 'n gawe in die plaaslike kerk gegee (kyk 2.4.2.1).

Kerkorde artikel 7 maak daarvoor voorsiening dat 'n predikant as sendeling uitgestuur kan word. Hierdeur word die beginsel van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk nie in die gedrang gebring nie. Die plaaslike kerk beroep 'n sendeling en stuur hom uit. Die kerkregtelike beginsel is dat die diens van die predikant nie van die plaaslike kerk geskei mag word nie (kyk 2.4.2.1; vgl. Spoelstra, 1989:70).

### 4.6.5 Kerkorde artikel 10

> 'n Bedienaar van die Woord wat eenmaal wettig beroep is, mag die kerk waaraan hy verbonde is, nie sonder bewilliging van die kerkraad met die diakens en toestemming van die klassis verlaat om op 'n ander plek 'n beroep op te volg nie; en geen ander kerk mag hom ontvang voordat hy van die kerk en klassis wat hy gedien het, wettige getuienis van sy losmaking getoon het nie.

#### 4.6.5.1 Agtergrond

Aanvanklik het die kerkorde voorsiening gemaak dat 'n predikant voorwaardelik beroep kon word. Hiervolgens sou 'n predikant vir 'n proeftyd in 'n gemeente optree en die gemeente verlaat, indien die predikant nie in die gemeente wou dien nie, of die kerkraad eerder iemand anders wou beroep. Hierdie gebruik staan nie op Skrifgronde nie. In Holland het die sinode van 1905 die voorwaardelike karakter van die beroeping, soos die kerkorde dit gereël het, verander. Die beginsel dat wettige beroeping lewenslank geld, is deur die sinode aanvaar (Kruger e.a., 1966:86; KO art. 12). In die reëlings van die kerkorde word die belang van die kerkverband deurlopend in ag geneem, sonder dat aan die komplete karakter van die plaaslike kerk ingeboet word (Antwerpen, 1564; Dordrecht, 1578; Veere, 1610; aangehaal deur Bos, 1950:48).

#### 4.6.5.2 Kerkregtelike beoordeling

Die reëling in kerkorde artikel 10 beklemtoon weereens die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk en neem tegelyk die belang van die kerkverband in ag (kyk 3.3.3.2; 3.5.1.4). 'n Beroep raak die kerkverband, daarom is dit 'n saak waarin ook die meerdere vergaderings inspraak het. Die predikant is in wese deur goddelike roeping aan die plaaslike kerk verbind. Deur beroeping, vanweë die roeping wat van die Here Self kom, kan 'n predikant aan 'n ander standplaas verbind word (Calvyn, 1991:4.3.7). Artikel 10 reël dat die predikant wettig, dit wil sê ook ordelik uit die diens waaraan hy in 'n plaaslike kerk verbind is, losgemaak moet word en dat hy in die gemeente waarheen hy beroep is, ordelik in die diens bevestig moet word.

### 4.6.6 Kerkorde artikel 11

Die kerkraad wat die kerk verteenwoordig, is verplig om sy bedienaars van die Woord met behoorlike onderhoud te versorg en mag hulle nie die onderhoud weerhou of hulle uit

hulle diens ontslaan sonder kennis en goedkeuring van die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode nie.

#### 4.6.6.1 Agtergrond

Die agtergrond van kerkorde artikel 11 rus in die Skrifbeginsel dat die verkondigers van die Woord van die evangelie moet lewe (1 Kor. 9:14; Gal. 6:6). Op die sinode van Middelburg 1581 is die reëling getref dat die predikant behoorlik deur die gemeente versorg moet word. In 1586 is dié bepaling uitgebrei tot die formulering wat steeds in gebruik is (Bos, 1950:52; Spoelstra, 1989:89). Dit moet vir die predikant nie nodig wees om 'n ekstra inkomste te verdien nie, aangesien sy diens in die gemeente 'n voltydse taak is (vgl. Dokkum, 1585; 's Gravehage, 1586; Alkmaar, 1599; Middelstum, 1600; aangehaal deur Bos, 1950:53).

#### 4.6.6.2 Kerkregtelike beoordeling

Kerkorde artikel 11 reël die versorging van die predikant in sy verbintenis aan die plaaslike kerk. Die onderhoud wat die predikant ontvang is *stipendia iusta* en kan met die versorging van 'n soldaat vergelyk word (kyk 3.5.1.2). Deur die traktement wat die predikant ontvang word hy in staat gestel om sy diens aan die plaaslike kerk te verrig (kyk 3.5.1.1). Wesentlik ontvang die predikant dus nie 'n salaris vir die dienste wat hy lewer nie, maar hy ontvang versorging volgens die Skrifopdrag. Verder bepaal artikel 11 ook die billike hantering van die predikant indien hy veral vanweë finansiële nood nie verder in 'n plaaslike kerk kan dien nie. Die kerkverband het die verantwoordelikheid om in so geval die plaaslike kerk met sustentasie by te staan.

Sou die predikant beroepbaar gestel word, moet die predikant op grond van die liefdeseis deur die plaaslike kerk versorg word totdat hy 'n heenkome gevind het (Spoelstra, 1989:88). Die kerkraad het die verantwoordelikheid om met die ontslag van die predikant die reg

voor oë te hou om sodoende in hulle optrede reg te laat geskied. In die kerkregering, en derhalwe met die ontslag van 'n predikant, moet die uitoefening van reg, vanweë die aard van die kerk as liefdesgemeenskap, in liefde en met bewoënheid plaasvind (Smit, 1997:103, 104).

Kerkorde artikel 11 reël die billike versorging van die predikant in sy verbintenis aan die plaaslike kerk op grond van die Skrifbeginsel dat 'n bedienaar van die Woord van die evangelie moet lewe. Hierdie versorging is nie 'n vergoeding vir arbeid nie, maar 'n lewensonderhoud omdat die predikant voltyds in diens van die evangelie staan.

### 4.6.7 Kerkorde artikel 12

> Omdat 'n bedienaar van die Woord wat eenmaal wettig beroep is, lewenslank aan die kerkdiens verbonde is, mag hy nie tot 'n ander staat van die lewe oorgaan nie, behalwe om gewigtige redes waaroor die kerkraad en die klassis moet oordeel met advies van die deputate van die partikuliere sinode.

#### 4.6.7.1 Agtergrond

Die sinode van Dordrecht (1578) het die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk alleen op 'n positiewe wyse, wat in die beginsel grond dat die predikant lewenslank tot die diens geroep word, gereël. Dit is belangrik om daarop te let dat kerkorde artikel 12 by wyse van uitsondering die moontlike beëindiging van die predikantsdiens reël. Die kerk van Christus erken dat Christus sy dienskneg tot 'n ander diens kan roep Die kerk het egter nie die bevoegdheid om die dienstermyn van die predikant te bepaal nie. Hierdie gesag rus in Christus alleen (Spoelstra, 1989:95).

#### 4.6.7.2 Kerkregtelike beoordeling

Die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk is 'n lewenslange verbintenis aan die één plaaslike kerk; die kerkverband moet geken word in die tot stand koming van dié verbintenis; dié verbintenis mag nie eensydig deur die kerkraad of die predikant beëindig word nie. Hierdie konsekwensies van die roeping beklemtoon die eiesoortige aard van die predikantsdiens wat op die roeping van die Here berus (vgl. Pel, 1991:14). Terselfdertyd reël die kerkorde ook 'n billike wyse waarop die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk beëindig kan word. Die predikant het self nie alleen die bevoegdheid om oor sy verbintenis aan die plaaslike kerk te oordeel nie, maar die kerkverband.

### 4.6.8 Kerkorde artikels 16 en 23

**Artikel 16**

Die amp van die bedienaars van die Woord is om in die gebede en bediening van die Woord te volhard, die sakramente te bedien, om goed ag te gee op hulle medebroeders, op die ouderlinge, op die diakens sowel as op die gemeente en eindelik om saam met die ouderlinge die kerklike dissipline uit te oefen en te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind.

**Artikel 23**

Die amp van die ouderlinge is, benewens dit wat hulle gemeenskaplik saam met die bedienaar van die Woord moet doen soos in artikel 16 neergelê, ook om toesig te hou dat bedienaars van die Woord, hulle mede-ouderlinge en die diakens hulle ampte getrou bedien; verder om huisbesoek te doen tot stigting van die gemeente soos die omstandighede van tyd en plek dit toelaat, sowel voor as na nagmaal, om die lidmate veral te vertroos en te onderrig en om ook ander tot die Christelike Godsdiens op te wek.

#### 4.6.8.1 Agtergrond

Die kerkorde beskryf die predikant se taak nie in 'n rigiede raamwerk nie. Vanweë die aard van die predikantsdiens vanweë die roeping van Christus bly die predikant, altyd bedienaar van die Woord (kyk 3.5.1.2). Die prinsipiële vertrekpunt van die kerkorde is dat die predikant die Woord van God in die plaaslike kerk moet bedien (kyk 2.4.2.1; 3.5.1.3). Die kerkordebepaling in artikel 16 gee duidelik daaraan uitdrukking dat die diens van Christus uitgaan en nie van die kerk of of die persoon nie (hoofstuk 2, punt 2; Spoelstra, 1989:113, 114).

Die sinode van Emden (1571) het reeds die taak van die predikant as 'n gesamentlike taak met die ouderlinge (art. 25) (Spoelstra, 1989:147). Die gemeenskaplike taak van predikant en ouderlinge berus eweseer in die Woordbediening soos dit in die huisbesoek uitdrukking vind en deur beide artikels 16 en 23 gereël word.

#### 4.6.8.2 Kerkregtelike beoordeling

Kerkorde artikels 16 en 23 handel onderskeidelik oor die taak van die predikant in sy verbintenis aan die plaaslike kerk en oor die gemeenskaplike diens wat die predikant en die ouderlinge in die plaaslike kerk verrig. Die taak van die predikant word in kerkorde artikel 16 duidelik omskryf. As dienskneg van Christus moet die predikant altyd beskikbaar wees om die Woord te bring waarheen hy ook al geroep mag word (vgl. 3.3.1).

Kerkorde artikel 23 gee uitdrukking aan die gelykheid wat tussen die dienste bestaan. Die ouderlinge heers nie oor die predikant nie; die predikant is gelyklik deel van die kerkraad. Deur dié dienste regeer Christus in sy kerk. Daarvoor bemagtig Hy mense om gesamentlik in sy kerk te werk (kyk 3.2.2). Die eenheid en gelykheid van die diens van die predikant en die ouderlinge onderskryf die beginsel van gemeenskaplike diens in die plaaslike kerk. Die predikant mag dus nie as 'n werknemer van die kerkraad beskou word nie, aangesien hy wesentlik deel van die kerkraad is (kyk 3.5.1.4). Verder het die kerkorde ten doel om die predikant se verbintenis aan die plaaslike

kerk as 'n verbintenis in die corpus Christi op grond van Skrifbeginsels te reël. Die kerkorde het derhalwe nie die oogmerk om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk in terme van 'n arbeidsverhouding te reël nie (vgl. Van der Linde, 1965:66).

## 4.7 GEVOLGTREKKINGS

Dié navorsingsvraag is in hierdie hoofstuk nagevors:

> *Het die kerk of die staatsowerheid die bevoegdheid om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël?*

Op grond van die navorsing wat in hoofstuk 4 gedoen is, word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- Die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk het 'n eiesoortige aard verbintenis wat deur die kerk by wyse van die kerkorde gereël word. Hierin is die Skrif die *norma normans* waarvolgens die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk gereël word.

- Die taak van die staat is om die burgerlike gemeenskap te orden en te regeer. Die bevoegdheid wat die staat ontvang om in die samelewing te regeer, bied nie aan die staat die bevoegdheid om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël nie. Dit is op grond van die kerkregtelike en dogmatiese begronding van dié verbintenis 'n uitsluitlik kerklike aangeleentheid.

- Dit wil voorkom dat die howe die kollegialistiese kerkregering as uitgangspunt gebruik om oor interne kerklike sake te oordeel. Hierdie standpunt is deur die Verligtingsdenke in Suid-Afrika ingedra. Indien die howe die kollegialistiese standpunt as maatstaf vir die beoordeling van kerklike sake vir kerke op gereformeerde grondslag sou gebruik, word 'n vervormde kerkbegrip, wat nie die eiesoortige aard van die verskillende kerkregeringstelsels verreken nie, op kerke toegepas.

- Op grond van die Skrif reël die kerkorde die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk anders as wat die arbeidswetgewing 'n werkgewer-werknemer verhouding reël. Die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk behoort deur die kerkordelike reëling daarvan as regsgeldig en billik erken te word.
- Die wyse waarop die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk in die kerkorde gereël word, gee derhalwe aan die staat nie net die moontlikheid nie, maar die Skriftuurlike verpligting om die regsgeldigheid van hierdie verbintenis te erken.

# HOOFSTUK 5

## BESLUIT

In hierdie hoofstuk word nie 'n volledige samevatting van die studie gegee nie. Die beredenerings op grond waarvan die besluit in hierdie hoofstuk geneem word, moet binne konteks, soos die studie ontplooi het, verstaan word. Ook is deurlopend samevattings en gevolgtrekkings aan die einde van spesifieke onderafdelings en hoofstukke gemaak. In hierdie hoofstuk word die belangrikste bevindings gesistematiseer in beantwoording van die sentrale probleemstelling wat in hierdie studie nagevors, is.

Die sentrale probleemstelling waaruit hierdie studie ontplooi het, was:

> *Hoe kom die bestaande kerkregtelike praktyk ten opsigte van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk in die GKSA tot uitdrukking en het die kerk of die staat die bevoegdheid om dié verbintenis as 'n regsgeldige handeling te reël?*

In *hoofstuk een* is die aktualiteit van die probleemstelling, die formulering van die probleemstelling, die sentrale teoretiese argument, die doelstelling en doelwitte van die studie, die metode en die hoofstukindeling gestel.

In *hoofstuk twee* is die kerkregtelike begronding van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk nagevors. Hieruit blyk dat die predikant volgens die Nuwe Testament slegs aan 'n plaaslike kerk verbind kan wees en dat dié verbintenis 'n diens- en roepingskarakter het:

- Die plaaslike kerk is die volledige afbeelding van die liggaam van Christus op 'n spesifieke tyd en plek. Op grond van die unieke wyse waarop die kerk in die wêreld deur roeping tot

stand kom, is die kerk 'n 'n gemeenskap *alius generis* (van 'n ander soort). Die andersoortige aard van die kerk maak die kerk anders as enige ander instelling in die samelewing.

- Christus gee die besondere dienste in die plaaslike kerk. Deur die gawes wat Hy aan die besondere dienste en derhalwe aan die predikant gee, ontvang dié wat Hy vir die besondere dienste roep, die bekwaamheid om die gesag van Christus in die plaaslike kerk te bedien. Die roeping wat van Christus kom, gee aan die predikant die bevoegdheid om in die plaaslike kerk te mag dien. Aangesien die *charisma* en die *diakonia* in die plaaslike kerk gegee word, moet die predikant vir die uitoefening van sy diens aan die plaaslike kerk verbind wees.

- Die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk berus op die innerlike roeping wat van God kom en word voltooi deur die uiterlike roeping, dit wil sê die beroeping en bevestiging deur en in die plaaslike kerk. Vanweë die innerlike roeping en deur die uiterlike roeping is dit God self wat die predikant roep. God werk middellik deur sy gemeente om deur die beroeping en bevestiging van sy dienaars sy kerk volgens sy wil in stand te hou en te laat gedy.

- Die predikant is in sy verbintenis aan die plaaslike kerk 'n dienskneg van Christus wat nie in diens van die kerkraad of die gemeente staan nie. Die predikant verrig sy diens as onderherder van die Opperherder – nie as huurling of werknemer nie – terwille van die plaaslike kerk. Ten diepste is Christus dus die "Werkgewer" van die predikant.

- Die diens- en roepingskarakter van die predikant vind binne die *corpus Christi* plaas. Dit is 'n andersoortige gemeenskap waaraan mense behoort op grond van hulle wedergeboorte. Binne hierdie gemeenskap word die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk op grond van die Skrif gereël.

In die *hoofstuk drie* is die aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk nagevors. Hieruit blyk dat die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk 'n eiesoortige aard (*sui generis*) het:

- Die aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk word bepaal deur die gesag wat Christus Self oor sy kerk uitoefen. In die kerk setel die gesag in Christus alleen, en nie in die kerkraad of in die bevoegdheid van die besondere dienste nie. Hy regeer Self deur sy Woord en Gees én laat sy gesag deur die besondere dienste in die gemeente bedien. In sy verbintenis aan die plaaslike kerk is die predikant 'n dienskneg van Christus waarin die *aristos*, die beste wyse waarop die kerk geregeer en opgebou kan word, 'n uitdrukking vind.

- Die term "aristokraties-presbiteriale" kerkregering gee onder meer uitdrukking aan die eiesoortige wyse waarop Christus die predikant, deur die roeping en gawes wat Hy gee, bekwaam maak en die bevoegdheid gee om in sy diens aan die plaaslike kerk verbind te wees.

- Die aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk moet vanuit die eenheid en gelykheid van die dienste verstaan word. Hierin vorm die predikant deel van die kerkraad en kom daar nie 'n gesagsverhouding tussen die predikant en die kerkraad tot stand nie. Die predikant en die kerkraad het 'n gemeenskaplike taak in die plaaslike kerk waarin hulle die Woord van God in die gemeente bedien.

- Die arbeidswetgewing het primêr ten doel om 'n gesagsverhouding tussen twee partye billik te reël. Derhalwe is die arbeidswetgewing, wat primer 'n gesagsverhouding tussen partye reël, nie op die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk van toepassing nie. In die kerk berus die gesag by Christus alleen.

In *hoofstuk vier* is die vraag nagevors of die kerk of die staat die bevoegdheid het om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël. Hieruit blyk dat die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk op 'n eiesoortige wyse deur die kerk gereël word:

- Die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk vind binne die koninkryk van God in die *corpus Christi* plaas. In die koninkryk word die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk volgens die opdrag en instelling van die Koning van die koninkryk, Jesus Christus, bepaal. Derhalwe het die kerk die bevoegdheid om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël.

- Die staat het die verantwoordelikheid om deur sy wetgewing die burgerlike samelewing te orden en die reg te handhaaf. Dit gee egter nie aan die staat die bevoegdheid om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk by wyse van arbeidswetgewing te reël nie. Staatsbepalinge oor kerklike sake by wyse van wetgewing, sou op 'n oorskryding van die staatsbevoegdheid neerkom.

- Die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk word by wyse van die kerkorde gereël. Die reëling van dié verbintenis by wyse van die kerkorde, bevestig en handhaaf juis die eiesoortige aard van hierdie verbintenis.

- Die kerkorde se reëling die predikant se eiesoortige verbintenis aan die plaaslike kerk moet as kerkregtelik geldig op grond van die tersaaklike Skrifbeginsels aangemerk word. Die kerkregtelike geldigheid van 'n eiesoortige (*sui generis*) regering vir die kerk as 'n gemeenskap *alius generis* (van 'n ander soort), behoort deur die staat erken te word.

- Die reëlings van die kerkorde vir die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk is in hierdie navorsing op grond van kerkregtelike beginsels as billik bevind. Die staat behoort derhalwe die gereformeerde kerkregering op grond van die kerkorde as regsgeldig te beskou. Die regsgeldigheid van die kerkregering op grond van die kerkorde behoort deur

die howe gehandhaaf te word – al sou die reëlings met betrekking tot die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk in botsing kom met die arbeidswetgewing van die staat.

- Die plaaslike kerk en die kerkverband het die verantwoordelikheid om die kerkorde korrek toe te pas om daardeur aan die Skrifeis van geldigheid en billikheid te voldoen. Howe behoort ten opsigte van geskille of dispute oor aspekte van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te oordeel of aan die administratiefregtelike eis van die reëls van natuurlike geregtigheid voldoen is, en of die kerkorde korrek toegepas is – sonder om uitspraak te maak oor die kerklik-teologiese oftewel kerkregtelike aard van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk.

## SENTRALE BEVINDING

Al die lyne van hierdie navorsing loop op een sentrale bevinding uit: Volgens die bestaande kerkregtelike praktyk ten opsigte van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk in die GKSA, getoets aan die kerkregtelike beginsels wat op die Skrif berus, het die kerk self die bevoegdheid – en nie die staat nie – om dié verbintenis as 'n regsgeldige handeling te reël.

Derhalwe behoort kerkregering deur die staat as regsgeldig geag te word. Die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk behoort juridies nie volgens die arbeidswetgewing van die staat beoordeel te word nie, maar volgens die kerkorde op grond waarvan kerkregering plaasvind.

Uit dié navorsing word aan die hand gedoen dat predikante van plaaslike kerke van die GKSA by wyse van 'n staatlike bepaling onthef word van arbeidswetgewing, én dat die staatsowerheid derhalwe die kerkordelike reëlings vir 'n predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk as regsgeldig erken, waarvolgens alle praktyke rondom dié verbintenis beoordeel behoort te word.

## SLOT

In die geheel van dié studie kan die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk alleen vanuit Christus se verlossingswerk, waarin Hy sy kerk op aarde vestig en regeer, verstaan word. Hy is die Gewer van die besondere dienste en Hy roep mense om op 'n spesifieke plek in sy diens te staan. Christus is die Ware Herder; die predikant die herder. Deur Sy Woord en Gees bepaal Christus Self die wyse waarop sy kerk billik en regsgeldig regeer moet word.

# BIBLIOGRAFIE


ACTA
**kyk**
Handelinge van die Sinode

APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS. (*In* Die Berymde Psalms. 1992. Kaapstad : N.G. Kerk Uitgewers.)

BAKHUIZEN VAN DEN BRINK, J.N. 1965. Handboek der Kerkgeschiedenis. Eerste Deel. De Kerk tot Gregorius de Grote. Vierde druk. Den Haag : Bert Bakker.

BALKE, W. 1973. Calvijn en de doperse radicalen. Amsterdam : Bolland.

BAVINCK, H. 1899. Het Doctorenambt. Kampen : Kok.

BAVINCK, H. 1930. Gereformeerde Dogmatiek. Vierde Deel. Vierde onveranderde druk. Kampen : Kok.

BAXTER, L. 1984. Administrative law. Johannesburg : Juta.

BERGER, A. 1953. Transactions of the American Philosphical Society. Encyclopedic Dictionary of Roman Law. Philadelphia : The American Philosphical Society.

BERKHOF, L. 1976. Systematic Theology. London : Cox & Wyman.

BEVESTIGINGSFORMULIER VIR PREDIKANTE. 1976. (*In* Die Berymde Psalms. Kaapstad : N.G. Kerk Uitgewers. pp. 135-143.)

BEYER, H.W. 1968. Episkopos in the New Testament. *TDNT* II:615-620.

BIESTERVELD, P. & KUYPER, H.H. 1905. Kerklijke Handboekje. Kampen : Kok.

BOHATEC, J. 1937. Calvins Lehre von Staat und Kirche: mit besondere Berücksichtigung des Organismusgedankens. Aalen : Scienta.

BOITEN, H.J. & DEE, J.J.C. 1996. Begrensde Ruimte. Geres : Oosterbaan en Le Cointre.

BOS, F.L. 1950. De orde der kerk. 's-Gravenhage : Uitgeverij Guido de Bres.

BOUMA, C. 1953. I, II Timotheus en Titus – Filémon. Korte Verklaring der Heilige Schrift. Tweede Druk. Kampen : Kok

BOUMA, C. 1964. Het Evangelie naar Johannes. Korte Verklaring der Heilige Schrift. Vierde Druk. Kampen : Kok.

BOUWMAN, H. 1970. (I) Gereformeerde Kerkrecht. Eerste Deel. Kampen : Kok.

BOUWMAN, H. 1970. (II) Gereformeerd Kerkrecht. Tweede Deel. Kampen : Kok.

BRASSEY, M. 1998. Employment and Labour Law. Volume I. Kenwyn : Juta en Kie.

BROWN, C., *ed.* 1986. Dictionary of New Testament Theology. Volume 1. Grand Rapids : Zondervan Publishing House.

BROWN, E. 1988. Amp en belydenis. (*In* Rossouw, P.J., *red.* Gereformeerde Ampsbediening. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. pp. 153-165.)

BROWN, E. 1992. Die hervertolking van die paradigma in verband met die Kollegialisme om die Afrikaanse kerke kerkregtelik te verstaan. *Hervormde Teologiese Studies,* 48(3 en 4):691-715, Sept-Nov.

CALVIN, J. 1848. Commentary on the Epistles of Paul the Apostle to the Corinthians. Volume First. Translated from the original Latin, and Collated with the author's French version, by the Rev. John Pringle. Edinburgh : Printed for the Calvin Translation Society.

CALVYN, J. 1991. Institusie van die Christelike Godsdiens. Boek vier. Vertaal deur Simpson, H.W. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds.

COERTZEN, P. 1991. Gepas en ordelik. (*In* Mouton, J., *red.* RGN reeks in Metodologie. Pretoria : RGN-uitgewers.)

COERTZEN, P. 2000. Die regsposisie van kerke in Suid-Afrika. Referaat gelewer voor die Kongres oor Kerk en Staat. Ongepubliseer. Stellenbosch.

COETZEE, J.C. 1965. Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament. Potchefstroom : Pro Rege.

COETZEE, J.C. 1975. Charismata – Geestesgawes. *In die Skriflig*, 34(9):27-35, Jun.

COETZEE, J.C. 1988. Gedagtestruktuurontleding en die eksegese van die Heilige Skrif. (*In* Coetzee, J.C., *red.* Koninkryk, Gees en Woord: huldegingsbundel aangebied aan professor Lambertus Floor. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. pp. 19-38.)

DE BRES, G. 1561. Die Nederlandse geloofsbelydenis. (*In* Die berymde Psalms. Kaapstad : N.G. Kerk Uitgewers. pp. 488-516.)

DE SAVORNIN LOHMAN, A.F. & RUTGERS, F.L. 1887. De Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken. Amsterdam : Wormser.

DE VILLIERS, J.L. 1997. Kulturele, ekonomiese en sosiale omstandighede in die Grieks-Romeinse wêreld. (*In* Du Toit, A.B., *red.* Handleiding by die Nuwe Testament II. Die leefwêreld van die Nuwe Testament. Halfway House : Orion Uitgewers. pp. 137-172.)

DE WET, C.J.H. 1921. Die kollegiale kerkreg. Amsterdam : Van Bottenburg.

DE WET, J.C. & YEATS, J.P. 1964. Die Suid-Afrikaanse kontraktereg en handelsreg. Derde Uitgawe. Durban : Butterworths.

DE ZWART, W. 1938. Calvijn in het licht zijner brieven. Vertaal en toegelicht door W. de Zwart. Kampen : Kok.

DIE BYBEL. 1982. Nuwe Vertaling. Vierde Druk. Kaap : Nasionale Boekdrukkery.

DU PLESSIS, J.v.V. 1982. Diskussie. Die begrippe uitverkiesing en bekering. *In die Skriflig,* 62(16):27-29, Jun.

DU PLOOY, A. le R. 1979. Ekklésia en meerdere vergaderinge. Potchefstroom : PU vir CHO. (M.A.-verhandeling.)

DU PLOOY, A. le R. 1982. Kerkverband. 'n Gereformeerde kerkregtelike studie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)

DU PLOOY, A. le R. 1986. Kerkreg 1. Die begrippe kerk, reg en kerkreg. Diktaat. Ongepubliseer.

DU PLOOY, A. le R. 1991. Enkele bakens in die verhouding tussen kerk en staat met die oog op die ontstaan van 'n nuwe Suid-Afrikaanse staat. (*In* Helberg, J.L. *red.* Kerkwees as getuienis in Suid-Afrika vandag. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. pp. 104-126.)

DU PLOOY, A. le R. 1998. Inleiding op die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Kerkordeboekie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : Administratiewe Buro van die GKSA.

DU PLOOY, A. le R. 2001. Koninkryk, kerk en universiteit. (*In* Van Wyk, J.H., *red.* Kerk en Christenwees vandag. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. pp. 35-44.)

DU PLOOY. A. le R. 1992. Calvyn oor die koninkryk van God en die staat. *Hervormde Teologiese Studies,* 48(3 & 4):759-771.

DU RAND, J.A. 1988. Charisma en amp – 'n Pauliniese eksegetiese verkenning. (*In* Rossouw, P.J., *red.* Gereformeerde Ampsbediening. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. pp. 75-94.)

DU TOIT, J.D. 1906. Van het ambt der ouderlingen en diakenen. Pretoria : Höveker & Wormser.

ELOFF, T. 1982. Die subordeneringsopdrag aan die owerhede: 'n eksegeties-dogmatiese studie. Potchefstroom. (Th.M-verhandeling.)

FEENSTRA, J.G. 1947. Onze Geloofsbelijdenis. Tweede druk. Kampen : Kok.

FLOOR, L. 1969. Die plek van die diaken in die Koninkryk van God. (*In* Du Toit, S. & Snyman, W.J., *e.a.* Die Koninkryk van God. Potchefstroom : Potchefstroom Herald, pp. 234-246.)

FLOOR, L. 1976. Die presbiter by Lukas en Paulus. *In die Skriflig,* 10(37):22-33, Mrt.

FOURIE, D.C.G. 1973. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk as regspersoon in die Suid-Afrikaanse privaatreg. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif).

FREEDMAN, W. 1999. Church-state relations and the right to religious freedom. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaansre reg,* 1:156-163.

GOUMAZ, L. 1948. Het ambt bij Calvijn. Een samenvatting naar zijn commentaren op het Nieuwe Testament. Vertaald en ingeleid door K. Deddens. Franeker : Wever.

GREIJDANUS, S. 1962. De Brieven van de Apostel Paulus aan de Efeziërs en de Filippenzen. Korte verklaring der Heilige Schrift. Derde druk. Kampen : Kok.

GROENEWALD, E.P. 1980. Die Eerste Brief aan die Korinthiërs. Vierde druk. Kaapstad : N.G. Kerk Uitgewers.

GROGAN, J. 2000. Workplace law. 5th Edition, Kenwyn : Juta.

GROSHEIDE, F.W. & VAN ITTERZON, G.P. 1956. Christelijke Encyclopedie. Deel 1 A-Bouwoffer. Kampen : Kok.

GROSHEIDE, F.W. 1957. De Eerste Brief aan de Kerk te Korinte. Commentaar op het Nieuwe Testament. Tweede herziene druk. Kampen : Kok.

Handelinge van die 32ste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 1955. Pretoria : Van Rensburg Drukkery.

Handelinge van die Een-en-veertigste Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 1982. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.

Handelinge van die Twee-en-veertigste Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 1985. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.

Handelinge van die Vier-en-veertigste Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 1991. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.

HAT
**kyk**
ODENDAAL

HEYNS, J.A. 1977. Die kerk. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

HIEMSTRA, V.G. & GONIN, H.L. 1992. Drietalige Regswoordeboek. Derde Uitgawe. Kenwyn : Juta en Kie.

HK
**kyk**
URSINUS, Z. & OLEVIANUS, C.

HORTON, D. 1952. Congregationalism: A study in Church polity. London : Independent Press.

HOVIUS, J. 1962. Het verband tussen onze belijdenis en onze kerkorde. Sneek : Weissenbach.

HOVIUS, J. 1972. Notities betreffende de Synode te Emden, 1571, en haar artikelen. Apeldoornse Studies nr. 4. Kampen : Kok.

JANSEN, J. 1937. Korte verklaring van de kerkenordening. Tweede druk. Kampen : Kok.

JANSEN, J. 1952. Korte verklaring van de Kerkorde. Kampen : Kok.

JONES, I.J. 1961. The pastor: the man and his ministry. Philidelpia : Westminister.

JONKER, W.D. 1976. Die Brief aan die Romeine. Vierde Druk. Pretoria : N.G. Kerk Uitgewers.

JOOSTE, J.P. 1951. Die beroepstelsel. *Die Kerkblad,* 1:15-16, 9 Febr.

JOOSTE, J.P. 1951. Die beroepstelsel. *Die Kerkblad,* 2:11-12, 23 Febr.

JOOSTE, J.P. 1951. Die beroepstelsel. *Die Kerkblad,* 3:21-23, 9 Mrt.

JOOSTE, J.P. 1958. Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.

JORDAAN, B. & RYCROFT, A. 1994. Handleiding tot die Suid-Afrikaanse Arbeidsreg. Kenwyn : Juta en Kie.

KAISER, W.C. & SILVA, M. 1994. An introduction to Biblical Hermeneutics. Grand Rapids : Zondervan.

KEET, B.B. 1963. Orde in die kerk. Pretoria : N.G. Kerk Uitgewers.

KERKORDE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. Soos gewysig deur verskillende sinodes. 1980. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Fonds.

KERKORDE VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA. 1997. Perskor.

KERKORDE, BEPALINGE EN REGLEMENTE VAN DIE NEDERDUITS-GEREFOR-MEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1999. Kaapstad : Lux Verbi.

KERKORDEBOEKIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1998. Potchefstroom : Admin. Buro van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika.

KLEYNHANS, E.P.J. 1988. Die kerkregtelike posisie van die amp. (*In* Rossouw, P.J., *red.* Gereformeerde Ampsbediening. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. pp. 166-176.)

KOOLE, 1982. De ouderling persoonlik. (*In* Uit Liefde tot Christus en zijn Gemeente. Tweede druk. Kampen : Kok. pp. 180-195.)

KROËZE, J.H. 1968. Jeremia en sy roeping. Die Goue Kandelaar. pp. 43-48.

KRUGER, F.P. & VENTER, C.J.H. 2000. Prediker, preekgesindheid en die toerusting van die gemeente. *In die Skriflig* 34(2): Jun.

KRUGER, L.S. e.a. 1966. Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : Pro Rege.

KÜNG, H. 1967. The Church. New York : Image Books.

KUYPER, A. 1883. Tractaat van de reformatie der kerken aan de zonen der reformatie hier te lande: op Luthers's vierde eeuwfeest. Amsterdam : H'oveker en Zoon.

KUYPER, H.H. 1900. De Verkiezing voor het Ambt. Leiden : Donner.

LEKKERKERKER, A.F.N. 1972. Oorsprong en funktie van het ambt. 's-Gravenhage : Boekencentrum.

MILNER, B.C. 1970. Calvin's doctrine of the church. Leiden : Brill.

MOENS, C. 1962. Vreugde in het ambt. Kampen : Kok.

MÖRSDORF, K. 1964. Lehrbuch des Kirchenrechts: Auf grund des Codese Iuris Canonici. Begrundet von Eichmann, E. 11e hersiene druk. München : Schönigh.

NAUTA, D. 1971. Verklaring van de Kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland. Kampen : Kok.

NGB
**kyk**
DE BRES, G.

NIEBUHR, H.R. & WILLIAMS, D.D. 1983. The ministry in historical perspectives. San Francisco : Harper en Row.

NÜRNBERGER, K. 1985. Maarten Luther se politieke etiek teen die agtergrond van sy teologiese benadering. I.R.S.-studiestukke F1 nr. 209. Mei.

ODENDAAL, F.F. 1994. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.

PAUL, R.S. Ministry. Grand Rapids : Eerdmands.

PEL, P.T. 1991. Rechtspositie en tractement van de predikant. Zwolle : GMV.

PHILIP, J. 1979. The call to the ministry. (*In* Stein, J., *red.* Ministers for the 1980's. Edinburgh : Handsel. pp. 22-31.)

PIENAAR, G. 1986. Die Regsposisie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : EFJS.

POLMAN, A.D.R. s.j. Onze Nederlandse Geloofsbelijdenis: verklaard uit het verleden gekonfronteerd met de heden. Deel 4. Franeker : Wever.

PONT, A.D. 1976. Amp en roeping. *Hervormde Teologiese Studies,* 32:168-180.

PONT, A.D. 1978. Skrif en kerkorde – enkele opmerkings. *Studia historiae ecclesiasticae III.*

PONT, A.D. 1981. Die Historiese agttergronde van ons kerklike reg. Deel 1. Pretoria : HAUM.

PONT, A.D. 1991. Die Historiese Agtergronde van ons Kerklike reg. Deel II. Pretoria : Kital.

POP, F.J. 1980. Bijbelse woorde en hun geheim. Verklaring van een aantal Bijbelse woorden. s'Gravenhage : Uitgeverij Boekencentrum.

POSTMA, F. 1989. Beknopte woordeboek. Latyn-Afrikaans. Sesde druk. Kaapstad : HAUM.

PROVINSIONELE KERKENORDRE. 1804. Gepubliseer in Pont, A.D. 1991. Die Historiese agtergronde van ons Kerklike Reg. Deel II. Pretoria : Kital.

RENGSTORF, K.H. 1969. Apostolate and ministry. London : Concordia.

RICHEL, P.J. 1942. Het kerkbegrip van Calvijn. Franeke : Wever.

RIDDERBOS, H. 1950. De Komst van het Koninkrijk. Kampen : Kok.

RIDDERBOS, H. 1966. Paulus. Ontwerp van zijn theologie. Kampen : Kok.

RIEKER, K. 1899. Grundsätze reformierten Kirchenverfassung. Leipzig : Hirschfeld.

ROBERTS, J.H. 1963. Die opbou van die kerk volgens die Efesebrief. Groningen.

ROELEVELD, L. 1958. Gereformeerde kerken in het privaatrecht. Ziest : Drukkerij Steenbergen.

ROELEVELD, L. 1982. Die owerheidsinmenging met betrekking tot kerklike tughandelinge. *In die Skriflig,* 16(64):17-45, Des.

ROSSOUW, P.J. 1988. Aspekte van die ampsbeskouing van Calvyn. (*In* Rossouw, P.J., *red.* Gereformeerde Ampsbediening. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. pp. 128-149.)

RUTGERS, F.L. 1921. Kerklijke Adviezen. Deel 1. Kampen : Kok.

SCHOLTZ, A. 2000. Die kerk en die regbank. Referaat gelewer voor die Kongres oor Kerk en Staat. Ongepubliseer. Stellenbosch.

SILLEVIS SMITT, P.A.E. 1910. De organiastie van de Christelijke kerk in den apostolischen tijd. Rotterdam : De Vries.

SMELIK, E.L. 1961. De Brieven van Paulus aan Timotheus, Titus en Filemon. De prediking van het Nieuwe Testament. Derde Druk. Nijkerk : Callenbach.

SMIT, C.J. & VORSTER, J.M. 2001. Dae van verootmoediging, verskillende kerkgemeenskappe, en die verhouding van die kerk en staatsowerheid. (*In Studia Historiae Ecclesiasticae*, XXVII(I):143-162.)

SMIT, C.J. 1983. Wat is kerklike orde? Potchefstroom : PU vir CHO. (M.A.-verhandeling.)

SMIT, C.J. 1984(a). Kerkorde en belydenis. *In die Skriflig,* 18(70):41-46, Jul.

SMIT, C.J. 1984(b). Tot lof van die kerkorde... in sy dienskneggewaad. *In die Skriflig,* 72(18):21-28, Des.

SMIT, C.J. 1984. God se orde vir sy kerk. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

SMIT, C.J. 1985. Kerkreg en Kerkorde in die lig van God se reg en orde vir sy kerk. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.D-proefskrif.)

SMIT, C.J. 1988. Weerwoord: Die grense van die kerk. (*In* Du Toit, H. & Kruger, P., *red.* Geroep tot eenheid. Halfway House : NGKB. pp. 126-142.)

SMIT, C.J. 1995. Die kerkregtelike toepassing van die reëls van "natuurlike geregtigheid" op grond van die Skrif. *In die Skriflig*, 29(3):395-412, Sept.

SMIT, C.J. 1997. A Governing of the heart. Mainly as seen by John Calvin. (*In* Neuser, W. & Selderhuis, H.J. *red.* Leiden : Uitgeverij J.J. Groen en Zoon. pp.99-110.)

SMIT, J. 2001(a). Kerklike inspraak in teologiese opleiding en in die beoefening van teologie. *In die Skriflig*, 35(1):129-140, Mrt.

SMIT, J. 2001(b). Die predikant: 'n Werknemer van die Kerkraad? Referaat gelewer te Stellenbosch : Kongres oor Kerk en Staat. Ongepubliseer. Okt.

SNYMAN, P.H. 1973. Diskussie. Goddelike soewereiniteit en menslike verantwoordelikheid. *In die Skriflig*, 26(7):49-51, Jun.

SNYMAN, W.J. 1977. Nuwe en Ou Dinge. Uit die skat van die koninkryk. *In* Snyman, P.C., *red.* Potchefstroom : Pro Rege.

SPOELSTRA, B. 1971. Vrou en amp en die amp in die algemeen. *In die Skriflig*, 18(5):25-44, Jun.

SPOELSTRA, B. 1977. Die gesag van die sinode. *In die Skriflig*, 11(43):45-63, Sept.

SPOELSTRA, B. 1978. Calvyn en die grense van die kerk. *In die Skriflig*, 12 (45):20-37, Mrt.

SPOELSTRA, B. 1981. Die na-oorlogse kerkregtelike ontwikkeling in die GKSA. *In die Skriflig*, 15 (57):40-55, Mrt.

SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering. 'n Handboek by die Kerkorde. Hammanskraal : Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

THE GREEK NEW TESTAMENT. 1985. Third Edition (corrected.) (Ed. ALAND, K. & ALAND, B.) UBS.

TRIMP, C. 1982. Ministerium: een introductie in de reformatorische leer van het ambt. Groningen : De Vuurbaak.

URSINUS, Z. & OLEVIANUS, C. 1563. Die Heidelbergse Kategismus of onderwysing in die Christelike leer. (*In* Die berymde Psalms. 1976. Kaapstad : N.G.-Kerk Uitgewers. pp. 521-566.)

VAN BRUGGEN, J. 1984. Ambten in de Apostolische Kerk: een exegetisch mozaïek. Kampen : Kok.

VAN DALEN, J. 1946. De Schriftuurlijke beginselen van het kerkrecht. Goes : Oosterbaan & Le Cointre.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1965. Grondbeginsels van die Presbiteriale kerkregeringstelsel. Potchefstroom : Pro Rege.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1978. Die beoefening van die kerkreg in die Gereformeerde Kerk in SA sedert 1859. *In die Skriflig*, 12(48):52-72, Des.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1980. Die Kerkregeringstelsel. Diktaat: Kerkreg II. Potchefstroom : PU vir CHO.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1980/81. Kerkreg 1. Diktaat. Fakulteit Teologie : PU vir CHO.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1983. Die Kerkorde – 'n verklaring van die Gereformeerde kerkorde. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1987. Die diens van die Woord in die kerk. *In die Skriflig*, 21 (83):19-27, Sept.

VAN DER MERWE, D.C.S. 1971. Die roeping tot gereformeerde getuienis vandag, in woord en geskrif ten opsigte van politieke en maatskaplike gebiede. *In die Skriflig*, 19(5):45-55, Sept.

VAN DER WALT, J.J. 1971. Kerk en kerkverband (met besondere verwysing na Handelinge 15.) *In die Skriflig*, 5 (17):22-31, Mrt.

VAN DER WALT, J.J. 1976. Christus as Hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom : Pro Rege.

VAN GENDEREN, J. & VELEMA, W.H. 1993. Beknopte gereformeerde dogmatiek. Tweede druk. Kampen : Kok.

VAN GENDEREN, J. 1982. De ouderling als ambtsdrager. Een handreiking aan de ouderling. (*In* Koole, D. & Velema, W.H., *red.* Uit Liefde tot Christus en zijn Gemeente. Tweede druk. Kampen : Kok. pp. 56-70.)

VAN GINKEL, A. 1975. De Ouderling. Amsterdam : Tonbolland.

VAN ITTERZON, G.P. 1974. Het kerklijke amp in geding. (*In* Van Dyk, M.P., *red.* Theologie en Gemeente, nr. 10. Kampen : Kok.)

VAN LEEUWEN, J.A.C. 1966. Colossensen, Thessalonicensen. Korte Verklaring der Heilige Schrift. Kampen : Kok.

VAN ROOY, H.F. 2001. Per bonam consequentiam: Die status van eksegetiese afleidings. *In die Skriflig*, 35(1):45-60, Mrt.

VAN RULER, A.A. 1952. Bijzonder en algemeen Ambt. Nijkerk : Callenbach Uitgever.

VAN WYK, J.H. 1968. Hoeveel kerkbegrippe is by ons in swang? *In die Skriflig*, 2(7):12-26.

VAN WYK, J.H. 1983. Die ouderling en toesig oor die lewe. *In die Skriflig*, 66(17):24-36, Jul.

VAN WYK, J.H. 1991. Moraliteit en verantwoordelikheid. Opstelle oor politieke etiek. Wetenskaplike bydrae van die PU vir CHO. Reeks A: Geesteswetenskappe, nr. 77.

VAN'T SPIJKER, W. 1970. De ambten bij Martin Bucer. Kampen : Kok.

VAN'T SPIJKER, W. 1982. De ouderling en zijn werk in het licht van de kerkorde. (*In* Koole, D. & Velema, W.H., *red.* Uit Liefde tot Christus en zijn Gemeente. Tweede druk. Kampen : Kok. pp. 71-100.)

VAN'T SPIJKER, W. 1987. De kerkorde van 1578. (*In* Nauta, D. & Van Dooren, J.P., *red.* De Nationale Synode van Dordrecht 1578. Amsterdam : Buijten & Schippenheijn. pp. 126-141.)

VAN'T SPIJKER, W. 1990(a). De kerk bij Bucer: Het rijk van Christus. (*In* Van't Spijker, W., *e.a.* De Kerk. Wezen, weg en werk van de kerk naar reformatorishe opvatting. Kampen : Uitgeverij De Groot Goudriaan. pp. 126-142.)

VAN'T SPIJKER, W. 1990(b). De kerk bij Calvijn: theocratie. (*In* Van't Spijker, W. *e.a.* De Kerk. Wezen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting. Kampen : Uitgeverij De Groot Goudriaan. pp. 143-162.)

VAN'T SPIJKER, W. 1993. Reformatie en kerkorde. *Theologia Reformata* 36(3):178-201, Sept.

VAN'T SPIJKER, W. 2001(a). Persoonlike gesprek. Aantekeninge in besit van outeur.

VAN'T SPIJKER, W. 2001(b). Luther. Referaat gelewer te Potchefstroom. TSP. Ongepubliseer.

VAN'T SPIJKER, W. 2001(c). Calvyn. Referaat gelewer te Potchefstroom. TSP. Ongepubliseer.

VAN'T SPIJKER, W. 2001(d). Die predikant: 'n Werknemer van die Kerkraad? Referaat gelewer voor die GTV.

VENTER, C.J.H. 1975. Pneuma en pastor in die pastorale briewe. *In die Skriflig*, 9 (36):6-12, Des.

VENTER, C.J.H. 1988. Amp en ampsdraer – Gesigspunte uit die Nuwe Testament. (*In* Rossouw, P.J., *red.* Gereformeerde Ampsbediening. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. pp. 95-106.)

VERSTEEG, J.P. 1988. Het karakter van het ambt volgens Efesiërs 4:7-16. (*In* Rossouw, P.J., *red.* Gereformeerde Ampsbediening. Pretoria : NG Kerkboekhandel. pp. 49-74.)

VERSTEEG, J.P., *e.a.* 1982. Nieuwtestamentisch profiel van de ouderling. (*In* Koole, D. & Velema, W.H. *red.* Uit Liefde tot Christus en zijn Gemeente. Tweede druk. Kampen : Kok. pp. 11-55.)

VISSER, J. 1999. Die Kerkorde in Praktyk. Roodepoort : EFJS Drukkers.

VISSER, L.L.J. 1978. Die charismata. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

VORSTER, J.D. ? Die beroepstelsel. Pretoria : N.G. Kerk Uitgewers.

VORSTER, J.M. 1999. An Introduction to Reformed Church Polity. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VORSTER, N. 1999. Kerk en Owerheid binne 'n Regstaat. Die roeping van die kerk met betrekking tot die Suid-Afrikaanse Owerheid. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.M.-Verhandeling.)

WALKER, W. 1893. The creeds and platforms of congregasionalism. New York : Charles Scriber's Sons.

WIECHERS, M. 1984. Administratiefreg. Tweede Uitgawe. Durban : Butterworth.

## HOFSAKE

*Burgers vs Du Plessis and others.* 1866. 1 Roscoe.

*De Waal vs Van der Horst.* 1918. TPD.

*Du Plessis vs The Synod of the Dutch Reformed Church.* 1930. CPD.

*Dutch Reformed Church, Van Wijks Vlei vs Registar of deeds.* 1918. CPD.

*Loedolff and Smuts vs Robertson and others. 1863. Searle 128.*

*Long vs Bishop of Cape Town.* 1863. 4 Searle.

*Louvis e.a. vs Oikonomos e.a.* 1917. TPA.

*Theron vs Ring van Wellington, NG Sendingkerk in SA.* 1976. 2 SA 1(A).

*Venter e.a. vs Den Kerkraad der Gereformeerde kerk te Bethulie.* 1879. OVS.

*Schreuder vs Nederduitse-Gereformeerde Kerk Wilgespruit & others.* 1999. 20 ILJ 1936.

**WETTE**

Constitution of the Republic of South Africa as adopted by the Constitutional Assembly on 8 May 1996 and as amended on 11 October 1996.

Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet 66 van 1995.

Wet op Gelyke Indiensneming, Wet 55 van 1998 1(1).